

Die Voorgeskiedenis van die Republiek Lydenburg,

Deur

Andries Petrus van der Merwe.

voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die

Graad van M.A. (Geschiednis)

in die Fakulteit van Lettere en Wysbegeerte.

Universiteit van Pretoria,

15 Augustus 1940.

I N H O U D.

Aantekeninge Bladsy.
... .. II

Hoofstuk:

I.	Potgieter raak bekend met die Noorde van Transvaal.	1.
II.	Die trek na Ohrigstad.	17.
III.	Die Regering te Ohrigstad.	28.
IV.	Dubbel-Regering in Ohrigstad.	42.
V.	Die Stigting van Lydenburg.	63.
VI.	Vereniging en Afskeiding.	70.
	Lys van geraadpleegde Bronne en Werke.	III.
	Bylae I. Portrette.	VI.
	Bylae II. Begrafnislyst van G.S. Maré.	VIII.
	Bylae III. Herinneringe van Andries Ngoanemusoa.	IX.
	Bylae IV. Geraadpleegde Deponente.	XII.

---oO---

II.

AANTEKENINGE.

I. Plase en Paaie:

Ons het baie myle in die distrik afgery om persoonlik die trekpaai te besigtig, en wat ons hier gee word, behalwe deur die aangehaalde bronne, ook deur eie ondervinding gestaaf. Die rondtrek in die distrik het ons nagegaan en waar moontlik die naam van die plaas ook aangegee waar die persoon gewoon het. Die mag soms, oppervlakkig beskou, waardeloos en niksbeduidend lyk, tog beskou ons dit van baie belang, en het ons baie moeite gedoen om die gegewens in te win. Daardeur kry ons 'n begrip van die uitgestrektheid van die gebied en van die neiging om van weonplek te verander; ook sien ons die Voortrekkers wat uitsluitlik 'n landelike bevolking was, en vir wie die plaas alles was, in die regte historiese, ekonomiese en sosiale perspektief te sien.

II. Herinneringe van S. W. Burger (enuitgegee.)

Hierdie aantekeninge van Schalk W. Burger is 'n paar jaar voor sy dood gemaak deur sy kleinseun Frans van Niekerk van Graskop, en deur wyle J. J. Joubert van Belfast; goedgunstiglik is die oorspronklike aantekeninge aan my geleen om afskrifte daarvan te maak.

III. Portrette.

Die oorspronklike portrette, soos in Bylae I geplaas, is van die volgende persone verkry, aan wie ek baie dank verskuldig is:

- a. Portrette van Bührmann en C. Potgieter van Mnr.C.Potgieter, Kleinkind, Machadodorp.
- b. do. Jacob de Vlercq, Snr. en Jnr. van Mev.N.Smit, Agter-kleinkind en kleinkind, Carolina.
- c. do Willem F. Joubert en Meester Hendrikse van Mnr.David Joubert van Dcornkop, Kleinkind.
- d. do Tobias Kruger van Mnr.Kasper Kruger van Driekop, jongste seun.

IV. afkortings:

Die volgende afkortings word gebruik:

- a. Volksraadsnotule (Evr. 2 en 4.)
- b. Voortrekker-Argiefstukke (V.T.A.) 1829-1849.
- c. Staatsekretaris (R.)
- d. Engelbrecht, Bylae (Dr.S.P.Engelbrecht, Gesk. van die Ned. Herv. Kerk van Afrika, Deel I, -1920,) anders is dit voluit aangehaal.
- e. Dagboek van Louis Trichardt, (Dagboek.)
- f. Voortrekkermense dele I tot IV, (Vm. I-IV.)
- g. Sien verder lys van geraadpleegde bronne. Waar meer as een keer na 'n boek verwys word gee ons net die naam van die boek.

V. Bylae.

Die herinneringe wat ons hier gee, het ons aan die geskiedenis getoets en is sover ons kan vasstel, juis.

Hoofstuk 1.

Potgieter raak bekend met die Noorde van Transvaal.

..."Die Groot Trek is volstrek nie gewees die ordelose, spontane uittoeg van onsamhangende bestanddele, in die gedaante van twistende voormanne, soos 't dikwols voorgestel word. Dit was inteeendeel, die gewenste resultaat van langdurige voorbereiding..." (1)

Hierdie voorbereiding het o.a. daaruit bestaan om ondersoekingskommissies in verskillende rigtings uit te stuur "om ons wêrelddeel te ondersoek, met die oog op die verkieslikste trekkoers vir 'n hele volk." (2)

In 1934 is in die geheim (3) drie geselskappe, of kommissies soos hierdie soort ekspedisies algemeen in daardie dae bekend was, uitgestuur om die land aan die anderkant van Grootrivier te ondersoek. (4)

Een van hierdie ondersoekingsgeselskappe, bestaande uit 21 persone, is onder aanvoering van Petrus Lafras Uys, begin 1934 deur Kafferland na Natal. (5) Cloete vertel dat, "The Dutch farmers quietly collected fourteen waggons, and a party headed by Piet Uys, Cobus Uys, Hans de Lange, Stephanus Maritz Gert Rudolph, started from Uitenhage in the beginning of the Year 1934 ...following nearly in the track by which Dr. Smith and his party explored this district..." (Natal) (6)

Natal het 'n baie gunstige indruk op die kommissie gemaak. Omtrent al die lede daarvan het dan ook later, in 1837 en '38 daarheen getrek. Toe die Uys-trek in die winter van 1837 by die ander Trekgeselskappe aankom, het hulle hul deel bygedra om Retief, wat tot nog toe van plan was om verder Noord te trek, (7) ..."oor te haal om die land in die rigting van Natal te verken, wat hulle verkiesliker beskou 't en waar 'n groot stuk grond oopgelê 't..." (8)

(1) G.S. Preller, Voortrekkermense, Dl.I, bl. 271.

b. Eric Walker, The Great Trek, bl. 106.

(2) Vm.I bl. 271.

(3)a) Willem Jurgens Pretorius, Vm.I, bl.271.

b) The Great Trek, bl.94.

(4) Willem Jurgens Pretorius in Vm.I, bl. 271.

(5) Herinneringe van Dirk Uys in Vm.I, bl. 275.

(6) Henry Cloete, in The History of the Great Boer Trek, bl. 72.

(7)a) ibid. ibid. bl. 95.

b) The Great Trek, bl. 139.

c) Herinneringe van Lourens de Klerk in Vm.I, bl. 220.

(8) G.S. Preller, Vm.I, bl.284 (Skrywe van J. Boshoff 17.8.1838)

'n Tweede geselskap is onder Johannes Andries Pretorius in 'n Noordwestelike rigting na Dorsland. (1) In hierdie geselskap was ook Jurgen Pretorius, wat 'n verslag van die reis opgestel het. Soos blyk uit die trekrioting, en soos vandag bekend is, het hierdie streek die Trekkers nie aangestaan nie. (2)

'n Derde kommissie onder bevel van Hendrik Scholtz, is deur die toe reeds bekende (3) Vrystaat, oor die vlaktes van Suidelike Transvaal, (4) tot in Soutpansberg, waar hulle die Buysvolk ontmoet. (5) Vir Scholtz, wat baie van die jag gehou het, moes die streek met sy groot verskeidenheid wildsoorte, baie aanloklik gewees het. Hierdie kommissie is oor die pad wat later gevolg is deur Trichardt; vandaar dat nóg die een nóg die ander die buitepote van die Matabeles, wat toe in die omtrek van die Magaliesberge gewoon het, op hulle pad teëgekóm het. (6)

Louis Trichardt, wat geruime tyd reeds buite die grense van die Kaapkolonie gewoon het, besluit, "nadat hy eers die Uys-kommissie en later die Scholtz-kommissie uitgehoor het, " (7) om op reis te gaan. Hy kies die pad en die rigting soos die kommissie beëindig het en probeer om naby die Portugese kuste te kom. (8) Nadat die twee trekke bymekaar aangesluit het is Trichardt en van Rensburg die Vaalrivier deur waar Elandspruit in hom inloop; daervandaan oor Suikerbosrand, effens wes van die teenswoordige Middelburg verby, deur Trichardts-poort.

(1) Vm. I. bl. 272.

(2) The Great Trek, bl. 96.

(3)a) The Great Trek, bl.89; b)Gardener, Sarel Celliers, bl. 14:

c) J.H. Malan, Die Opkoms van 'n Republiek. bl. 11-13; en d)

P.J.v.d.Merwe, Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot-Trek 1770-1877, bl. 279 en t.a.p.

(4) Toe reeds bekend uit verslae van Sendelinge, vgl. "The First White Families in the Transvaal" deur Sadler in The Outspan, 16 Februarie 1940.

(5) Vm.I, bl.272 en The Great Trek, bl. 111.

(6) G.E. Cory, The Rise of South Africa, Dl. IV, bl.12 en Dr. G.S. Preller, Dagboek van Louis Trichardt 1836-1838, Tweede Uitgaaf, 1938, bl. LXIV.

(Ons stem nie saam met Cory dat hulle doelloos voorgetrek het nie, vgl.bl.12.

(7) Vm.I, bl. 273.

(8) Dagboek, bl.LXXII en LXXXI en Dr. D.W. Kruger, Die Weg na die See, in Argief Jaarboek vir S.A. Geskiedenis, dl.1, 1938, bl.53.

3.

soos hy in daardie dae genoem is, Rhenosterpoort, (1) wes langs die Olifantsrivier af tot waar die Zebedelarivier in eersgeneemde loop en hiervandaan met die Zebedela op en deur Strydpoort. (2)

Potgieter, wat in verbinding was met Trichardt voor laasgenoemde se vertrek, was, nadat hy ook die verslag van die Scholtz-kommissie uitgehoor het, en volgens wat hom bekend was deur Engelse jagters, sendelinge en geweer-smokkelaars, (3) ewe-eens die mening toegedaan dat die Noorde van Transvaal, en nie Natal nie, die aangewese plek was vir 'n Boerenedorsetting, waar hulle ongehinderd, ver weg van die Engelse Regering, hulle self sou kom regeer en hul selfstandigheid handhaaf. (4) Hy was egter nie tevrede met die verslae van ander nie, en sou met die eerste geleentheid die streek self besoek en sy belofte aan Trichardt, nl. dat hy sou volg, nakom. (5) Trichardt het dan ook op sy beurt te Strydpoort gewag "op die agterste mense onder Potgieter van wie hy reeds wis dat hulle in aantog was." (6)

Nog voordat Trichardt kon uitspan aan die Zoutpan is Potgieter wat kort gelede aan die Sandrivier aangekom het, met 'n kommissie bestaande uit 12 man op 24 Mei 1836 op pad gegaan agter Trichardt aan. (7)

Dit was 'n betreklik eenvoudige taak vir Potgieter en sy geselskap om met hul twee perdewaens die opgetrapte pad van Trichardt en Van Rensburg met hul 18 waens en etlike duisende stuks vee oor die Hoëveld langs die Olifantsrivier af en deur Strydpoort te volg. Deur hierdie rigting te kies het Potgieter ook nie met die Matabeles in aanraking gekom nie... "The Zoutpansberg Kommissie trek of 1834, the Trichardt trek (April-Junie 1836) and Potgieter's own reconnaissance (Mei-Junie 1836) had moved across the Vaal well away to the East out of touch with the Matabeles.." (8)

-
- (1) Manfred Nathan, *The Voortrekkers of South Africa*, bl. 94.
 (2) *Dagboek*, bl. LXIV.
 (3) *ibid.* bl. LXIII.
 (4) *The Great Trek*, bl. 135 en 141.
 (5) Vgl. Dr. Carel Potgieter en N.H. Theunissen, *Hendrik Potgieter Kommandant-generaal*, bl. 31.
 (6) *Dagboek*, bl. LXV en *The Rise of S.A.*, bl. 13.
 (7) a) *Dagboek*, bl. 334:
 b) Vm. III, bl. 37, -Herinneringe van A.H. Potgieter.
 c) *ibid.* bl. 15, -Herinneringe van A.H. Potgieter, jnr.
 d) Sarel Celliers, bl. 16.
 e) Hendrik Potgieter, bl. 38.
 (8) *The Great Trek*, bl. 121.

4.

Hierdie kommissie het bestaan uit: die hoof-kommandant self, of soos hy toe nog genoem was, generaal A.H. Potgieter; Sarel Celliers wat later so 'n belangrike rol gespeel het, maar nie altyd by Potgieter gebly het nie; Roelof Janse van Vuuren, Lourens Janse van Vuuren, J.G.S.Bronkhorst, die skrywer van die dagverhaal, soos vervat in Trichardt se dagboek, en tot sy dood in Ohrigstad 'n troue volgeling van die Hoofkommandant; Abraham Swanepoel, Daniel Opperman Christiaan Liebenberg, Hendrik Nieuwenhuizen, Jan Robbertse, Adrian de Lange en Hermanus Potgieter, 'n jonger broer van die kommandant. (1)

Van Vaalrivier af is Hermanus Potgieter deur die Hoof-kommandant na die hoof-laer teruggestuur,..."om de achtergeblevenen langs 'n pad door de kommissie bepaald aan te voeren..." (2)

Hierdie kommissie het behalwe om met Trichardt in aanraking te kom, soos hy en Potgieter vroeër afgespreek het, ook nog ten doel gehad..."het inwinnen van allerlei inligtingen die de trekkers van nut konden zyn, zoals, i) over 't pad dat zy gaan moesten; ii) 't land dat zy nog door te trekken hadden; iii) de weidegronden die zy vinden zouden; iv) de kafferstammen die hun konden belemmeren, ens..." (5)

Hieruit blyk dan ook duidelik dat Potgieter, nog voor sy besoek aan Scutpansberg, reeds van plan was om nie in die Vrystaat te bly nie. Hy sluit wel 'n ooreenkoms met die opperhoof Makwana en ruil 'n stuk grond van die Barolong in die noordwestelike Vrystaat, maar dit moet meer beskou word as 'n daad van versigtigheid. Hy wou nie 'n onherroeplike stap doen nie. Na sy besoek aan Trichardt, wat hy in Scutpansberg aangetref het, (4) was hy, nadat hy allerhande belangrike gegowens ingewin het, en met Trichardt afgespreek het dat dié vir hom daar moes wag, vasbeslote om met sy trek noordwaarts te verskuif. (5) En met die voorneme is Potgieter en sy geselskap op 17 Augustus weer op dieselfde pad(1)

(1)a) Bronkhorst se verslag in Dagboek, bl.334.

b) Vm.III, bl.37 - Herinneringe van H.J.Potgieter

c) ibid.bl.15,- Herinneringe van A.H.Potgieter Jnr.

d) Hendrik Potgieter, bl.38.

(2)a) ibid bl.38 (vgl)

b) Vm. III, bl.40, - Herinneringe van H.J.Potgieter.

(3) ibid. bl.37, do

(4) Dagboek, bl.LXVI en t.a.p.

(5)a) Vgl. J.F.van Oordt, Paul Kruger en Opkomst van de Z.A.R. bl.28

b) Vm.III, bl. 16, - Herinneringe van A.H.Potgieter Jnr.

c) Dagboek,bl. 9 aantekening 2.

d) Hendrik Potgieter, bl. 81.

terug Vaalrivier toe, waar hulle op 2 September aankom. Hier verneem hulle van die Matabele-aanval en die moorde op verskeie van die Trekkers. Verwikkellinge het Potgieter egter hier in die Suide so besig gehou dat hy vir twee jaar nie in staat was om met Trichardt weer in aanraking te kom nie. Die Matabele-gevaar moes eers uit die weg geruim en allerlei konstitusionele vraagstukke gereël word. Op 16 Oktober 1836 vind die eerste groot geveg plaas tussen die Trekkers en die Matabeles te Vegkop. Potgieter was daar-mee nie tevrede nie en maak twee straf ekspedisies teen Silkaats wat die Matabele-gevaar heeltemal uit die Transvaal verwyder het. Nadat die Matabeles verdrywe was, vaardig Potgieter 'n proklamasie uit, 'n afskrif waarvan na die Kaapkolonie gestuur is en in 'n boodskap wat hy by monde die losgelate gevangenes aan Silkaats gestuur word verklaar dat.. "hy al die land in besit neem uit naam van die Voortrek, so ver as die lem van Silkaats regeer het.."

(2) "En dit betekende een groot stuk grond, want feitelyk omvatte het de geheele tegenwoordige Transvaal, de noordelyke hofte van den Oranje Vrystaat, en de geheele streek die thans Bechuanaland wordt genoemd.." (3)

Eers na die gevaar, om deur die Matabeles oorrampel te word uit die weg geruim was, kon Potgieter weer sy aandag aan die Noorde gee. Ten einde egter eers sy uitgeputte ammunisie-voorraad aan te vul vir gebeurlikhede op die noordwaartse reis, gaan hy af na Port Natal met ivoor en velle om benodighede te ruil. (4) Met die moorde te Bloukrans e.a. was Potgieter so nie met sy hele trek nie dan ten minste met 'n deel daarvan nog onder die berg aan die bo-end van die Toegelarivier. (5)

(1) Vgl. Hendrik Potgieter, bl. 41 (Dis gladnie duidelik hoe Dr.Potgieter kon beweer dat Potgieter deur Sjeuniespoort, deur Sekoenseland en oor Steenkampsberge is nie is-nie. Met die reeds afgematte diere was dit net soveel as wat hulle kon doen om reguit, met die bekende pad, die afstand in 16 dae af te lê wat hulle met die heenreis in 19 dae gedoen het. Hulle is ook nie deur Sjeuniespoort nie. Vgl. de Kock in Die Volkstem, Okt. 1938 en Vm. III,- Herinneringe van H.J. Potgieter, bl. 46. Potgieter ry na Strydpoort..As Trichardt dit nie kon waag daardeur nie sou Potgieter ook nie daar kon deur nie.)

(2)a) Vm. III, bl. 7,- Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter.

b) Vm. III, bl. 38,- Herinneringe van A.H. Potgieter Jnr.

(3) Paul Kruger en de opkomst van de Z.A.R., bl.38.

(4) Hendrik Potgieter, bl. 97.

(5)a) Vm.III, bl. 6,- Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter.

b) *ibid.* bl.24,- Herinneringe van A.H. Potgieter Jnr.

c) *ibid.* bl.46, - *do.* H.J. Potgieter.

d) Vm.III, bl. 92,- Herinneringe van I.J. Breytenbach.

e) Vgl. aantekeninge van Preller op aangehaalde bladsye.

Die benarde toestand van sy mede-Trekkers na die Zoeloe-moorde laat Potgieter besluit om met behulp van sy mense, ook van die Wes van die berg, te gaan help om die kaffers te straf. (1) In die begin van Maart is hy by die hoof-laer en rus saam met Uys 'n ekspedisie uit wat op 'n hopelose mislukking op die Italenierante uitloop. (2) Na hierdie gebeurtenis en die dood van Uys het Potgieter dit raadsaam geag om weer oor die berg te trek. Eers in Meimaand is hy weer in Winburg terug.

Dit was noual byna twee jaar dat Potgieter vir Trichardt belowe het dat hy hom by laasgenoemde in die Noorde sou voeg; maar deur die sameloop van omstandighede moes hy noodgedwonge vir Trichardt teleurstel.

Louis Trichardt was na 'n jaar se wag op sy beurt toe hy niks van Potgieter hoor nie, behalwe allerhande kaffergegerugte van die Matabele-moorde, (3) en bewus van die kaffergevare wat hom omring, genoodsaak om te verskuiwe na Delagoabaai. (4)

Eers in Julie 1838 het Potgieter die verlangde kans gekry en sy weg oop gesien om 'n kommissie na die noorde te lei. Die kommissie bestaande uit die Kommandant self, sy broer Hermanus en 'n Italianer, (5) volg dieselfde pad as die vorige Soutpansberg-kommissie nl. deur Rhenosterpoort, langs die Olifantsrivier af tot aan Strydpoort. (6) Hier verneem hulle van die Kaffers dat Trichardt reeds daar verby is.

Die kommissie volg Trichardt se spoor langs die Olifantsrivier af tot aan die voet van die berg. Daar verneem hulle weer van

-
- (1)a) Dit blyk duidlik dat Potgieter ook in Natal was: en met net 'n gedeelte van se trek kan ons ook redelik aanneem dat hy nie daarheen gegaan het om daar te woon nie. Vgl. Hendrik Potgieter, bl.97.
- b) Vgl. Vm. IV, bl.78 - Herinneringe van S.W. Burger.
- (2) E.G. Jansen, Die Voortrekkers in Natal, bl. 4, The Voortrekkers of South Africa, bl. 229. en Dagboek bl. LXXVIII.
- (3) Dr. G.S. Preller, Die Suiderstem 10 Des.1938.
- (4) D.J.J.de Villiers, Gedenk Uitgawe Die Huisgenoot, Desember 1938. " 'n Jaar ^{het} Trichardt in Soutpansberg gebly en op Potgieter gewag, maar as gevolg van die Matabele-aanvalle op sy mense kon Potgieter nie sy belofte gestand doen nie.."
- (5) Vm. III, bl. 47,- Herinneringe van H.J. Potgieter. (Dr. Potgieter praat in Hendrik Potgieter, bl.107 van 'n kommissie wat tot in Soutpansberg was, dog daarvoor kon ons geen bewys kry nie. Dis heeltemal moontlik dat Potgieter met hierdie terugreis tot oor die Steenkampsberge is. Vgl. Hendrik Potgieter bl. 41.)
- (6) Dis duidlik dat as hulle met die eerste reis van Soutpansberg af deur Sjeuniespoort gegaan het, hulle daarheen sou gery het en nie na Strydpoort nie.)

die kaffers dat hy reeds voor nuwejaar al die berg oor is en hulle was verplig om onverrigte sake om te draai. (1)

Weer terug in Natal het Potgieter sy oog gehou op die gebied benoorde die Vaal. Met Natal het hy nou klaar gehad. Alles het net afgehang van die uitslag van Trichardt se besoek aan die Baai; want Potgieter kon vasstel dat Trichardt daarheen moes wees.

Die moeilikhede wat die Natal-trekkers met die Zoeloes gehad het, het Potgieter laat besluit om nie weg te trek alvorens die gevaar vir goed uit die weg geruim is nie. Dit was immers ook van sy mense wat daar swaargekry het. In hulle opofferings en strewes was die Trekkers eensgesind, hoe hulle ook onderling oor leierskap, trekrigtings en ondergeskikte sakes mog verskil het. Die onderstroom van 'n stilswyende wolsprekendheid was die een gedagte. Ver van die Engelse Regering vir Vryheid en Rus; naby die see vir onafhanklikheid en handel.

Met die Zoeloe-nag gebreek in Desember 1838 en geen gevaar meer van daardie kant te vrees nie, het Potgieter besluit om nog eenkeer met 'n kommando in die begin van 1838 die Vaal oor te steek, „om Maselekatsse op te spore, die blykbaar weder begonnen was om zyne bendes op streeptochten uit te zenden“. (2)

Na die ekspedisie het Potgieter sy waens ingespan by Winburg en met sy trek verskuif na die Mooirivier. En langs die oevers van hierdie rivier stig hy in 1839 die eerste dorp ten Noorde van die Vaal en noem dit Potchefstroom. (3)

Andries Hendrik Potgieter was bestem om die stroek tussen die Vaal en Limpopo-riviere vir die witman bewoonbaar te maak, deur die Matabeles totaal te versnywe. Dit was sy aam om die onbekende met sy moontlikhede te ondersoek en vas te stel in hoeverre dit tot nut van sy mense kon wees. In Transvaal, waar ruim net soveel kaffers was as in Natal, is nie soveel Voortrekker-bloed as daar vergiet nie wat vir 'n groot deel toe te skrywe is aan die nugter

(1) Va. III, bl. 27, - Herinneringe van H. J. Potgieter.

(2) Paul Kruger bl. 47. (Paul Kruger sê, "In het begin van 1839 trok ik 13 jaar oud, in eigen persoon samen mee onder bestuur van Potgieter, Noordwaarts weder over de Vaal Rivier.")

(3) Vgl. Jenkins, The Story of Potchefstroom, bl. 7 en Badenhorst, Potchefstroom, bl. 9. Ons is geneigd om saam te stem met Stuart en die getuigenis van Paul Kruger dat die dorp in 1839 gestig is.)

8.

en praktiese Kaffer-politiek van Potgieter. So lank die Boere nog op trek was, nog in die gedurige vrees van deur die kaffers aangeval te word, geleef het; solank hulle as 't ware nog bedwelmd was deur die werklikheidsbesef van die verkreeë Vryheid, was daar nie 'n beter leier as Andries Potgieter nie. (1) En die juis hierdie soort en die mate van onderdanigheid wat hy in die trekjare gekry het, het hom verwend gemaak en dit vir hom bemoeilik om later die gesag van die Volksraad te erken.

Behalwe sy eie persoonlike reise na die binneland het Potgieter altyd gegewens probeer inwin van smouse en reisigers met wie hy skynbaar goed bevriend was. (2)

Van uit Potchefstroom het Potgieter nogmaals 'n ekspedisie gemaak teen 'n klompie kaffers, die oorblyfsels van die Matabelestam, wat hulle skuil gehou het in die omgewing van die teenswoordige Silkaatsnek. (3)

Met Port Natal in Boere-hande, waardeur 'n onafhanklike handel aangeknoop kon word, en met die treurige afloop van die Trichardt-trek, het Potgieter nie meer dieselfde behoefte gevoel om verder Noord te trek nie. Natal se hawe sou die Boere in staat stel om hulle ^{on-}Afhanklikheid te handhaaf. Vir die oomblik het dit tog gelyk of die Natal-gesindes reg was en nie hy nie. (4) Potchefstroom was nader aan Port Natal, die veld daarheen was gesond en daar was baie mense langs die pad. Saam met 'n Volksraad, wat die Krygsraad vervang het, regeer Potgieter die nedersetting vir 'n tydlang langs die Mooirivier. (5)

Die Natalse Raad nooi vir Potgieter uit.. "dat zy willen dat Hendr. Potgieter hem zal moeten begeven onder onze maatschappy.." (6).

-
- (1) F. Lion Cachet, *Worstelstryd der Transvalers* (derde Druk) bl. 112.
 - (2) Vgl. *Opkoms van 'n Republiek*, bl. 482. (John Macabe was in 1837 self tot aan die Limpoporivier.)
 - (3) Paul Kruger bl. 49 en Vm. III bl. 5, - Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter.
 - (4) Hy was van die begin daarop teë om Natal toe te trek, vgl. Badenhorst, *Potchefstroom*, bl. 5: (in 1840 onderwerp Potgieter hom aan die Natalse Raad en neem die eed van getrouheid. Wat seker genoeg bewys is dat hy hom met daardie politiek vereenselwig.)
 - (5) Vm. III, bl. 29, - Herinneringe van A.H. Potgieter Jnr.
 - (6) *Voortrekker Wetgewing*, bl. 27 en vgl. brief van H. Cloete aan Montagu van 4 Julie, 1843 in *Annals of Natal*, Bird, I bl. 201 en V. III bl. 30 Herinneringe van A.H. Potgieter Jnr.

5.

Potgieter willig in en word lid van die Natalse Raad. Die Raad van Potchefstroom word as Adjunk-raad van Potchefstroom erken, (1) met hierdie ooreenkoms is Natal en Transvaal onder een regering geplaas.

Hierdie federasie van die Boerestate sou die gewenste en noodsaaklike eenheid vir rus bring waardeur die Vryheid met sterkte kon geniet word. Potgieter besluit om selank die omstandighede dieselfde bly, wat vir 'n rukkie die geval skyn te gewees het, in die Suide van Transvaal te bly en hom daar te vestig.

In Maart 1842 kom die handelskip, die Brazilië, te Port Natal aan. Uitgerus in Nederland deur die Heer Ohrig en met die handelsware in die hande van J.A. Smellekamp het die koms van die skip en die belofte van die superkarga (2) die ontbering-verlamde emigrante met nuwe hoop vervul. Port Natal sou voldoende wees, 'n eie hawe vir 'n eie onafhanklikheid.

Die geluk was egter van korte duur. Toe die Engelse Natal binne trek onttrek Potgieter in Oktober 1842 die Adjunk-raad van Potchefstroom aan die Natalse Raad, met die hoop om as onafhanklike buite die anneksasie-bedrywighede van die Engelse te val en sy onafhanklikheid te bly behou. (3)

In 1843 is Natal deur England geannekseer en toe Smellekamp vir die tweede keer Port Natal aandoen in Mei 1843, was dit hom, 'n onderwyser en 'n predikant geweier te land. Nou word dit vir Potgieter nodig om 'n ander hawe te soek. Die gedagte dat hy tog van die begin af met die trek uit die Kolonie reg was, het hom nie laat aarsel om, ten spyte van Trichardt se mislukking, 'n uitkomst te soek van Delagoabaai se kant nie. (4)

Smellekamp het van Natal na Delagoabaai gegaan, en vandaar, nadat die Brazilië na Java is, per brief met behulp van die Zee-

(1) Voortrekker Wetgewing, bl.101 en Vm.III bl.7,- Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter asook Vm.III bl.52, - Herinneringe van H.J.Potgieter.

(2) The Voortrekkers of S.A., bl.306: Preller, Andries Pretorius, bl. en Theal, History of S.A., VI, bl.419.

(3) Voortrekker Wetgewing, bl.230,

(4) Nadat Potgieter met Natal verenig het en hy vandaar alles kon kry wat nodig was (sien bl.8) was daar geen rede waarom hy sou moete doen om die ongesonde Delagoabaai te bereik nie. Ek kon net soos Dr.Kruger, geen bewyse kry vir Potgieter se besoek aan die Baai in 1840 nie. Vgl.Hendrik Potgieter, bl.117.

opperhoof Panda, met die mense in Natal en Transvaal in verbinding gekom. Hy het c.a. die wens uitgespreek dat 'n kommissie na Delagoabaai gestuur moes word om hom te ontmoet. Hy meld verder dat hy die nodige grond van die Portugese gekry het vir die Emigrante; dat hy begerig was om handel te drywe en dat hy hulle na die binne-land sou vergesel. Hy sou 4 maande aan die Baai bly. (1)

Die Boere was deur die onsimpatieke houding van die Engelse Regering van Natal teenoor Smellekamp, wat vir hulle 'n predikant en 'n onderwyser saam gebring het, nog meer gedetermineerd om hom te gaan ontmoet. Dis nou vir hulle ook duidlik dat 'n ander hawe nodig is, 'n eie, of ten minste nie-Engelse hawe, as hulle 'n onafhanklike bestaan wil maak.

Dadelik na ontvangs van hierdie Smellekamp-berig is aanstalties gemaak om kommissies na Delagoabaai te stuur. Uit Natal is in Desember 1843 'n kommissie bestaande uit Prinsloo, Gert Rudolph, Coetzee en Bezuidenhout, te perd deur die ongesonde laeveld tot in die Baai. (2) Dit blyk asof J.J. Burger, Sekretaris van die Natalse Raad, wel met hierdie kommissie te doen gehad het; wat vir 'n groot mate sy optrede teenoor Potgieter in die onmiddellike jare daarna verklaar. (2a)

'n Tweede kommissie bestaande uit sowat 80 Winburgers, Potchefstromers en Magaliesbergers, is onder leiding van Karel Trichardt en onder bevel van Kommandant Moeke, landdros Vermeulen en Kommandant Potgieter met waens, teen die middel van Desember 1843 op pad gegaan na Delagoabaai. (3)

(1) Vm. III, bl.108,- Herinneringe van I.J. Breytenbach.

Bird, Annals of Natal, II, bl.308, Major Smith aan Montagu: 5 Nov.1843.

ibid. bl. 306. Cloete aan Montagu: "the late intelligence communicated to them by Smellekamp that he arrived at D.Bay and that the clergyman was there ready to come to the emigrants.. T 3 Nov. 1843."

Johan Arnau'd Smellekamp was full of enthusiasm for the cause of the emigrants, gifted with a fair share of ability and an unusual amount of perseverance.. Theal, H.of S.A., VI, bl. 419.

(2a)a)Vm. IV bl.68. -Herinneringe van Schalk Burger.

b) Vm.III, bl. 109, - Herinneringe van I.J. Breytenbach.

(2a) Vgl.Vm. IV bl. 84,- Herinneringe van S.W.Burger.

(3) a. Bird, II, bl.414, Maitland aan Stanley. 14 Aug.1844.

b. ibid. bl. 363, Cloete aan Smith, 28 Julie 1844.

c. Vm.II, bl.22, - Herinneringe van Karel Trichardt.

d. Em. III, bl. 7, - Herinneringe van W.J.Potgieter,

e. ibid. bl.30, - Herinneringe van A.H.Potgieter Jnr.

Potgieter en meer van sy mense het die pad langs die Olifantsrivier af geken tot onderkant die plek waar die Elandsrivier in hom loop en sou dieselfde bekende weg Baai-toe vat.(1)

Met 16 waens is die kommissie deur Rhenosterpoort en langs die rivier af, maar inplaas van links weg te swaai na Strydpoort se kant, soos die vorige kere, draai hulle regs en wou die rivier deur Êrens in die buurt van Krokodilkop. As gevolg van die oorvloedige reëns was die rivier egter hier ondeurgaanbaar en was die kommissie verplig, na 'n versuim van 14 dae, om om te draai. Hul diere is deur die Tsetsevlieg aangeval en hulle self het koors gekry. Baie teleurgestel moes hulle maar hoop dat Smellekamp nog in die Winter in die Baai sou wees en dan sou hulle weer die reis hervat.(2)

Cloete skrywe dat .."they appeared to have taken a Northerly route, and after encountering many difficulties were stopped for some time by large rivers and imperious country where their cattle were destroyed by a species of bee or wasp.."(3)

So lank as wat die kommissie moes wag op 'n geleentheid om die reis te vervat, het Potgieter die Burger-raad, wat die Adjunk-raad in 1842 vervang het, besiggehou met die opstel van die bekende Drie-en-Dertig Artikels, en aandagvereisende konstitusionele vraagstukke gereël. (4)

Teen die einde van Mei 1844 is die kommissie, bestaande uit 50 man onder leiding van Potgieter, Mecke en landdros Vermeulen weer op pad, vasbeslote om die Baai te bereik. (5) Dieselfde pad as wat die Desember-kommissie gevat het volg hulle en is die

Olifantsrivier deur te Kommissiedrif net onderkant Rooibokkop. Hier-

-
- (1) Behalwe dat Trichardt en Van Rensburg oor die pad is, was Potgieter self tweekeer daarvoor in 1836 en 1838. Sien bl.4 en 6.
- (2)a. Worstelstryd bl.292.
 b. Bird, II, Cloete II, Febr.1844.
 (Hier is die rivier groot en as dit vol is ondeurgaanbaar vir waens. Wat meer is hy loop nie gou af nie. So haastig as wat die mense was om Smellekamp te sien sou hulle enige ander moontlike plan beraam het om deur te kom: hulle sou selfs bo-om getrek het as hulle in die Hoëveld deur is soos Dr. Potgieter beweer, vgl. Hendrik Potgieter, bl.117. Op die Hoëveld sou die mense nie koors gekry het nie en was daar ook nie Tsetsevlië om hulle vee te steek nie.
- c. Mansvelt.. "maar de tsetse('n giftige vlieg doodde hun trekvee en zy waren verplicht terug te keren.."
- (3) Bird, Annals of Natal II, bl.363, par.8.
- (4) a. Eybers, Select Constitutional Documents, bl.349.
 b. D.W. Kruger, Andries Potgieter, in Die Huisgenoot, 11, 12. 36.
 c. Dr. D.W. Kruger, Die Weg na die See, bl.1 91.
- (5)a. Vm.III, bl. 30,- Herinneringe van A.H. Potgieter Jnr.
 b. Vm.III, bl. 7, - do do en W.J.Potgieter.
 c. Worstelstryd, bl. 297.

vandaan is die trek in 'n Oostelike rigting oor Magneetshoogte.

Met pad-soek, bomo-wegkap en pad-maak het dit maar stadig gegaan en is baie tyd verkwis. In koorsige haas is die geselskap van Magneetshoogte deur die Steelpoort, Joubertshoogte uit; toe swaai hulle links weg en gaan oor Kaspersnek, so genoem na Casper Kruger wat die pad hier ontdek het; dis omtrent die enigste plek in die buurt waar waens sonder groot moeite en tydverspilling kon uitkom. (1)

Ongeveer 'n 15 myl verder, waar later die uitspanning aan Treurrivier was, op die plaas Ledouphine, was die kommissie verplig om te splits. Dit sou te veel tyd neem vir die reeds oor-haastige mense om met die waens die berg af te sukkel, en toe is besluit dat die helfte moes agterbly en na die waens en trekke kyk, terwyl 29 man onder Potgieter, Mocke en Vermeulen te perd verder sou gaan. (2) Die perde-ekspedisie is Kowymspas af in die rigting van Pretoriuskop. Dis ook heel moontlik dat hulle van Joa Albassini, wat toentertyd aan die Sabie gewoon het, hulp gekry het. (3)

Volgens vae berekening kon die kommissie die afstand van 180 myl in 16 dae aflê, wat dan ook redelik onder gewone omstandighede sou wees, en wat sou meen dat hulle oor 'n maand terug verwag kon word.

Die kommissie het die Baai bereik en Smellekamp, ^{het dadelik} besigheidsman soos hy was, sy planne omtrent handel en grond voor die afgevaardigdes gelê.

Op 22 Julie 1844 is met behulp van Smellekamp, wat as tolk gedien het, 'n ooreenkoms met die Portugese Goewerneur aangeaan, waarin bepaal is waar die Boere hulle kon vestig en wat van hulle

-
- (1) Worstelstryd, bl.294. (In later jare het die Z.A.R. hierdie pad oor Kaspersnek laat maak. Die ou moet is nog duidelik te sien: 'n tipiese manier van padmaak van die Voortrekkers, nl. deur die klippe na weerskante toe uit te gooi. Die pad deur Middelburg en Machadodorp, soos Dr. Potgieter beweer op bl. 117 van Hendrik Potgieter skyn my denkbeeldig te wees. Dis tog te verwag dat hulle die pad sou vat wat hulle ten minste gedeeltelik geken het. Hulle sou nadat hulle Machadodorp verby was nooit so vër Noord geslinger het as Kaspersnek nie, terwyl daar in die buurt etlike makliker plekke was om oor te trek, as selfs Kaspersnek. Sien verder bl.4,6 en 20.)
- (2) 21 Man het hier agter gebly. Vgl. Die Weg na die See, bl.28. Die plaas Ledouphine is aangeteken deur Jacob Villiers wat daar dood is in 1847. Sy graf is nog te sien. Hy was die grootvader van die vrou van Genl. Schalk Burger.)
- (3) Harry Klein in Die Wit Opperhoof van die Sjangaans, Die Prandwag van 8 Julie 1938. (Albassini het toentertyd gewoon net bokant waar Skukuza vandag is, en waar die ou murasie nou te sien is. Sy beeste het hy in die omtrek van Pretoriuskop laat wei.)

verwag sou word. Die ooreenkoms, onderteken deur Potgieter, Mocke, Casper Kruger, P.S. Strydom, F. Dupre en Vermeulen en goedgekeur deur die Goewerneur, bepaal dat die Boere hulle in die binneland agter die hawe, tussen die 10de en 26ste breedtegrado en "vier dagreizens" van die Baai af kon vestig. Die Boere sou nie van die kaffers in Portugeese gebied in hul diens neem nie, en onderneem "om zoo rustig moogelyk met de inlandsche bevolking" te leef. Die Goewerneur belowe om van sy kant alles te doen om hulle te help. Hulle sou mekaar wederkerig hulp en bystand verleen al na gelang van omstandighede. (1)

Smellekamp, bewus van die bestaan van die "Cape of Good Hope Punishment Act", raai die Boere aan om hulle ten noorde van die 26ste graad Suiderbreedte en nader aan die kus te vestig, sodat hulle buite die Britse invloedssfeer sou raak. Hy raai hulle aan om 'n pad na die Baai te maak, terwyl hy weer op sy beurt 'n skip met handelware hierheen sou probeer kry. (2)

Tcegerus met die skoonste vooruitsigte om met Holland die sonddige handels-en geestelike verbinding aan te gaan, keer Potgieter met sy geselskap terug na die agtergelatenes op die berg. Die agtergeblewenes het weer op hul beurt, toe hulle niks van die Baai-gangers verneem nie, moed opgegee en gemeen dat hulle dieselfde lot as Van Rensburg ondergaan het, die rivier gedoop met die naam Treurrivier, die waens ingespan en 10 myl verder aan 'n bergstroom uitgespan, waar hulle deur laasgenoemdes ingehaal is. Van blydschap oor die dankbare weersien, noem hulle die stroom Blyderivier. (3)

Hiervaandaan is die geselskap sonder ophoud weer oor Kaspersnek en op dieselfde pad waarmee hulle gekom het, terug na Potchefstroom.

Potgieter het sy oë oopgehou vir 'n geskikte plek waar hy en sy mense hulle sou kon vestig. Behalwe nog dat Smellekamp hom

(1) Die Weg na die See, bl. 92.

(2) ibid. bl.93

(3) a. Worstelstryd, bl. 296.

b. Ds. Worst, Die gemeente Lydenburg na 75 jaar.

c. Vm. III, bl.7,-Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter.

14.

aangeraai het om verder te trek, het die ou begeerte om verder weg te kom van die Britsegrense na die anneksasie van Natal, weer ontbrand. Hy het oortuig geraak dat hy reg was in die begin om die afstand tussen die Boere en Engelse so groot as moontlik te maak as eersgenoemde hulle Vryheid wou behou. (1)

Die geskikte plek vir 'n neersetting was vir Potgieter 'n onbewoonde, water en bosryke vallei ongeveer 'n dag reis wes van Kaspersnek af. Hier sou hy nie alleen ver weg van die Engelse wees nie, maar ^{hier} sou hulle ook nader aan die Baai wees, wat met 'n pad oor die berg maklik bereikbaar sou wees; die streek self was onbewoond en geen sterk kafferstamme is in die omgewing aangetref nie. (2) Die Swasies en Zoeloes het die kleiner Kapteinskappies in die berge gehou. (3) Wes van die Steelpoort was die Bapedi onder Sekwati; suid van die Komati was die fraaiings van die Swasie-mag; en in die berge ten koste van Kaspersnek was daar die verbrokkelde Kapteinskappe van Kaalkaffers, Knopneuse en Mapoelaners, met verder na die Laeveld Mannikoos met sy Zoeloes en oorblyfsels van Sjangaan en Knopneuse. (4)

Met geen spore van 'n sterk kafferstam of van verlate kafferkrake in die onmiddellike omgewing van die gekose terrein nie, kon Potgieter maklik vasstel dat dit buite die invloedssfeer van die sterkstamme moes wees, en dat van daardie kant geen onnodige laste vrees sou wees nie.

Die Matabeles wat die suidelike deel van die gebied geplunder en beroof het, is deur Potgieter self verdrywe. Vanuit die omgewing van Badfontein is die Koni ('n Zoeloe-tak) wat in

(1) Vgl. Die Weg na die See, bl. 93.

(2) Agar-Hamilton, Native Policy of the Voortrekkers, bl.55.

(3)a) *ibid.* bl.55.

b) Deponent J.H. Breytenbach.. "Die koppie op die plaas Nooitgedacht van J.J. Burger het wit gelê van Kafferkopbene.."

c) D.R. Hunt, Bantu Studies, Vol.V No.4, bl.286.

d) Deponent Jacob Kruger.. "Ek onthou goed dat die Voortrekkers van uit Ohrigstad 'n ekspedisie gemaak het teen die mensvreterers in die berge ten Noord-Ooste van Pelgrims Rust.

(4) .. "Die Streek ten Oosten en Suidoosten van Olifantsrivier waren de inwoners verdreven en uitgeroeid door dien tak van de Zulu's welke zich onder Sapoesa had nedergezet langs de bergketen van de Drakensgebergte en in het Vallei tusschen het Drakensgebergte en de Lebombo door de Amaswasie.." De Volkstem 11 Nov. 1876.

'n 150 jaar gelde van hul groot stad te Dalmanutha deur die Swasie verdrywe/^{is,} in 1826 deur Moselekatse in 'n westelike rigting verjaag ... (1) Na die gevare 'n bietjie oor was, het hulle gedeeltelik teruggetrek na hul ou woonstede. (2)

Die gekose terrein was oortrek met wild; want die Matabeles het die ander volk hier verjaag en self nie in die gebied gewoon nie. .."News came through to the Bapedi on the Steelpoort that Makopole and the Bakoni had been attacked by the Matabeles, that Makopole had been killed and the Bakoni slaughtered except for scattered remnants.." (3)

Die Matabele was egter nie hiermee tevrede nie. Hulle is verder noord.."The main body of these invaders was advancing towards the Bapedi headquarters through the country between the Dwarsrivier and the Waterval Valleys.." (4)

Te Olifantspoortjie is 'n hele Bapedi-regiment waarby al die seuns van Tulare, behalwe Sekwati, deur die Matabeles vermoor ...

"The Matabeles settled down on both sides of the Steelpoort laying waste the whole country of cattle and goats they captured. Moselekatse remained for one year, by which time he had completely denuded the country of all stock and grain ...after he had passed on to Western Transvaal came the awful time of cannibals..cannibalism first began among the starving remnants of the older tribes hiding in the Ohrigstad hills but soon spread to the Lulu as well...Sekwati fled from the Matabele with a goodly portion of the tribe who escaped the slaughtering assegais of Moselekatse's impi...He crossed the Olifants river at Mphahlela's, thence went onwards into the Zoutpansberg...eventually after four years of wandering life Sekwati decided to return to Sekukuniland..." (5)

Omstreeks 1830, dan, na Sekwati se terugkoms, het die opkomende Bapedi-stam die ander klein stammetjies weer op hul beurt begin inlyf. Marangrang, die Koni-leier wat te Waterval gewoon het, is deur Sekwati oorkant die Steelpoort in 'n hinderlaag gelek en verwoes. "Hiervandaan is die Koni regeer deur die huis van Maruteng." (Die koninklike huis van die Bapedi.) (6)

-
- (1) Bantu Studies, Vol. V. No.4, bl. 285. en C.W.Prinsloo, Klank en Vormleer van Sekoeni, (onuitgegeef) bl. 11.
 (2) Klank en Vormleer van Sekoeni, bl. 12.
 (3) Bantu Studies, bl. 285.
 (4) ibid. bl.285
 (5) ibid. bl.286 en 287.
 (6) Klank en Vormleer van Sekoeni. bl. 13.

Met die slag van Olifantspoortjie het Moselekatse die Bapedi se gesag vir ten minste vier jaar in die Oostelike Transvaal beëindig. Hul stam was verbrokkel, hul kraal verband en die volk in alle rigtings verdrywe. (1)

Met die terugkoms van Sekwati was dit vir hom nodig om sy stam weer op te bou. Behalwe dat hy die swakkere omliggende stammetjies by syne ingelyf het, was dit ook vir hom nodig om die vrede met die groteres te bewaar.

.. "Sekwati understood how to preserve peace which was so necessary to recruit strength, without showing fight when required. While he (Sekwati) was residing near Phiring he had to go through several wars at first with the Swazies. A few years later he was attacked by the Zulus whom he repelled.. (2)

Vir etlike jare dan was die gebied wat bekend is as Sekoeni-land uit die hande van die Bapedi en dit was eers nadat die Voortrekkers die Matabeles se mag vir goed gebreek het dat hulle hier, sonder vrees van aangeval te word, hul stam kon opbou.

En deur hierdie gebied vir hul nedersetting te kies, moes die Beere noodwendig die bure word van 'n opkomende kafferstam, uitgelate na langdurige swaarkry, onder 'n gesloep en populêre opperhoof, Sekwati, wat alle pogings aangewend het om sy stam te konsolideer, en wat vir Petgieter en die Volksraad baie hoofbrekens sou besorg en menige families in armcede en ellende dompel. (3)

-
- (1) Short History of the Native Tribes of the Transvaal, by Transvaal Native Affairs Department, bl. 31.
(2) ibid. bl. 32.
(3) Vgl. Bantu Studies, bl. 289: Evr. 2, bl. 88: Evr. 2, bl. 160: Evr. 4, bl. 62, 67 en t.a.p.

Hoofstuk II.DIE TREK NA OHRIGSTAD.

Nadat die Engelse Natal in 1843 as Britse kolonie annekseer het, het Potgieter hom heeltemal onttrek aan Natal. Dadelik het hy kommissaris Cloete in kennis gestel dat hy/sy ^{em} volgelinge hulle nie verbind ag deur die onderwerping van die Natalse Volksraad aan haar Majesteit se gesag nie en op 30 Oktober '43 skrywe hy "en my als vrye geboren hoopen ook onafhanklyk en vry ons eie saaken te besteieren." (1)

Hierdie ondubbelsinnige en sobere verklaring van Potgieter was van besonder baie betekenis vir die latere gang van sake in die Transvaal. "Dit is die groot betekenis van die Voortrekkers

in Transvaal dat hulle 'n uitgestrekte gebied onafhanklik gehou het. Die feit dat alle Trekker gebied nie in 1843 annekseer is nie, het die Konvensie van Zandrivier in 1852 meer moontlik gemaak." (2)

Toe Potgieter sien waarheen sake gaan en die teken van die tyd lees, het hy die handskrif teen die muur verstaan en die Adjunkraad twee briewe laat skrywe Natal-toe waarin uiting gegee word aan "hun ongenoege dat zy onderworpen zyn aan de Raad van Pieter Mauritz Burg." (3)

Potgieter het altyd geglo dat vir Vryheid en rus die afstand tussen die Emigrante en die Engelse so groot as moontlik moet wees; of soos F. Lion Cachet dit so raak sê, "Potgieter begeerde niets van de Engelsen- geen gunsten, geen concessies, geen tractaten, - niets dan hoegenaamd niet met hen in aanraking te komen."

Gedwing deur omstandighede moes Potgieter van sy oorspronklike plan van 1836, om nog verder Noord te trek tydelik afsien. In 1844 egter kry Potgieter weer die geleentheid om hom te beywer ter bereiking van sy groot lewensideaal.. "Ik wil my onder

-
- (1) D.W. Kruger, Andries Potgieter, Die Huisgenoot, 11.12.36.
 - (2) Prof. Dr. I.D. Bosman., "Die Voortrekkers in Transvaal," in Die Volksblad, 24 April, 1937.
 - (3) Voortrekker Wetgewing, bl. 230.
 - (4) Worstelstryd, bl. 293.

18.

geen Brit, nog onder geen ander moegenheid in de wereld onderwerpe en rechtvaardigheid...en wil altoos liever 10 trede voorwaarts gaan, dan 1 agteruit. (1)

Waar gebeurtenisse Potgieter in die begin toe gegaan het, daar werk dit van 1843 af saam om sy begeerte na die "10 trede voorwaarts" te verwesenlik. Die Engelse in Natal het alle kanse vir 'n onafhanklike hawe gesluit en die Trekkers vir die doel noordwaarts gedwing; die Pottugese was bereid om grond en hawefasiliteite af te staan; en Smellekamp het die hoop op 'n onafhanklike handel lewendig gehou. Ten noorde van die 25ste S.B. gpaad sou hulle ten minste van die Engelse vir goed ontslae wees. (2)

Potgieter se seun Hermanus sê dan ook..."by Potgieter

was reeds lang het plan gerypt, om voor 't land door hem zyn mannen ter woonplaats gekozen, 'n open verbinding met de zee te hebben.. Van Natal had men te dien opzichte niets meer te hopen, dus moest men voor dat deel 't oog op Portugal vestigen... 'n Haven aan de kust van Delagabaai was Potgieter's verlangen en met 't oog daarop kwam Potchefstroom hem minder geskikt voor om de blyvende zetel van de regering des lands te worden.. te ver binnelands gelegen en te ver van de zee verwyderd.." (3)

Potgieter was 'n versigtige man en wou nie sonaar trek alverens hy nie meer sekerheid omtrent die landstreek daar en die handel verkry het nie. Smellekamp is ontmoet en Potgieter het hom 'n besonder aangerame persoonlikheid gevind. Hy was 'n man wat besonder goed kon praat en het die kuns verstaan, deur sy optimisme angevuur, om 'n atmosfeer te skep waarin selfs die begeertes, ideale en behoeftes van die Boere verwesenlik sou word

"Die Hollander was 'n man uit die wye wereld daarbuite met 'n breër kyk op dinge. In buitendien was hy 'n vriend wat goeie raad kon verskaf." (4)

Van die raad van Smellekamp om "liever wat Noordelyk te trekken en dichter by Delagabaai." hulle te vestig sou

- (1) Voortrekker Argiefstukke R84/41 Potgieter aan Pretorius.
- (2) Vm. Dl. III, bl. 108 - Herinneringe van I.J.Breytenbach.
- (3) a. Vm. Dl. III, bl. 53 - Herinneringe van H.J.Potgieter Jnr.
b. Theal, History of S.A. Dl.6, bl. 504.
- (4) Andriess Pretorius, bl.130.

19.

Potgieter geredelik gebruik maak. (1)

Teen die einde van Augustus kom Potgieter op Magaliesberg terug. Die Portugese ooreenkoms in sy sak, en die wyse raad van Smellekamp in sy hart, het weer hoop in die lewe gebring. Die hawe daar was goed en die streek daarheen geval hom.

Met die terugreis het Potgieter die streek goed bekijk en besluit waar om die neersetting te stig. Daar was hier in die Suide nog baie te doen vir hom, en deur die les wat hulle die vorige jaar geleer het sou hulle dit nie weer waag om in die Somer oor die pad te trek nie.

Verskeie sakies besuide die Vaal moes nog eers gereël word. So vind ons hom in Desember te Philipolis, besig om 'n skikking met Adam Kok te probeer trek. (2)

Winburg sou net soos Potchefstroom, nog aan Potgieter se gemeenskap behoort, soos bekend gemaak na die verdrywing van Silkaats; elkeen sou sy eie landdros hê wat verantwoordelik sou wees vir die plaaslike bestuur en orde. Niemand sou geëwing word om saam te trek nie, "doch wie zich by den trek aansloot en gronden in het nieuwe land dat men ging bewonen was verplicht, daar te blyven, tot het district voldoende bewoond was.." (3) 'n Besluit wat al gou verkrag sou word. Alle eiendom wat agtergelaat is, het die Trekkers bly behou.

Al is die regeringsetel verplaas sou.."het land een blyven, aan een volk behoorende, en onder een regering.." (4)

Vir Potgieter het dit geen verskil gemaak of die mense saamtrek of nie; dit sou nog sy mense wees wie se belange hy altyd sou bly behartig.

Op 6 Mei, die vooraand van die verhuising na Ohrigstad, het 114 man vir 'n vergadering op Potchefstroom bymekaar gekom en die ingewing gekry om op ondubbelsinnige wyse Potgieter se

(1) a. Worstelstryd, bl.298.

b. Vgl.De Hollandsehe Afrikanen bl. 180.

(2) Theal, History of S.A., Dl., VI, bl.487.

(3) Worstelstryd, bl. 299.

(4)a. ibid. bl.299.

b. Vgl. The Great Trek, bl. 333.

dienste te orken, hulle gee hom nl. 'n lewenslange stem ⁱⁿ op die Raad, wat hulle moes bestuur en waarvoor hulle van tyd tot tyd manne sou kies, om saam met hom hulle belange te behartig. Potgieter word verder verkies..." nu en voortaan zoo lange het

blyken zal te doen gelyk hy tot heeden toe gedaan heeft, als onsen hoofd Commandant en bestierder om onse saken te bewerkstellig.." (1)

Die vergadering bepaal verder dat, "alle andere commandanten dien van elders komen onder ons maatschappy sig zullen moeten onderwerpen."

Hierdie besluite word geneem, soos hulle gesê het, "om alle ongelikken te vooren komen dien anderzint daaruit gebooren worden, gelyk de voorige gebeurtenissen ons genoeg geleerd heê." Dis duidelik dat die vergadering hierdie besluite geneem het op inisiatief van Potgieter, in gedagte houdende die miskenning wat hom te beurt geval het by Vetrivier; en verder na aanleiding van wat uit Natal verneem is dat Pretorius ook van plan was om na die noorde te verskuiwe. Hierdie besluite was niks anders as 'n voorsorgmaatreël waarder Potgieter self wou verseker dat sy gesag en sy dienste nie weer, soos in die verlede, misken sou word nie. Die vergadering het genoegsaam vertrouwe gehad in hul hoof-kommandant om hom 'n vrye hand te laat in hul regeringsake, g'n ander .."wie hy ook syn mag, zal geen heerschappy over ons moge gebruiken.." (2)

Die vergadering bind hulleself onderling deur 'n band van liefde en getrouheid aan mekaar. Van hierdie 114 man het slegs sowat 36 dadelik na Ohrigstad toe getrek; 'n paar het nog agterna gekom. Dis opmerklik dat Jacobus J.Burger, die vroeëre Sekretaris van die Natalse Volksraad, wat toe reeds in die omgewing van die teenswoordige Pretoria gewoon het, op die vergadering teenwoordig was en die besluite saam met 'n paar ander Natallers, onderteken het. (4)

(1) Voortrekker Argiefstukke R.108/45

(2) *ibid.*

(3) 'n Noukeurige vergelyking van die naamtekenige op R.108/45 en R 109/45, V.T.A. bl. 183 en 187.

(4) V.T.A. bl.183 (o.a.J.J.Burger, C.van Breda, C.S.Erasmus en M.J.deBeer.

Hierdie besluite sou later met nog meer beklemtoning van Potgieter se dienste en erkenning daarvoor, herhaal word. 'n Afskrif daarvan is "na agter-toe" gestuur en deur die "Engelse autoriteite te Graaff-Reinet vertaal, aangeteken en gewaarmerk geword." (1)

Potchefstroom agterlatende in die hande van landdros J.H. Visage, is Potgieter andermaal op reis gegaan na die nuwe oord. Verskeie greepies, en veral groepies van die Natallers en Winburgers is op die voorpunt. Dit skyn of die klompie Natallers onder leiding van Frans Joubert en Kootjie Burger haastig was, na hulle verseker was van Potgieter se voornemens, om eerste hulle tenpene in die ruwe tuite in te slaan.

Soos wel te begrype was het die Trek dieselfde roete gevolg as wat die kommissie die jaar van te vore gevolg het. Die mense van Pretoria se kant het presies weer die pad gevolg, d.w.s. oor Rhenesterpoort (Trichardtspoort) en langs die Olifantsrivier af tot by Kommissiedrif. Die gedeelte van Magaliesberg en Potchefstroom is langs die Elandsrivier af en oek by dieselfde drif deur. Dis van belang om te onthou dat hierdie eerste Intrekkers van die westekant af ingetrek het.

... "Hendrik Potgieter and his Voortrekkers appeared in Sukukuniland from the Waterberg side. Sekwati with his men went to meet him at Molahlegi's not far from Rooibokkop on the Olifants River..(2)

Sodra die gemeenskap rigting gekry het wat betref hul bestuur in Ohrigstad is die Heer Johs. L. Du Preez van

Magneetshoogte aangestel.. "om voer zo verre als van hier posetief bewoond word, waarby elk een iegelyk handelaar ^/ vervoege om een permissie te bekommen, om zyn reis verder^{te}doen.." (3)
hem sal moeten

(1) Andries Potgieter, bl.131.

(2) a. D.R.Hunt, in Bantu Studies, December 1931, bl.288.

b. In verband hiermee het die vyf-en-tagtig-jarige Oom Japie Kruger van Lydenburg, seun van die Heemraad T.J.Kruger en broer van die meer bekende volksraadslid Piet E. Kruger, my meegedeel dat die Voortrekkers naby die Koringkoppies, d.w.s. van die weste-kant, verby is.

c. Oom Lukas S.Potgieter, jongste seun van die bekende C.Potgieter, in lewe landdros van Lydenburg sê my hy reken dat hulle daarlangs is "want dit was die pad wat die mense selfs in die begin gebruik het Natal-toe. Vm.1V,bl.91, Herinneringe van S.W.Burger.

(3) Evr.2 (22 Januarie 1846)

Potgieter het met die deurtog deur Sekwati se gebied gebruik gemaak van die geleentheid om met die opperhoof 'n ooreenkoms te sluit. Op 5 Julie 1845 gaan hy met Sekwati 'n "Vredens Tractaat" aan, waarby hy al zyne regten, die hy bewaarde, dat de zynen waren afstaat aan de Boeren." (1)

Sekwati vra dan ook vir Potgieter om hom te beskerm en verklaar onomwonde dat hy geen grond het nie.."dat hy geen man maar slechts eene vrouw was, en dat hy nu de hond van Potgieter was even als hy vroeger de hond van Sapeesa was.." (2)

Met 'n later geleentheid toe daar blykbaar op aandrang van die Volksraad, by monde van Kootjie Burger, wat daarop aangedring het dat die gronde van die kafferstamme geruil moes word, wat dan ook in ooreenstemming sou wees met die opdrag van Smellekamp, (3) het Potgieter vir Buys na Sekwati gestuur met die boodskap om hom te kom sien. Die opperhoof, op sy heurt egter bevrees en agterdochtig om hom verder deur 'n soortgelyke traktaat te laat bind, laat die Volksraad weet..."ik heb den grond den heer Potgieter gegeven en waarom willen ze dat den nu weer ruilen..." (4) Selfs op aarweding van Buys weier Sekwati om 'n ander "groot Kaffer" te stuur om oor die grond-aangeleenthede te gaan praat.

Van Melahegi, waar die Trekkers Sekwati ontmoet het, is hulle oor Magneetshoogte, (5) die Steelpoort deur waar vandag die plaas Steelpoortdrif is, verder langs die rivier af, deur Olifantspoortjie (6) Spekboom deur op De Grootte Boom, Joubertshoogte uit na die plek waar kort daarna Ohrigstad aangelê is. (6)

(1) Evr.2, (20 Aug.1845.): Evr.2, bl.18: en Vm.IV, bl. 91, - Herinneringe van S.W.Burger.

(2) a. De Volkstem, 11 Nov. 1876.
b. The Voortrekkers of S.A., bl.326.

(3) Evr. 2, bl. 85.

(4) Evr.2, bl.75. (15 Mei, 1846) Vgl.Worstelstryd, bl.303.

(5) Bantu Studies, bl.288.

(6) Potgieter het ook hierdie pad gevolg tot aan die Olifantsrivier toe hy hiervandaan na Soutpansberg getrek het in 1848. Volgens deponent J. Breytenbach, broer van Izak Breytenbach, van Vm.III is die merke nog op die klippe te sien soos die wa-bande oor die plaas Vlakfontein, Klipplaatdrift en De Grootte Boom dit gemaak het. By die ou mense is die pad bekend as die "Wegloop-pad."

(7) Wat die naam Steelpoort betref deel verskeie deponente my mee: Met die trek hierheen het 'n groepie Trekkers onder bevel van Frans Joubert, mense van Ntal, uitgespan langs die Steelpoort. 'n Sekere Scholtz skiet die aand, nie vër van die waens af nie, in

Hierdie pad was vir etlike jare, tot na Potgieter verskuiwe het na die Noorde, die hoofpad tussen Ohrigstad en die Suide, waarlangs nuwe intrekkers, terugtrokkers en handelaars gereis het. (1) Magneetshoogte was die voorpos van die nuwe nedersetting.

Dit was nodig vir die regering te Ohrigstad om in die eerste jare van die nedersetting, gedronge deur omstandighede, 'n wet uit te vaardig waardeur.. "besloten dat stellig verboden wordt het uit trekken van een of meer personen verder dan Magneetshoogte.." (2)

Verskeie mense het met die intrek langs die pad van Olifantsrivier af agtergebly. So het Adrian de Lange, Swart Adrian genoem, hom gevestig aan die westekant van Olifantsrivier. Hier het hierdie moeilike man wat saam met Potgieter in 1836 na Soutpansberg was, onder moeilike omstandighede 'n moeilike bestaan gemaak. Hy het selfs so ver gegaan om Sekwati aan te raai om gewere te koop. (3)

Du Preez en andere het op Magneetshoogte agtergebly, terwyl party hulle weer langs die Steelpoort gevestig het. Hier op die plaas Doornbosch en omgewing het in die begin van 1846 reeds 21 huisgesinne gewoon. (4)

Verskeie andere soos die Beetges, Schuttes, F. Grobler, J. van den Berg e.a. het agtergebly op die plaas Olifantshoek, Waterval, Wildebeeshoek e.a. in die Watervalsriviervallei. (5)

Al die Trekkers het nie tegelyk na Ohrigstad getrek nie. Van die begin tot die einde van Julie het die groot meerderheid

 die poortjie, 'n olifant wat hy verplig was om daar te laat lê, met die voornemens om dit die volgende môre te gaan bewerk. Toe hy die ander-dag-môre daar kom vind hy tot sy verbasing dat die tande reeds uitgekap was. Die spoor is gevolg tot by die waens. Joubert benoem tot 'n kommissie om die waens af te pak. Die waens moes weer opgepak word as daar niks gekry word nie. Hulle begin by Joubert se wa. By die derde wa van 'n Botha is die tande gekry. Die gevolg is dat die rivier die naam STEELPOORT, en die poort die naam OLIFANTSPOORTJIE gekry het. Botha kry op die koop toe die eer dat een van die plase in die nabyheid verewig is met sy naam, Bothashoek.

(1) Evr. 2, 21 Januarie 1846.

(2) ibid. 18 Maart, 1846.

(3) Sien Bylae 3: asook R.118h/46 en Hendrik Potgieter, bl. 163.

(Dis omtrent seker dat Adrianskop aan die Olifantsrivier na hom heet. Hy het hier in die buurt gewoon.)

(4) Op die plaas Doornbosch het Paul Kruger sy duim verloor. Hier ^{is} o.a. die grafte van Elizabeth Erasmus en H.E.L. Lotter (1848)
 Dit skyn of die mense aan die koers dood is.

(5) Plaasregister.

agter hier aangekom, sodat daar aan die begin van Augustus 1845, meer as 1,000 ten koste van Magneetsgootte was. (1)

Met die trek hierheen het die Natallers al blyke gegee dat hulle Potgieter se gesag nie gaan erken nie. 'n Gedeelte van hulle het dan ook op trek al gesorg dat hulle onder bevel van hul eie aanvoerder gestaan het, Toe Joubert met 'n groep Natallers hier aankom, het Potgieter, wat gevoel het dat sy gesag bedreig word, dadelik 120 persone gekry, om skriftelik, nie alleen die besluite van Potchefstroom van die 6de Mei te herhaal nie, maar nog meer om sy dienste en posisie te beklemtoon. (2)

Hierdie minagting van die Natallers vir die gesag en persoon van Potgieter, het al in Natal, na die slag van die Vlugkcommando, begin, en was die eintlike oorsaak dat hy daarop aangedring het dat die Emigrante op Potchefstroom op 6 Mei hul erkenning, ondersteuning en beloftes op papier met hul naamtekeninge moes bevestig. (3) Potgieter het met sy terugkoms van die Baai die vorige jaar reeds gehoor dat daar sprake was om hom uit die saal te lig sodra alles mooi agtermekaar was. (4)

Op pad na Ohrigstad het hierdie gees van verdeeldheid sy kop uitgesteek in die feit dat die Natallers hulle as 'n groepie afgesonder het van die orige deel van die trek. Toe Potgieter meen om sy tentpenne in te slaan te Ohrigstad het die voorstes van Natal dit ook gedoen. (5)

Die trek na die nuwe oord was teen die einde van Julie 1845 'n voldonge feit. Dit is moeilik om een spesifiek^e rede vir die trek hierheen te gee, dit was blykbaar maar 'n reeks motiewe wat daartoe gelei het. Potgieter het al die tyd gevoel dat hy te na aan die Engelse grens was. Smellekamp raai hom aan om hulle ten Noorde van die 26ste gr.S.B. te vestig (6) om buitekant die

(1) Vgl. Andries Pretorius bl. 133.

(2) V.T.A. R./109/45.

(3) *ibid.* R.118¹/45.

(4) *ibid.* R.118i/45.

(5) Dr. S.P. Engelbrecht, *Geskiedenis van die Ned. Herv.Kerk*, Dl.I: Bylae II, Burger aan Smellekamp.

(6) Die Portugese gebied het uitgestrek tot die 26ste Gr.S.B. en dit skyn asof Smellekamp dit verwat het met die "Cape of Good Hope Punishment Act" wat Britse invloed of strafregtelike jurisdiksie uitgebrei het tot die 25ste Gr. S.B. en die Boere aangeraai het om hulle Noord van die 26ste S.B. te gaan vestig.

25.

invloedsfeer van die Engelse te wees; sy seuns Andries en Willen sê ōn hul herinneringe dat na Ohrigstad getrek word om die handel met die Portugese te bevorder. (1) Na die anneksasie van Natal is meer as ooit gevoel dat 'n onafhanklike hawe 'n vereiste was vir 'n onafhanklike voortbestaan.

Ohrigstad.

Teen die oostelike helling van 'n hoë rand het die Trekkers oor 'n afstand van meer as 'n myl op 'n streep uitgespan. Aan die Suidelike kant was die Joubert groep en aan die Noordelike kant was die eintlike Potgieter aanhang. 'n Seshonderd tree oos daarvandan vloei die rivier wat later die naam Ohrigstadrivier gekry het, en wat die nedersetting van water sou voorsien, maar wat ook die broeiplek was van die dodelike malariamuskiet.

In hierdie natuurskone, deur berge ingeslote en waterryke streek, is die dorp gestig wat bedoel was om die regeringsetel van die hele gebied ten noorde van die Vaal te wees... "Geen

Raadsvergadering sou meer op Potchefstroom gehou word nie; dit sou slegs as 'n adjunk Kolonie " bestaan. (2)

Hier ten Noorde van die 26ste graad Suiderbreedte het Potgieter gemeen om rus en sekerheid te geniet. Op "oude mede broeders en landgenoten" word dan ook 'n bercep gemaak "om reden wy dagelyks oortuigd werke dat wy nimmer kunnen geregtigd worden binnen de graden van Hare Majesteit bepaald, en verder te zeggen de 26ste graden Z.B. Dus moeten wy liever ...het grond verlaten dan de maatschappy... die beste te kies en te kom..." (3)

Die nuwe aanleg, geleë op 25½ grade suiderbreedte en ongeveer 16 skofte (4) van Delagoabaai het al spoedig na 'n dorp gelyk. In 'n baie kort tydjie moes daar 'n goeie dertigtal woonhuise, benewens 2 winkels (5) aan die hoofstraat van meer as 'n myl lank, versprei gewees het. Aan die suidekant, waar die Joubertmense hulle veral gelaer en 'n skans gebou het, is 'n kerkhof aangelê waar 17 grafte in is. Op die noordelike punt het die

(1) Vm. III bl. 7, - Herinneringe van A.H. en W.J. Potgieter.

(2) adR. 120/47.

(3) *ibid.*

(4) Preller stel 'n stof vas op 6 myl, Vgl. Dagboek, bl. 334.

Nathan stel dit vas op 4½ myl soos Fuller of ook 12 myl, vgl.

The Voorstreckers of S.A., bl. 96. Ons stel dit vas op 10-12 myl, al na gelang van die veld, bergagtig of gelyk.

(5) Die eerste winkels was die van Antoon Fick en Albassini.

Potgietergesindes gekonsentreer. Hier is daar ook 'n kerkhof met 25 grafte. 'n Groot gedeelte van die skans wat hulle hier gebou het is vandag nog te sien.

Hierdie skanse te Ohrigstad is gebou as beskerming teen moontlike aanvalle van die kaffers. Joao Albassini skrywe in 1847 aan die Guewerneur van Lourenco Marques,

..." daar is twee ommuurde plekke, ..wat hulle gebou het ter beskerming van hulle families, omtrent 'n jaar en enige maande gelede, toe hulle bedreig geword het deur die kafferhoofman Manicussa.." (1)

Op 'n publieke byeenkoms op 30 Julie, 1845, die eerste samekoms in die nuwe gebied, is die dorp gedoop met die naam Andries Ohrig. (2) Die Hoof-Kommandant het dit reggekry om sy eerste naam en die van "die regtewaar goeie Hollander wat skepe uitrus na hulle toe, en ook nog skoolmeesters en predikante vir hulle gaan stuur," te verewig. (3)

Met die eerste vergadering is bepaal hoe die dorp uitgemeet moet word, hoe die huise daarop moet staan en meer sulke dorpsaangeleenthede gereël. Die erwe sou 100 tree in die vierkant wees en opgemeet word deur Tobias Smuts (4) wat vir sy werk 'n stukkie grond gekry het bekend as Smutsveld. Hy moes elke Maandagmôre, vir drie maande lank, teenwoordig wees om die mense te wys waar om die fundamente van hulle huise te lê (6)

-
- (1) a. Joao Albassini, *Annale van die Oorsese Raad*. 12 Mei 1847.
 b. Een skans was vir die goort getal mense te klein. Deponent J. Breytenbach.." Die klei is deur die beste getrap, winddroog is dit uitgesteek en gebruik." Van die een skans waarvan nog 'n gedeelte te sien is was die afmetings 60 by 60 vt. en 10 vt. hoog. Die boonste deel was van klei en die onderste 4 vt. van klip. In hierdie gedeelte is ook 'n gedenknaald opgerig ter gedagtenis aan die Voortrekkers.
- (2)c. Evr. 2, 30 Julie 1845. (Die naam is later in September reggespel. Nog 'n rukkie later is die naam slegs Ohrigstad in gebruik gekom. Dit bly 'n raaisel wat die konserwatiewe Potgieter sou gedaan het as hy geweet het dat Ohrig 'n Rooms-Katoliek was, en nie veel belang gehad het in die Protestantse Predikant-sy van die Trekkers se lewe nie.)
- (3) Andries Pretorius bl. 131: vgl. ook Theal, *History of S.A.* VI, bl. 504: en *Worstelstryd* bl. 299.
- (4) Smuts was 'n skooneun van J.J. Burger.
- (5) Evr. 2, 20 Augustus 1845.

Dit was vir eers nodig om naby mekaar te woon. Die Volksraad bepaal dat die helfte van elke Veldkornet se mense op die dorp moet agterbly terwyl die ander dan "een dag rydens met de ossewagens, een uitvlucht maken met hun vee." Die Raad beskou dit nodig vir die algemene veiligheid om in staat te wees om, as dit nodig sou word, op een dag bymekaar te kan kom; en gaan selfs so ver om 'n boete vas te stel van Rds. 50 vir iemand wat die bepalings oortree. (1)

Ohrigstad was vir hierdie tyd van die jaar 'n baie geskikte plek. Vir die Boere was dit besonder aangenaam hier in die beskutte half-tropiese klimaat in vergelyking met die kaal en koue Suide. Hier was baie hout, iets waarna die Trekkers altyd uitgesien het; (2) die veld was goed, die grond was vrugbaar en water was volop. (3)


(1) V.T.A., bl. 189.

(2) Vgl. Dagverhaal van Brokhorst in Dagboek van Trichardt.

(3) Deponent L.S. Potgieter se my een van die redes waarom juis Ohrigstad gekies is vir 'n nedersetting, was die feit dat hier die Spekboom aangetref is: en uit ondervinding het die Voortrekkers gewet dat waar die Spekboom groei die grond besonder vrugbaar is.

PAARIE EN ROEIE (1836- 1854)

- a. x o x x x ■ Potgieter in winter 1844.
- b. x x x x x x Groot paarie 1849- 1854.
- c. - - - - - Potgieter se reis Des. 1843
- d. do. do. Mei. 1836.
- e. - do. do. Julie 1838



Hoofstuk III.

Die Regering te Ohrigstad.

Met die ondervinding in Natal opgedoen sou enkele leiers waaronder J.J. Burger, H. van Breda, D. Joubert, W.F. Joubert, J.C. Steyn, J. van Rensburg, en P.E. Kruger die eerste Publieke byeenkoms op Woensdag 3^o Julie 1845 op die "Nieuwe Dorp Andries Orieg", beweeg om die Raad wat sou saamgestel word, op die Natalse lees te skrei. (1) Die vier Veldkornette kry opdrag om die volgende dag elk twee lede uit hul manskappe vir die Volksraad te laat kies.

Op Vrydag 1 Augustus '45 vergader die Raad vir die eerste keer. In die teenwoordigheid van 'n groot deel van die bevolking, bestaande uit 120 mansmense, is die instruksies, (2) voorgelees en die ampseed deur die Volksraadlede afgelê. Casper Jan Kruger, Vader van wyle President Paul Kruger, word tot Voorsitter, (president) gekies.

Van die nege lede van die eerste Raad kon Potgieter reken op die ondersteuning van sewe, nl. C.J. Kruger, A.H. Potgieter, Jan L. Venter, J.G.S. Bronkhorst, David en Philip Snyman, en T. v.d. Walt; terwyl J.J. Burger, die Sekretaris, kon reken op D. Joubert.

Nog voor met enige werksaamhede 'n begin gemaak is, het Potgieter, wat sedert sy terugkeer van die Baai die vorige Augustus maand 'n neiging by 'n deel van die publiek gewaar het om hom van sy gesag te beroof, (3) die Raad gevra om sy aanstelling as "bestierder en hoof kommandant", geëken deur 114 ondertekenaars te Potchefstroom op 6 Mei, te bekragtig. (4)

(1) Bylae II, Geskiedenis Ned. Herv. Kerk. Dl.1, 1920, Dr. S.P.Engelbrecht; (Burger skrywe aan Smellekamp.)

(2) Evr.1, bl.2-4. Die Regulasie het neergelê dat die Raad sou bestaan uit 22 lede, gekies vir een jaar, waarvan die helfte ieder jaar deur lofing sou uittree. Familie (soos by Kerkraad) sou nie saam kon dien nie. Elke vergadering sou sy eie voorsitter kies. Die Raad het die alleenreg om traktate te sluit, landsgrense te bepaal, staatsamptenare aan te stel, Publieke eiendom te verkoop en uit te gee, dorpe aan te lê ens. Voorlopig sou die Raad egter net uit 12 lede bestaan. G'n landswet sou as finaal gemaak of gewysig word voordat die publiek die kans gehad het om, deur middel van memories, hul goed-of afkeuring daaraan te gee nie.

(3) Sien bl.23 en 25.

(4) Evr.1, bl.6, 1 Augustus 1845. V.T.A. bl.183.

Burger en Joubert moes heftig hierteen geveg het. Burger wie se handtekening ook op die Mei-aanstelling voorkom, redeneer dat dit alleenlik bedoel was vir die tyd solank daar nie 'n Raad sou wees nie, en notuleer dat, "terwyl er weder een Volksraad bestaan geen hoofd bestierder zal bestaan die in gezag boven de Raad zal zyn.." (1)

Daar sou egter geen beswaar bestaan dat hy hoof kommandant bly nie. Dieselfde middag nog laat Potgieter, wat nie in sy skik was met die ontvangs van sy versoek in die Raad nie, 'n tweede petisie opstel en teken deur 122 man. Net een van die nege Volksraadslede nl. Philip Snyman se naam kom daarop voor. In hierdie getuigskrif, want dit is wat dit in werklikheid is, word verklaar dat .."Andries Hendrik " Potgieter, Raadslid en Hoof-Kommandant....zal en moet " onafgebroken in de betrekking blyven dienen...benevens de " verdere leden van den Volksraad zal uitmaken de hoogste " gezag en bestier dezer Volksplanting.." (2)

Sy rang sou hy bly behou en hy sou die reg hê om briewe aan die Raad gerig, oop te maak en 'n vergadering saam te roep, 'n reg wat g'n enkel ander lid sou hê nie. Die opstelling het in-teenstelling met die Mei-aanstelling nie mekding gemaak van "Hoofd Kommandant en Bestierder om onze zaken verder te bewerkstellen." nie (3)

Bit sou egter nie die end van die saak wees nie. Die volgende dag het Potgieter weer die saak ter sprake gebring; maar weer het "eenige leden objectie gemaakt". Op 20 Augustus dien/die ^{hy}Ohrigstad-petisie in. Die stuk is, soos die ondertekenaars versoek het, genotuleer; maar Burger, het namens die Raad dit so gewysig dat Potgieter nie die reg sou hê om briewe aan die Raad gerig, alleen oop te maak nie. (4)

(1) Evr. 1, bl.6, 1 Augustus 1845, V.T.A.

(2) Evr. 2, bl. 20; bl.186 en in Die Weg na die See, bl.95.

(vgl. Kruger.. Burger en sy ondersteuners was nie daar voor nie en het die stuk geensins bekragtig nie. Daar word ook nie in die Ohrigstad-memorie gepraat van lewenslange Bestierder nie.)

(3) V.T.A. bl.182.

(4) Evr. 2, bl.22 Volkeraadsnotule van 20 Augustus 1845.

Om uit die moeilikheid uit te kom tref die Raad 'n soort kompromie en kon die lede afsonderlik getuienis aflê met betrekking tot Potgieter. (1)

Daar was nou ander belangrike sake vir die Raad om te verrig. Met die eerste vergadering van die Raad word as eerste landdros van Ohrigstad aangestel Cornelis Potgieter, 'n bekwame man en ondersteuner van die Volksraadsparty. (2)

(1) Evr. 2 bl. 22 Volksraadsnotule van 20 Aug. 1845:

(2) T.T.A. bl. 189.

(Cornelis Potgieter, eerste Landdros van Ohrigstad en aangestel vir 'n jaar, was 'n neef van die Hoof-Kommandant. Hy is in Albanie op die 7de April, 1816 gebore en getroud met Rachel Catharina Espag (Katootjie) wat 'n ses maande jonger as hy was. Dit skyn asof hulle nie voor 1836 uit die Kolonie uitgis nie: want hulle seun Joachim is nog daar op 3 Mei 1838 gebore. Hierdie seun Joachim is in 1860 getroud met Engelina Henriette A. Johanknecht, susterskind van H.T. Buhrmann en dogter van J.J. Knecht wat in Delagoabaai in 1852 saam met J. Middel agtergelaat is om die koopware op te pas. Johanknecht is daar corlede. (Evr. 4 bl. 258: 3 Junie '53.) Die Espags was besonder welgestelde mense en kom van die Klein Visrivier waarheen Chris Fourie, wat weer met 'n suster van Rachel Potgieter getroud was, eenkeer gestuur is om 'n erfposisie vir die familie te gaan ontvang. Cornelis Potgieter is na 'n veelbewoë lewe op 3 Nov. 1869 te Utrecht dood aan swartwater. Hy was saam met Ds. Cachet daarheen vir behandeling. Eenkeer in 1856 was hy en sy familie hiervandaan Kolonie-toe en is sy seun Izak deur Ds. Huet op Grootrivier se wal gedoop. Na Jacob de Clercq as landdros bedank het in 1858 het Potgieter weer landdros van Lydenburg geword, en dit gebly tot 1869 met uitsondering van kort tussenposes. (Dis volgens 'n persoonlike onderhoud wat ek gehad het met sy seun Lukas S. Potgieter van Machadodorp op 25 April, 1938.)

Stuart sê van hom.. "en 's avonds vermaakte zich het gezelschap met zang en dans, waaraan de President van de Volksraad de heer C. Potgieter hartelik deelnam, en zonder eenige de minste vlyt had ik kunne zeggen, dat ik in Nederland nimmer eene vergadering bygewoond had, die door de President met meer kalmte, voorzichtigheid, helder oordeel en gezond verstand geleid was, dan deze zoo moeilyke en ingewikkelde, door Zed.." (Hollandsche Afrikanen bl.203)

Potgieter was een van die eerste mense wat 'n woonhuis gebou het in Ohrigstad en later weer in Lydenburg. Dit blyk dat hy 'n aansienlike vermoë bymekaar gebring het in die distrik en hy was eienaar van sowat 13 plase. Hy was tenminste in die begin nie tēn die Hoof-Kommandant gekant nie: maar demokraat soos hy was wou egter nie vir hom laat dikteer nie.

N.S. Die familie skrywe die naam Johan Knecht as een naam. Moontlik was dit maar weer een van Buhrmann se maniere om te probeer "anders" wees, vgl. sy spelling - de Marré op grafsteen ^{van} sy vrou in kerkhof op Lydenburg.

Die volgende belangrike saak waarmee die Raad belas was, was om plase toe te ken. (1) Vir hierdie belangrike werk is aangestel Johannes H. Grobler (Duikervoet) met die titel van Boekhouer. Vir elke Registrasie moes 1 Rds. betaal word, waarvan ses pennies na die Boekhouer moes gaan as beloning vir sy dienste. (2) Later is sy gasie verhoog tot die helfte van die ontvangste. (3)

Alvorens plase toegeken is, is aan Potgieter die kans gegee om vir hom 'n plaas te kies. Hy kies toe 'n plaas 4 myl ten noorde van Ohrigstad, geleë aan die Ohrigstadsrivier, en denkende aan die woordstryd wat hy die afgelope twee dae in die Raad gehad het oor sy posisie en die vooruitsigte om nie by Burger se opvatting te berus nie, gee hy sy plaas die paslike naam Strydfontein. (4) Dit is verder besluit dat die aanspraakmakers op plase geleë aan die riviere Spekboom, (5) Waterval en Dorpsrivier afsonderlik hul aansprake deur die Boekhouer sou laat behandel en aanteken. Elke plaas sou $\frac{3}{4}$ uur aan die eenkant van die rivier uitstrek.

Die toekenning van plase was een van die meelikste, maar ook een van die vernaamste take waarmee die Raad belas was. Dikwels is meer as een aanspraak op 'n plaas gemaak, bakens is verskuiwe, mense het plase verlaat of verkoop sonder om daarvan kennis te gee aan die betrokke Veldkornette of aan die Boekhouer. (6) 'n Gedurige rondtrekkery het dit nog ingewikkelder gemaak. Ons sien b.v. dat J.H. Grobler alreeds op 2 Augustus '45, nog nie 'n maand na hul aankoms te Ohrigstad nie, sy plaas Redekrans laat lê het en dat dit toegeken is aan S.J. van Rensburg.

(1) Evr. 2, bl. 7 Volksraadsnotule van 2 Aug. 1845.

(2) *ibid* 12.

(3) *ibid*. 15.

(4) Die plaas behoort vandag aan 5 eienaars, is 3242 morge groot en het in 1938 Voortrekker-jaar, aan graan alleen 3600 sakke opgelewer. Die ou woonhuis, waarvan 'n foto, ^{myls} ⁶⁰⁰ ^{1/2} ten minste van die murasie, maar wat intussen totaal verwyder is, was 10 vt. hoog, 48 vt. lank en 16 vt. breed, met 3 vertrekke. Die mure was van klei en 24 dm. dik. Vir 'n tyd lank, na Potgieter se vertrek, het dit behoort aan die Raad. In 1850, met die aanleg van Lydenburg, het die grondwaarde daar baie gedaal en het die Raad nie gearsel om dit aan S.J. Schoeman te gee nie. (Evr. 2, bl. 12.)

(5) Dit blyk dat die rivier sy naam gekry het omdat daar in die omtrek so baie Spekbome aangetref is. Persoonlik kon ek geen ander uitleg opspoor nie.

(6) Vgl. Art. 4 van Volksraadsnotule van 20 Jan. 1846, Evr. bl. 31.

Baie mense het weer teruggetrek voor hul plase aangeteken was. (1)

In Augustusmaand 1845 is net die plase langs die dorpsrivier, (Ohrigstad) Spekboom en Watervalsriviere toegeken, hoewel ook verskeie plase langs die trekpad, soos Olifantshoek, Tweefontein aan J.A. Beetge en P.A. Schoeman respektiewelik, toegeken is. Van die 20 of meer toekennings wat in 1845 gemaak is, was die meerderheid aan mense wat hier saam met die Volksraad agtergebly het, na Potgieter na die Noorde verskuiwe het. (2)

J.J. Burger kies vir hom 'n plaas, Nooitgedacht, 'n drie myl onderkant Strydfontein aan die oostekant van die rivier. Met Van Breda op Haakdoorndraai; D.J. Joubert op Roodepoort, (Lemoenplaas); W.J. Joubert op Vyehoek; T. van Niekerk op Doornhoek, het hy sy vernaamste familie-lede en vriende om hom gehad. (4)

Net drie van Potgieter se ondersteuners het daar langs die rivier gewoon, nl. S.J. van Rensburg op Roodekranse, A.J. Pelzer (wat nog dieselfde jaar oorlede is) op Honingneskranse en N. Prinsloo op Branddraai. (3)

In 1846 is die plase meesal toegeken in die Krokodilrivier-vallei en na Dwarsrivier se kant toe. In '47 versprei die mense na die kant van Steenkampsberge en na die bo-loop van Steelpoortrivier. In 1848 weer word 61 plase toegeken en bewoon, meesal na die kant van Selonsrivier. Baie van die plase in die reeds bewoonde streke was in die begin oorgeslaan of uitgelaat was word nou ook aangeteken, meesal as veeplase. Gedurende die jare 1849-51 is 75 plase toegeken, meesal op die hoër liggende dele. Die jare '52-57 was besonder skraal, amper geen

(1) Vgl. Evr. 2, bl. 31 Volksraadsnotule van 20 Jan. 1846, Art. 4.

(2) V.T.A. bl. 189.

(3) Karel Trichardt sê dat hy op die plaas Branddraai gewoon het, tog blyk dit dat die aangrensende plaas Klipfonteinhoek op sy naam geregistreer was, en nie Branddraai nie.

(4) Van Breda en Van Niekerk was familie van Burger.

aansoeke om toekennings is gemaak nie. Die jaar 1858, nadat Lydenburg as Republiek afgeskei het van die orige deel van die Transvaal, is meer as 30 plase toegeken in die veestreek van Belfast en omgewing.

Deels as gevolg van die onges^ondheid van die gebied van Ohrigstad en deels as gevolg van die maklike manier om 'n plaas te bekom, (die klein bevolking en die groot oop streek) het daar 'n gedurige verplasing plaasgevind sodat selfs die Portugese Goewerneur, met sy besoek aan Ohrigstad in Augustus 1858 moes kla.

..."Dat het zoo zeer beklagenswaardig was dat den mens^{ch}en zoo gedurig rond trekken en elken maale op een plaats bouwen en denzelven dan weer verlaten.." (1)

In die eerste maande het die mense hul hande vol gehad met allerhande ander sakies en het niks plaasgevind wat die beginsels van die bestuur in die gedrang gebring het nie. Tuine moes aangels^e en huise gebou word. 'n Ekspedisie is na die Baai gestuur om te soek na 'n pad daarheen en handelsaangeleenthede in die Baai te ondersoek; ook moe^s 'n kommando teen die kaffers uitgerus en skanse opgerig word.

Eers na die ekspedisie teen die kaffers in September 1845 en die terugkoms van die kommissie van die Baai einde November, is daar 'n begin gemaak om uitmekaar te trek en die laer-^{le}wes te beëindig. Tot daardie tyd was hulle in twee laers op Ohrigstad bymekaar. (2)

Op die 14de Oktober '45 is nog eers, onder Voorsitterskap van Porgieter, 'n kort Volksraadsvergadering gehou, waar besluit is dat Coqui of enige ander vreemdeling nie mag saamgaan met die kommissie na die Baai nie. (3)

(1) Evr. 2, bl. 62

(2) Vgl. Evr. 2, bl. 26 Volksraadsnotule van 8 Okt. 1845.

('n Gedeelte van die skans van die eintelike Potgieter-mense is nog te sien. 'n Jaar of vyftien gelede was die skans so te sê nog geheel te sien, toe mense dit gedeeltelik afgebreek het om huise te bou. Gelukkig het die tussenkoms van Mnr. Fanie Schoeman van Uitkoms verdere beskadiging verhoed. (sien ook aantekening 1 op bl. 25.)

(3) Evr. 2, bl. 27 en Vgl. bl. 95. Die Weg na die See.

onmiddellik na die vergadering is die kommissie bestaande uit 26 man, onder leiding van Karel Trichardt, weg .."met 't doel 'n handelsweg naar de Baai te vinden en te openen. Door deze ekspedisië wordt de weg gevonden die tans als hoofd-verbinding van onze Republiek met Delagoabaai bekend is.."(1)

Tenspyte van die feit dat Karel Trichardt sy reisgenote afgeraai het om met waens te gaan; want hy wou hê dat hulle die reis te voet moes doen, gaan hulle tog met waens belaa met koopware (ivoor en huide.) Die geselskap het al hul trekvee verloor.(2)

Ooreenkomstig 'n opdrag vandie Volksraad, by monde van Burger, om plase aan te teken "over de berg" het enkele lede van die kommissie 'n baken opgerig te na aan die Baai met die gevolg dat die Goewerneur 'n kaffer met 'n boodskap na die Hoof-Kommandant gestuur het. Op 4 Desember kry Potgieter die boodskap dat daar so 'n danige baken opgerig was, die Goewerneur wou weet op wie se order dit gedaan was, en dreig om alle betrekkinge af te breek..." en zy kunnen met ons dan ook niet handelen...

hy heeft voor hem gedacht dat zy slechts gekomen waaren om te handelen maar niet om bakens te maken.." (3)

Soos te wagte was het Potgieter groot geskrik. Hy het dadelik 'n vergadering belê om die saak te ondersoek, en het die Veldkornette gelas om tog te verhoed dat een van die mense die distrik verlaat voor dat die vergadering gehou was. Die saak is ondersoek en tot bevrediging van die Goewerneur beslis. Die hele baken-episode was dan ook blykbaar die onbedagte handeling van 'n paar niksvermoedende en impulsiewe persone soos J.C. Steyn en Antoon Fick. (4)

(1) Vm. ..., bl.24. Herinneringe van Karel Trichardt.

(2) ib'd. bl.24. do

(3) Evr. 2, bl. 29. Voortrekker Argiefstukke bl.193.

(Op 20 Aug. het Potgieter voorgestel "om 'n gedeelte grond over Delagoasberg open te zetten tot aantekening voor plaatsen." (Evr.2, bl.19.)

Op 27 Aug. besluit die Raad weer om die pad te maak "over de Delagoasberg en tegelykertyd zal de aantekening voor plaatsen over de berg plaatsvinden." Evr.2, bl.23 en V.A.bl. 193 - Dit skyn dan ook nie heeltemal reg te wees om die hele baken-moeilikheid aan Bugger persoonlik toe te skrywe nie. Vgl.Dr. D.W. Kruger, in Die Weg na die See, bl.96 en 97.

(4) Evr. 2, bl.29.

Op 10 Desember word 'n Raadsvergadering gehou ten huise van F.G. Wolmarans, waar sekere kwessies behandel is. Die korrespondensie van Smellekamp, deur middel van die kommissie ontvang, is aan die publiek voorgelees. (1) Die kommissie se rapport oor die sending na die Baai is gehoor. (2) Die baken-moeilikhede is op 'n bevredigende wyse besleg geword. Deur die wegtrek van baie mense moes daar reëlings getre^f word vir die Veldkornette vir die verskillende wyke, wat tot gevolg gehad het dat die volgende wyse vasgestel, en na die publiek hul keuse gemaak het, die Veldkornette as volg aangestel is: vir die dorp, Abraham Duvenhage; vir Magneetshoogte, J.L. du Preez, vir die wyk bokant die dorp Willem Frans Joubert; langs die rivier onderkant die dorp, Karel Trichardt; vir Spekboom, Philip Minnaar en vir die gebied na Blyderivier se kant, Piet Nel. (3)

Hierdie vergadering is deur Potgieter belê deur 'n skrywe aan Duvenhage en Piet van Staden, waarin alle lede van die publiek uitgenooi is. (4) Dit het egter so gekom dat ook h^uis op hierdie vergadering die moeilikheid, wat later tot soveel bittere verdeeldheid sou lei, sy kop uitgesteek het. Die publiek, wat tct-nog toe tevrede was met nege lede (5) op die Raad, begeer nou ewe skielik 'n voltallige Raad, handig "kieslyste" in, waarop Louw Erasmus, J.P. Prinsloo en Theunis Steyn as Volksraadslede verkies word. Dit het die Raad egter nog nie voltallig gemaak nie en die Raad gelas die publiek, (daar was altyd 'n goeie gehoor van die kant van die publiek op die vergaderings teenwoordig) om nog vier lede te kies. Die here J.H. Grobler, Theunis Snyman,

(1) Evr. 2, bl. 27.

(2) V.T.E. bl. 196.

(3) Evr. 2, bl. 37. (Hierdie veldkornette was almal Potgieter-mense behalwe Joubert en Trichardt. Vir 'n portret van Minnaar sien die kerk-almanak van die Ned. Herv. Kerk vir 1947). D^us kan Dr. Engelbrecht. Nel is kort daarna getrek na Selonsrivier.

(4) V.T.A. bl. 195 en 196.

(5) Die Raad het toe bestaan uit 13 lede waarvan Joubert, Erasmus, Prinsloo en Grobler Burger-gesind was. Die hand van Burger is duidelik te sien in die skynbare verlange van die publiek om die voltallige Raad.

Frans Schutte en Piet van Staden is gekies. (1)

Die aand moes daar 'n warm vergadering gewees het, (2) en dit gelyk of sekere persone van die publiek vir Potgieter moes beledig het, skynbaar oor laasgenoemde se neiging om die Raad te ignoreer. Van nou af sou Potgieter, met meer Burger-ondersteuners, in die Raad en met meer van sy eie ondersteuners, waaronder Casper en Gert Kruger en L. van Wyk, vir goed uit die streek, dit begin opdraend kry. (3) Heel party huisgesinne vertrek saam met die Krugers na Magaliesberg, (4) terwyl ander op die punt gestaan het om te vertrek. (5) Die groot Terugtrek vind egter eers plaas in Februarie en Maart van '46. (6) Dit word nou vir die Volksraad nodig om alle moontlike middels aan te wend om te probeer verhoud dat die mense op groot skaal terugtrek. Die Veldkornette is aangese om die mense te keer en oor te haal om te bly. Die Raad tref self 'n paar noodmaat-reëls waarby vasgese word dat niemand die reg sou hê om 'n grondeienaar te word in Ohrigstad se gebied as hy nie hier woonagtig is nie. (7) Verder is besluit om almal wat hul gronde in Magaliesberge en Mooirrivier laat lê het "om hier te kom help veilig maak" met onderskeiding te behandel. (8) Die Raad besluit verder dat niemand die reg sou hê om verder as Magneets-hoogte te gaan sonder verlof nie. (9) As gevolg van die dreigende houding van die kaffers is verskeie aansoeke selfs om die gebied maar net tydelik te verlaat om een of ander persoonlike besigheid, nie toegestaan nie. Dit was veral Potgieter, Bronkhorst en Piet van Staden wat probeer het om die mense te keer en af te raai om nie terug te trek nie; want hul party het daaronder die meeste gele... "Wyl dat dit hun gevoelens ook is zoodanige handelwys niets dan nadeel voor ons kan teweeg brengen.." (1)

- xx
- (1) Evr. 2, bl. 28: 28 Des. 1846.
 (2) Vgl. Evr. 2, bl. 30.
 (3) Evr. 2, bl. 32: 20 Jan. 1848 art. 4.
 (4) ibid. bl. 47: Maart.
 (5) ibid. bl. 44. Febr.
 (6) ibid. bl. 51: Maart.
 (7) ibid. bl. 48 (Vgl. saak met Dolf Botha.)
 (8) ibid. bl. 49.
 (9) ibid. bl. 51.
 (1) Sien volgende bladsy.

Al die Terugtrekkers, al was dit om hul gesaaides te gaan bewerk, sou as hulle nie verlof gehad het en op 'n gegewe tyd nie terug was nie, hul eiendom hier verloor, daar dit aan ander gegee sou word.

Met die Raadsvergadering in Januarie '46 onder Voorsitterskap van J. H. Grobler, sou die wig van verdeeldheid dieper ingedrywe word. 'n Sekere Botha is aangekla deur Duvenhage weens minagting van die Volksraad. Hy is voor die Raad gebring waar hy herhaal dat hy weier om hom te onderwerp, "geen gezag erkennende dan den Hoof Commandant.." Die Raad beboet hom toe met 10 Rds. en hy moes die landdros twee borge gee dat hy hom vir 'n jaar rustig en stil sou gedra, en g'n geoutoriseerde persoon of liggaam sou beledig nie. 'n Deel van die Raad was daarvoor om Botha te verskoon; maar Burger wou daar niks van hoor nie en vaar heftig uit teen die beledigers van die Raad; (wat natuurlik 'n pynlike situasie vir Potgieter moes gewees het, daar dit juis oor sy posisie begin het.) Burger het bepaald hier verskeie ander weer te na^gekom..."wyl genoegsaam by ieder

publieke byeenkoms, ieder Raadsvergadering een stuk of wat persone te voorschein komen, met begeerte/Volksraad te wellen hebben, alleen hul Hoof Commandant en verder landdros en Heemraden teen de wil en begeerte der beschaafde claasen..."(2)

Hy gaan verder en kla dat hy die werk as sekretaris verniet moet doen en dat sy naam en karakter deur "elendelingen, wat hun verblyf by den Hoofd Commdt. hebben" beklad word. Hy stel voor dat die betrokke persone wat klagtes teen die Raad of enige lid het, dit moes doen voor die volgende vergadering.

(3) In die Raadsvergaderinge het dit maar nie te goed gegaan van toe af nie en dit was nodig om bepalinge te maak waarby die vergaderings nie sou ontaard nie.."dat deur 'n lid

(1) Evr. 2, bl. 44 en bl. 46.

(2) Evr. 2, bl. 41. (Ek onderstreep.)

(3) *ibid.* bl. 80. (Burger stel voor dat die Raad iemand anders moet soek om die werk van Sekretaris te doen.)

voorgesteld of tegengesproken wordt op een behoorlyke wyze zal moeten doen onder verbeurte eener boete voor elk oortreding..."(1)

Dit het later nodig geword vir die Raad die Wyks-Veldkornet aan te sê om met 'n gewapende mag te sorg vir die orde met die vergaderings.

Die daarop-volgende maande het die Raad hul hande vol gehad om berigte en gerugte omtrent kaffer-invalle te behandel en kon hulle nie veel tyd gee aan die konstitusionele kwessies nie. Die verdeeldheid by 'n deel van die publiek het kans gekry om te kristaliseer.

Op 15 Mei gooi die Raad 'n besluit van 'n Provisionele vergadering, waarop Burg^er nie teenwoordig was nie, omver en sou gewapende kaffers van die betrokke vyandige kafferkapteins binne die Boere-grense, soos die Provisionele vergaderingsbesluit bepaal het, nie doodgeskiet nie maar slegs gevange geneem word. (2) Om die verhoudings nog meer gespanne te maak kom daar 'n memorie van P.J. Venter en 60 ander in waarin hulle hul ongenoes uitspreek teenoor die Raad. (3)

Hierdie en ander bykomende gebeurtenisse sou die weg voorberei vir die uitbarsting wat 'n bietjie later sou volg. Bronkhorst wat op 20 Maart eenparige toestemming van die Raad gekry het om 'n kommando teen Moselekaats te maak, om te probeer om die twee wit kinders wat hy by hom gehad het terug te haal, was na Mooirivier om mense vir die ekspedisie te werf en het gereël om op 20 Julie na die Noorde te vertrek. Op 'n baie eienaardige manier kom Hurger nou met sy Smellekamp-
praatjies en..." om rede wy geen wettige aanspraak op het grond hebben, en niet kan overgaan voordat wy het grond zal gehandeld hebben... en daar duidelik in de Jorⁿaal van Smellekamp gezegt is hoedanig wy omtrent het grond en de Volkstammen zouden handelen..." (4)

-
- (1) Evr. 2, bl. 45.
(2) ibid. bl. 77.
(3) ibid. bl. 80.
(4) ibid. bl. 84.

Potgieter moes natuurlik krewilrig onder hierdie aanval gevoel het, want die laaste was vir hom bedoel. En asof besorg oor die veiligheid van naturelle en oortuig van moedswillige mishandeling en leed hulle aangedaan, gaan hy voort...

"dat geen onwettige aanvallen gedaen zal worden, (asof dit van te vore gebeur het) op kralen die onschuldig zyn...ook zou dat teenstrydig de waarschuwing zyn van den heer Smellekamp..." (sic) (1)

Die atmosfeer was swanger van die gespanne onaangenaamheid; en toe 'n dergelike memorie as die van Venter van die vorige vergadering, maar hierdie keer meer beleedigend van Veldkornet Steyn, J. van Rensburg en 50 ander van 8 Junie gelees word, is beskuldigings teen Potgieter gemaak wat die kruit in die vuur gegooi het. (2)

Beskuldigings reën^{toe}/op Potgieter neer. Landdros Grobler kla dat Potgieter, teenstrydig met sy bevel, vir Veldkornet Duvenhage gelas het om die smous Hartley, wat 'n Engelsman was, te laat gaan na Potgieter op Strydfontein. Die Burger-gesindes was ontevrede oor hierdie verontagsaming deur Potgieter van die besluite van die Raad. (3)

Dit was bekend dat Hartley (4) in die Kolonie gewoon het en as handelaar reeds te Potchefstroom te kenne gegee het dat hy hierheen sou kom met sy negosie, soos later deur ander Engelse

(1) Evr.2, bl. 80.

(2) ibid. bl.88 en V.T.A. bl. 255.

(3) V.T.A. bl. 255. (C. Potgieter was nie toe landdros nie, vgl. Andries Pretorius bl.133 en 137 asook V.T.A. bl.231.

(4) Henry Hartley. "Een vriendelyk moedig en goed man is van ons heengegaan om nooit weer terug te keeren. H. Hartley, de moedige voortreker en onverskrokke jagter, de goeheartige en geniale vriend van allen die hem kenden, blies op 8 deser den laatsten adem uit in zyn 61ste jaar. Hy kwam in Z.A. aan met de Volksplanters van 1820...doch weten we dat hy al de kaffer-oorlogen der Kolonie die in zyn tyd voorvielen heeft meegedaan. Eigenlyk was hy een van de eerste Engelschen die hier kwamen..... was goed bekend met Moselekaase. Hy was een van de beroemste jagters in Z.A. en heeft zeker meer olifanten en ander wild geschoten dan ieder die thans in het land woont. Hy was 'n vriend van Baines...Neem Mauch twee keer na die Tati-goudvelden. Hy was altyd vriendelyk, opgeruimd en gasvry, won hy de achting en vertrouwen van iedereen die met hem in aanraking kwam. Altyd vertrouwe en achting van die Boere geniet die hem beschouwden als hun getrouwen en warmen vriend." Volkstem, 19 Febr.1876.

handelaars, o.a. Repking, Lacy, Windor, Moodie, Davidson e.a. (1) gedaan is. Die feit bly staan dat 'n klein gedeelte vandie publiek, en wel die aanhangers van Burger, vir Hartley gewantrou het en bevrees was dat dit die Smellekamp-handel afbreuk sou doen. (2)

Potgieter het hom nie van stryk laat bring nie; want hy moes sorg vir die armes. (3) Die opposisie neem egter hul kans waar en bring 'n hele reeks klagtes teen Potgieter in. Daar word gekla oor die verregeande onverskilligheid van die Hoof-Kommandant.

- i. ... "Hy geef er niet om ongenoege te weeg te brengen onder de maatschappij, als hy maar een Engelsman genoeg kan geven.. (4)
- ii. Rekend zelfs de plaatselyke autoriteit niet... (5)
- iii. Ofschoon de Hoofd Commandant geweigerd is geworden de gezag van Hoofdbestierder en de titel ontnomen, blyft hy egter aldus handelen... handelt als een alleenheerser. (6)
- iv. Teenstrydig met Smellekamp se Journaal.. om met de Volkstammen met hun omtrend hunne gronden te contracteren.. door hem afgekeurd of ten minste tegengesproken of tegen gewerkt. (7)
- v. "Wat voordeel heef den Hoof Commandant al te weeg gebracht tot bestwil en bevordering van onzen staat ?"
- vi. Olifantstand-geskenke hou hy vir homself in stede dit in die algemene kas te stort.
- vii. Omring deur kaffers is dit sy skuld dat hulle nie werkvolk het nie.
- viii. "In stede van gereedheid te maken hem (Smellekamp) af te halen word een commando of expeditie teen die kaffers gedoen." (8)
- ix. Hy sou bevriend wees met Hartley en Smellekamp se raad verfoei.
- x. Rapoeza eien hom die grond toe en ten spyte van die feit dat hy aan Potgieter laat weet het dat hy genees is om dit af te staan, is dit nie voor die Volksraad gebring of iets aan gedoen nie. (9)

-
- (1) Argief Londenburg Landdros-, Uitgawes en Inkomstes.
 - (2) V.T.A., bl. 225. Die Weg na die See.
 - (3) Andries Pretorius, bl. 134 en bl. 98.
 - (4) Potgieter en die opposisie beskuldig mekaar wederkerig van Engelsgesindheid Vgl. Engelbrecht, Bylae IV. 71.
 - (5) Potgieter het die Burger-gesinde landdros geminag. Vgl. Andries Pretorius, bl. 133.
 - (6) Vgl. V.T.A. bl. 187.
 - (7) Vgl. Brief van Burger aan Smellekamp. Bylae 11 by Engelbrecht.
 - (8) ibid.
 - (9) Raad ruil die grond toe Potgieter op Kommando was teen die Kaffers. Vgl. V.T.A. bl. 233.

41.

xi. Die besit van 'n plaas word hom verwyd. As dit verkoop is sou dit 30 Rds. vir die algemene kas beteken het. (1)

xii. Hy is die oorsaak van al die verdeeldheid en reken dat die Engelsman vir hom meer is as die publiek.

Na hierdie beskuldiging voorgelees is het Potgieter opgestaan en die Raad bedank, daar hy .."moet zien dat al wat hy gedaan heeft gehouden word voor nadelig en dat hy voor een verrader beschouwd wordt. en dat hy met zyn menschen op zy zoude gaan..."(2)

Die oomblik dat Potgieter bedank is die hele vergadering uiteen en kon Burger, toe hy alleen agter bly op sy gemak aanteken..."en wyl ze alle genoegsaam gelykspraken...

en in tyd van 'n ogenblik bleef ik alleen met de papieren overig.."

Ook die Frans Schutte is saam met die ander uit die vergadersaal uit. So het dan eindelijk die verdeeldheid gekom wat van die eerste Augustus van die vorige jaar af voorsien was.

-
- (1) Al die mense het plase verniet gekry, en hierdie aanmerking was werklik onnodig. Dit laat 'n mens dink aan Johannes 12 vers 6. Al die Burgers wat die land ingekom het voor 1842 het elkeen twee plase gekry: eers daarna het elkeen die reg gehad om slegs een plaas aan te teken. (Vgl. J. de V. Roos, Vreemde Feite uit die Ou Transvaal, in "Die Huisgenoot 27 Nov.1936.) In 1869 is ook hierdie reg van een plaas teruggetrek.
- (2) Evr.2, bl. 87 - Volksraadsnotule 8 Julie 1846.

HOOFSTUK LV.

Dubbel-regering in Ohrigstad.

Nog dieselfde môre van 8 Junie, na Potgieter met sy aanhang die Volksraad bedank het, hou Burger met sy handlangers 'n vergadering. (1)

Op 18 Junie is deur hom en andere weer 'n vergadering byeengeroep, waarop 51 man hom versoek om 'n publieke byeenkoms te belê om "een raad op te roepen." (2)

Burger wou van Potgieter ontslae raak. Met 'n minderheid in die Volksraad kon hy nie veel meer uitrig as persoonlike aanvalle maak op individuele lede nie. (3) Sy poging om meer van sy ondersteuners op die Raad verkies te kry het misluk. (4) Van die Veldkornette was net J.C. Steyn en W.F. Joubert aan sy kant. (5)

Burger het met tergende minagting op Potgieter en sy mense neergesien, vandaar dat die "stormvôel", soos Dr. Kruger hom noem, (6) aan Smellekamp kon skrywe..."niet hetzelfde slag

van menschen als u ons aldaar (Natal) aantrof, het onderscheid zal U Ued. zelf wel ondervonden hebben toen U te Lourenço Marques een visite gemaakt is door den Hoofd-Kommandant A.H. Potgieter en die met hem waren...De eerste (Natallers) voor beschaving en geregelde wetten, de laatste door gewoonte daar niet zo voor, als hebben een geruime tyd daarbuiten geleefd, en dus ontwend..." (7)

In die Volksraad kon hy hom ook nie bedwing nie en praat van sy aanhangers as .."de beschaafde classen"..wat daar teen is om net onder 'n Hoof-Kommandant te wil staan. (8) Burger en die "Port Natallers", soos hy self sy ondersteuners noem, het van Potgieter gepraat as "die klomp doppers." Vandaar dan ook dat Potgieter beswaar gemaak het teen uitdrukkings soos "jou

(1) V.T.A. bl.225.

(2) Evr. 2, bl.88.

(3) ibid. bl.41 en 84.

(4) ibid. bl.28 (Dis opmerklik dat David Joubert totnogtôe die vergaderingsbaie swak bygewoon het. Van die splitsing af was hy egter baie gereeld en getrou.)

(5) Evr. 2, bl. 37.

(6) Die Weg na die See, bl.98.

(7) Engelbrecht, Bylae 11, Burger aan Smellekamp.

(8) Evr. 2, bl.41.

"jou witlies dopper se blik bandolier." (1)

Twee dae na die splitsing rig 7 van die ex-volksraadslede van die Potgieter-party 'n brief aan die publiek en sê dat hulle bedank het, "want het valt ons te swaar bey elk een vergadering

te moeten twisten...J. van Rensburg gekomen zeynde met een grote heersucht Potgieter uit seyn pos te ligten de selve in te dragen...personen die voorgeven Hollandsche emigranten te seyn en met verdeeltheid tegen ons werkt... moeten wy beschouwen Bretsche onderdanen te seyn.." (2)

Sodra Potgieter hoor dat Burger voornemens was om 'n publieke vergadering te hou, het hy kragtens die gesag hom verleen in Mei en Augustus van die vorige jaar, (3) die vergaderings belet; maar Burger het tog deurgegaan en die vergaderings gehou op 18 Junie en 1 Augustus. Op die vergadering van 14 Augustus is deur die 40 mans besluit om dadelik weer 4 lede vir die Volksraad te kies, .."omdat niet geheel regering-loos onder ons te laten", en is Christiaan Klapper, Louw de Jager, J.J. Burger en Dawid Joubert gekies om saam met die ander lede nl. Louw Erasmus, T. Steyn, J.P. Prinsloo en Frans Schutte die Raad te vorm. (4)

Die een party wou nie vir die ander agter staan nie. Potgieter belet die vergaderings van Burger en begeef hom na Sekoenieland om met Sekwati, wat al vir 'n geruime tyd 'n vyandige houding teenoor die nedersetting begin inneem, te gaan afreken. Voor sy vertrek stel hy 'n provisionele raad aan om dringende sakies af te handel.

Dit blyk dat Buys, wat nie op goeie voet met Sekwati verkeer het nie, omdat hy nie sy dogter vir eersgenoemde tot vrou wou gee nie, gehelp het om die vuur aan brand te steek en die kaffers die inisiatief te laat neem om vee te steel; totnogtoe was daar geen besondere geval van diefstal of ander growwe oortredings nie. Met 'n kommando van 150 man en 'n afdeling Barolong-kaffers onder Buys, geluk dit Potgieter om na 'n skermutseling 8,000 beeste en 6,000 bokke te buit. Veel van 'n straf

(1) Herinneringe van S.W. Burger (ongepubliseerd)

(2) V.T.A., bl. 288.

(3) *ibid.* 183 en 186, asook Evr. 2, bl. 19.

(4) *ibid.* 232 en Andries Pretorius bl. 137.

was dit nie vir Sekwati nie maar dit was wel die begin van 'n lang reeks vyandelikhede tussen die Boere en die Bapedi. (1)

Die Volksraad kon hulle nooit vereenselwig het met die grondreelings van die Hoof-Kommandant omdat dit nie aan die voorskrifte van Smellekamp voldoen het nie. Terwyl Potgieter dus uit Ohrigstad weg was om met Sekwati af te reken, het die Volksraad, onder invloed van Burger, wat nou meer as ooit tevore

op elke moontlike en onmoontlike plek probeer fout vind het met Potgieter, van die geleentheid gebruik gemaak om 'n Kommissie na die Swasie Koning te stuur om die grond te ruil.

"Want" het hulle beweër, "(het) bleek dat Sekwati geen recht

op de grond had, waarop de Boeren zich wendden tot de rechte eigenaar van die grond, die 't veroverd had als oorlogsbuit met 't swaard op Sekwati. Deze was Oemswaas. (2)

Die Swasies, van die begin af begerig om op goeie voet met die Boere te verkeer en seker te maak van laasgenoemde se beskerming teen Panda, was maar te gereed om grond waaroor hulle seggenskap gehad het volgens kaffersgebruik, en wat hulle nie nodig gehad het nie, aan die Boere te verruil. "En hoewel het land 30 jaren onbewoond lag ruilde de Boeren-regering 'n land ... en werd het land zo de rechtmatig eigendom der Boeren." (3) Behalwe nog dat die Swasies gewillig was om die grond te verruil, wou hulle dit skoon afgee; want het hulle gesê "die honde sel julle byt." Die Boere wou dit egter nie toelaat nie. (4) Met hierdie ooreenkoms kry die Volksraad toe 'n geskrewe bewys waarin die hele stuk grond tussen die Komati-en die Olifantsrivier aan hulle afgestaan is. (5)

(1) a. Bantu Studies, Vol.V, No.4, Bl.289.

b. Evr. 2, bl.88. 14 Aug.1846.

(2)a. Vm, IV, bl.91, - Herinneringe van S.W.Burger.

b. Worstelstryd bl.303.

c. Vgl. Evr. 2, bl. 85 (8 Julie 1846)

(3)a. Vm. IV, bl. 91, - Herinneringe van S.W.Burger.

b. ihid. - J. Middel in Die Volkstem 3 Okt.1903.

(4)a. Worstelstryd, bl.303.

b. De Volkstem 11 Nov. 1876.

c. Al die geraadpleegde deponente bevestig dit.

(5) Ten einde 'n begrip te kry van die grootte van die grond gee ons die dokument hier in sy geheel weer.

"Ek de ondergetekende, Masous, koning der Solas, zoon van Sapossa, verklaar by deze wel en wettig voor altoos hebben afgestaan al het land zyn myn wettig eigendommen dat door Lyn vader..

Teen die einde van Augustus was Potgieter uit Sekoeniland en die Volksraad-kommissie van die Swasiekoning af terug en kon albei die partye weer hul aandag aan huishoudelike sakies gee. Potgieter, onafhanklik van die Raad, stel tot 20 September F.G. Bronkhorst, J.F. Roos en Piet van Staden aan as 'n voorlopige huwelikhof... "om de huwelyken zaken waar te nemen terwyl de tyd van landdrost, (J.H. Grobler) verlopen is..." (1) Intussen sou die Veldkornet "alle kleine zaken en kwessies" uitmaak.

Landdros Grobler het op gesag van die Volksraad aangebly as landdros en het die regtelike sy van die Volksraad se Regering behartig. Die Raad gee dan ook kennis dat alle amptenare in hul betrekkinge aanbly. Die Raad probeer Potgieter ignoreer en steur hulle nie aan sy kennisgewings en proklamasies nie; terwyl vir Potgieter weer nie so iets as 'n Volksraad bestaan nie.

Op kerklike gebied, waar daar werklik so 'n groot behoefte was, het die verdeeldheid hom ook laat voel. Apart van mekaar het die twee partye hulle beywer vir die bou van 'n kerk. (2)

 Succesvolle overwonnen zyn gelegen van Ohriststad daar noordwaarts tot aan de Olifants Rivier op en af tot aan de lyn van Delagoa Baai. Suidwaarts tot aan de Krokodil Rivier, weswaarts tot aan de Elandspruit en tot aan de 26ste graadlyn, oostwaarts tot alwaar Krokodil Rivier in die Kommati loop, en tot aan de lyn van Delagoa Baai, ten dienste van de Hollandsche Zuid Afrikaansche Natie die thans binnen dat grond zyn en nog in vervolg door de wettige gezag onder hun ter inwooning zal gepermitteerd worden en dat wel voor een getal van 100 aanteel beesten die aan my of te myn wettig opvolger zal moeten betaald worden en twee payen, als de eerste vyftig stukke heden over een maand dito 50 over twee jaren.

Aldus gedaan te Kjakas Kraal, geteekend aan Omkommas op heden den 25 July 1846.

Koning der Soelas	
(getk.) merk X Masous	Kaptein
" merk X Samkoelea	regerende in koning plaas
" S.J.Z.R. Burg	Commandant
" W.F. Joubert	Veldkornet
" L. de Jager	
" J.C. Steyn	Veldkornet
" J.M. de Beer	Veldkornet
Als getuigen	
" merk X Mankienkaan	Kaptein
" merk X Mandalea	Kaptein
" Jacob Lotter.	
" H. Breytenbach	
" P.J. Coetzer.	

V.T.A., bl. 233.

(vir derdere kommentaar hieroor: a. De Volkstem 21 Okt. 1876. b. Agar-Hamilton, Native Policy of the Voortrekkers bl. 60 en t.a.p.

(1) V.T.A., bl. 233

(2) Vgl. V.T.A., bl. 245-247 en 248-249.

Hoewel uiterlik bedrywig, was die belangstelling in die Volksraad beperk. Vir 'n tyd was dit dan ook verlam en is niks konstruktiefs op hul vergaderings uitgevoer nie; dit was eers na die aankoms van meer Natallers in 1847 dat Burger enige vordering kon maak. (1)

Potgieter gee "agtertoe" kennis en roep die publiek op na 'n groot volksvergadering te Ohrigstad op 20 September 1846 (2) om een of ander rede het die vergadering eers plaasgevind op die 22ste. Die vergadering is gehou in die huis van Gerrit Bronkhorst onder voorsitterskap van Gert Kruger. Daar was nie gebrek aan belangstelling nie; want daar was nie minder as 221 mense saam nie. (3) Christiaan Rabe, die bekwame penvoerder en skeretaris van die Hoof-Kommandant, het die notule gehou. Hierdie massavergadering bekragtig die besluite van die vorige Mei en Augustus 1845. Potgieter sou Hoof-Kommandant en Bestierder bly. Verder word in nog 31 artikels vasgestel hoe die land moes regeer word. Publieke toestemming sou nodig wees in alle sake betreffende die algemene welvaart; die Hoof-Kommandant moes probeer om op vreedsame wyse kwessies met die kaffers te beslis en as dit nie kon nie moes hy 'n krygsraad raadpleeg; die Veldkornet sou klein geskille skik - indien nodig met die hulp van twee respektabele manne van sy distrik; die Hoof-Kommandant of kommandant sou met van 6 tot 72 gesworenes die meer gewigtige sake behandel; boesheits sake sou deur twee gekose manne behandel word; drie man, ook deur die publiek gekies, sou in elke distrik die huweliksake behartig en sorg vir die openbare godsdiensoefening; die publiek sou 'n klerk kies vir die Hoof-Kommandant wat ook belas sou wees met die registrasie van plase; die Hoof-Kommandant sou verantwoordelik gehou word vir alle geld-sake en daarvan verslag gee; Veldkornette moes toesien dat diensbedes goed behandel word. (4)

(1) a. Vgl. Evr.2, bl.89 en 90.

b. V.T.A., bl.238

c. Die Weg na die See, bl.99.

(2) V.T.A., bl. 233.

(3) Andries Pretorius, bl.137. (Nog 'n verdere 191 mense van wie die naamtekeninge agterna ontvang is, het hierdie besluite goedgekeur. vgl. verslag van Rabe, en Die Weg na die See, bl.99 en t.a.p.

(4) Andries Pretorius, bl.137 en notule van publieke vergadering van vergadering gehou op Ohrigstad op 22-23 Sept. 1846.

Hier is voorsiening gemaak vir 'n soort militêre bestuur met 'n Hoof-Kommandant, kommandante, veldkornette en jurieraad wat niks gemeens met die ou Volksraad gehad het nie. (1)

Die volgende Augustus 1847 het, tesame met 154 man 6 veldkornette, J.L. Pretorius en Potgieter te Winburg hierdie besluite bekragtig en aangevul waar nodig, asook verpligte krygsdiens bygevoeg. (2)

Potgieter het gemeen dat hy hierdeur afdoende bewys van sy gesag gelewer en die Raad ontwrig het. Maar ten spyte daarvan gaan die landdros, Grobler, voort om kantoor te hou en kennisgewings op las van die Raad uit te stuur. (3)

Die wrywing het nou, vandat dit nie meer in die Raadsaal getroetel kon word nie, in die publiek voort gewoekar. Op 10 Desember hou Potgieter op die onderkant (Noord) van die dorp en Burger en sy mense op die bokant van die dorp vergaderings. Altwee wag op die koms van Smellekamp om 'n einde aan die toestand te maak. Potgieter kla by Smellekamp dat .."de volksraad

dewelke zich van geene der door UEds voorgeskreven regelen willen houden en hunne eigene dolzinnige hoofden hebben opgevolgd...vooral van Natal-Britsche Anteekenaren, en die met onze afspraak en Uwe, my nagelaten instructie, onbekend zyn.." (4)

Burger op sy beurt weer verwyf Potgieter en kla by Smellekamp dat hy (Potgieter).."geheel willekeurig gehandel had

tegen hetgeen ons door UEd. aangeraden en voorschreven was...vele menschen willen ondertusschen niet inkomen, alvorens UEd.eerst hier is.." (5)

Toestande het vir Potgieter teen die einde van die jaar so donker geword dat hy by Gert Kruger, wat hy op die se vertrek in Oktober 1845 as kommandant van Magaliesberg aangestel het, moes aanklop om hulp. Die "tweede Maatskoep" belaster hom en sy mense; sy mense word van hom afvallig gemaak en trek terug en as die "agterste" mense nie "door eenpareigheyd naar herwaards komen".. hulle "zaak onhelstelbaar zal verloren gaan.

- (1) Die Weg na die See, bl.99.
- (2) ibid.
- (3) T.T.A., bl.231 (23 Junie '46) en V.A.bl. 241.
- (4) Engelbrecht, Bylae IV.
- (5) do Bylae II.

Onze teenparty word dagelyks sterker en die van ons swakker." Sy mense verkoop hul eiendomme aan daardie ander mense wat, "onze wetten en gezag ontkenen en zelfs de heer Smellekamp en zynen werkzaamheid voor ons zeer weynig belangstellen.." (1)

Verwikkelinge het nou vinnig op mekaar gevolg. Drie dae later skrywe Potgieter weer aan Kruger dat hy tog seker moet kom help want hy en sy mense sou dan nie hul lewens meer seker wees nie. (2)

Einde Desember arriveer Albassini met ses vragte negosie uit die Baai, (3) en reël die Raad dat hy vir hulle 'n weg sou wys waar nie vlieë is nie; Potgieter en sy mense het egter die pad geken. (4) Op 4 Januarie spreek die Raad met Albassini af dat hy in Mei maand weer hier moet wees om 'n ekspedisie, bestaande uit 30-40 waens en 150 man, deur Manikoos-land te lei; maar ook hier was Potgieter voor, want reeds op die 2de het hy met Albassini afgespreek en homself van die se dienste verseker. (5)

Die Raad ken hierop aan Albassini vir sy dienste 'n erf op Ohrigstad toe, (6) en dit na Potgieter alreeds vir hom een gegee het vir 'n winkel. Verskeie mense was hieroor baie ontevrede en wou weet op wie se gesag die Raad se iets durf doen, en wys tereg daarop dat hy meer regte kry as mense wat net soveel vir die nedersetting gedoen het. (7)

Hierdie Raadsvergadering in Januarie '47 onder voorsitterskap van Christiaan Klopper (8) en lede soos David Joubert,

(1) V.T.A. bl. 247.

(2) *ibid.* bl. 249 (Potgieter aan Kruger.)

(3) *ibid.* bl. 249

(4) *ibid.* bl. 254.

(5) *ibid.* bl. 254.

(6) *ibid.* bl. 254.

(7) *ibid.* bl. 254.

(8) Johannes Christiaan Klopper, gewoonlik Krisjan genoem, is in 1809 gebore en neem as 16-jarige seun deel aan die Uys-jaggeselskap. Trek saam met die eerste Trekkers Natal in en vandaar na die anneksasie, na Lydenburg.. "Nam een werkzaam aandeel aan de kerkelyke en politieke woelingen die een tydlang Lydenburg en Potchefstroom beroerden." Hy was Kommandant en Volksraadslid en mede-ondertekenaar van die Sandrivier -

Hans Grobler, L. de Jager, J. Prinsloo, Piet Kruger, Frans Schutte, P. Steyn, Louw Erasmus, C. Potgieter en J.J. Burger, (wat nou lid en sekretaris was) het nie vir Potgieter teruggestaan nie, en het besluite geneem wat daarop gemik was om Potgieter heeltemal te ignoreer. (1)

'n kommissie bestaande uit C. Potgieter en Louw Erasmus is op aandrang van Adrian de Lange (2) na die kapteins Sekwati, Mapela, Maraba en Matala gestuur om ondersoek in te stel na sekere beweerde klagte dat Buys in naam van Potgieter geskenke van die betrokke kapteins en hul volk sou afgepers het. (3)

Aan geesdrif en opswepery het dit nie ontbreek nie. Met die aankoms van meer Natallers om die Volksraad te sterk en die van "agteraf" om Potgieter te kom help, (4) was altwee kante daarop uit om nie toe te gee nie. Gewapende manne was gedurig op pad tussen Ohrigstad en Strydfontein te sien. Op die dorp by Veldkornet Duvenhage of op Strydfontein by Potgieter was die bymekaarkom-plekke van die Potgieter-gesindes (5) en by Grobler weer die van Burger-aanhangers. (6) Gemoedere is gaande gemaak en Burger was verplig om aan Duvenhage te skrywe en hom te vra vir watter deel die gewapende manne daar saamgekom is. Van die Volksraad-ondersteuners sou dan, volgens bewering, op Dolf
Bronkhorst

 konvensie. "Voor zyn natie had hy alles over. Voor zyn vryheid geen offer te groot.." Op 17 September 1891 is hy in die hooë ouderdom van 82 jaar oorlede op sy plaas Klipspruit, Distrik Utrecht, waar hy vir jare gewoon het. (Vgl. De Volkstem 1891)

(1) Evr. 2, bl.90 (4 Januarie 1847) Klopper en de Jager was altwee in die Natal-raad, twee vasberade manne wat nie sou swig vir hul oortuiging nie. Almal behalwe Grobler kom van Natal en was gewoon aan die Raad en reeds in Natal al sterk gekant teen Potgieter. Erasmus, Schutte en Joubert was self Veldkornette in Natal, het die Raad geken en was Raads-gesind. Dit was egter Klopper wat hier vir 'n tydjie die toon sou aangee, as Burger al te mit sou verflou.

(2) Vgl. Evr.2, bl.95 en V.T.A., bl. 282 en 272.

(3) V.T.A. bl.251 - 253.

(4) Andries Pretorius, bl.139 (J. de Clercq was toe nog nie in Ohrigstad nie en kon onmoontlik nie as Raadslid verkies word het nie.)

(5) Vgl. V.T.A. bl.255 en 263. "Veelen onder ons zyn die onpartydig naar herwaards gekomen zyn..." "Ezuidenhout aan Espag."

(6) V.T.A. bl.263

"gekets" het. Hy versoek Duvenhage om die saak te ondersoek en self ook na hul vergadering te kom. (1) Duvenhage neem egter die uitnodiging nie aan nie.

Weer onder voorsitterskap van Klopper is op ¹⁰Februarie 'n vergadering gehou en besluit om Diederik Laffnie en Piet Joubert met 'n brief na Potgieter op Strydfontein te stuur met die versoek dat hy voor die Raad moes verskyn ten einde die klagte teen hom aan te hoor. (2)

Op 'n 60 tree van die huis af is hulle tegemoet gegaan deur 30 man wat hulle belet om verder te gaan. Hier is geredekawel en het J.V. Botha, 'n baie warm ondersteuner van Potgieter, vir Laffnie te lyf gegaan. Potgieter se mense wou glad nie dat die twee die brief aan Potgieter gaan af gee nie, omdat Burger 'n brief van Potgieter aan hom net so teruggestuur het, "omdat die opskrif nie behoorlyk was." Die Potgieter-mense het met verbasing uitgeroep "waar is die raad, die is reeds afgeschaft," en het die boodskap dat hulle Potgieter as die hoogste gesag erken, is die twee teruggestuur om verslag te gaan doen aan die Raad. (3)

Dieselfde middag (4) na die vergadering is Burger met sy seun Schalk te perd huistoe. Op pad daarheen is hy op Strydfontein by die sloot deur Veldkornet Philip Minnear en J.V. Botha en 14 man gevange geneem. (5)

Potgieter laat toe dat Burger se seun Schalk, wat toe al 'n knapie van 16 jaar was, huistoe gaan om die boerdery te gaan versorg. Op 'n vraag van Burger waarom hy hom laat vang het, was Potgieter se antwoord dat iemand gesê het dat hulle

(1) V.T.A. bl. 255 (Burger aan Duvenhage)

(2) Eyr. 2, bl. 112. (10 Febr. 1847) Laffnie is op Boomplaats doodgeskiet.

(3) Eyr. 2, bl. 91 en 112.

(4) (10 Febr. 1847. Preller stel dit vas op die 10de, Andries Pretorius, bl. 167 op die 12de. Eersgenoemde is m.i. korrek. Vgl. ook V.T.A. bl. 268 en Herinneringe van S.W. Burger (onuitgegeë) en Vm.Dl. III bl. 8: Herinneringe van A. en W. Potgieter.

(5) i. Herinneringe van S.W. Burger (onuitgegeë)

ii. do A.H. en W. Potgieter, Vm.Dl. III, bl. 8.

hom wil laat vang; (1) hy sê verder..."Ik wenste dat al jou

menschen naar my toe willen komen, maar ongewapend en dat die laaste Volksraadsbesluiten by-een worden gebragt om deze allemaal te verbranden..."(2)

Dieselfde nag is Schalk Burger en Servaas van Breda, Burger se swaer en buurman, met 'n omweg, omdat 'n Potgieterwag alle kommunikasie tussen Nooitgedacht en Ohrigstad moes afsny, na Frans Joubert om hom van die gebeure te gaan verwittig.

(3)

Twee briewe waarin Potgieter sy ondersteuners opgeroep het, het in die hande van H. van Staden en 'n weduwe du Preez gekom en sodende het die Volksraadsmense te hore gekom wat hulle te wagte was. (4)

Kommandant van Rensburg en Frans Joubert versamel 'n kommando en trek daarmee na Strydfontein om te eis dat Burger vrygestel word. Hy is al die tyd in 'n sloot deur twee man bewaak, met die opdrag dat hulle hom moes doodskiet sodra die Volksraad dit sou waag om 'n skoot te skiet. (5)

'n End van die huis af is van Rensburg deur 'n aantal gewapende Potgieter-mense voorgekeer en Potgieter laat hulle weet dat hy Burger sou laat doodskiet as hulle dit waag om op die huis af te storm. (6)

Van Rensburg stuur 'n boodskap aan Potgieter dat hy nie wou bloed vergiet nie, maar dat hy gekom het om Burger vry te kry. Hierop is 'n onderhandelinge aangeknoop.." wat dit ooreenkomstig die beste gebruike laat afloop het op 'n skriftelike

(1) Vgl. V.T.A., bl. 264

Vm. III, - Herinneringe van A.H. en W. Potgieter, bl. 8.

Vm. III bl. 55, Herinneringe van H.J. Potgieter.

(2) Em. III, bl. 87, Herinneringe van S.W. Burger. (Dis nog gladnie duidelik hoedat Dr. Potgieter hierdie verklaring van Burger, wat aangeneem word deur Dr. Preller, A. Pretorius, bl. 142 in twyfel kan trek nie. Potgieter het so 'n hekel in die Raad gehad dat dit begryplik was dat hy die Volksraads-besluiten wou verbrand.)

(3) Herinneringe van S.W. Burger, (onuitgegee)

(4) *ibid.* (van Staden was Burger-gesind, - vgl. V.T.A. bl. 265. Hy het uit die suide van die Vrystaat gekom waar hy beskuldig was van wangedrag.)

(5) Herinneringe van S.W. Burger, (onuitgegee)

(6) *ibid.*

52.

ooreenkoms, die vrugbare bron van nog meer latere sonde..." (1)

Die boodskappe is oor-en-weer gedra deur Laffnie en Willem Joubert van die Raad se kant en Piet en Hans Van Dyk van Potgieter se kant. (2) Die gevolg was dat elke kant 4 man kies om 'n verstandhouding te tref. Namens die Raad is Johannes H. Grobler, Jan F. Schutte, J.C. Klopper en David Joubert en namens Potgieter Philip C. Minnaar, Hans Bronkhorst Petrus F.J. Pretorius en M.J. Fourie gekies. (3)

Die afgevaardigdes kon nie tot 'n besluit kom nie, waarop Potgieter aan die hand gee om Burger ook by te roep. Rabe versoek Burger toe om self 'n ooreenkoms op te stel, wat hy toe ook doen en waarin ..."zy als raadsliden belcofdende wetten en andere staatspapieren aan Potgieter van oor acht dagen af te staan, zodra dien door hen opgesist werd.."

Hierop het Klopper nog aangemerkt teenoor Burger.."Dit lyk of jy jou wil losmaak en ons vasmaak.." Burger kon hom egter verseker dat hy sou sorg dat alles regkom." (4) Voor Klopper token, het van die Potgieter-mense hom nog aangeraai om dit eers aan sy mense voor te lê vir goed-of afkeuring, waarop hy egter geantwoord het, dat hulle moes berus by wat hy as hul afgevaardigde doen. (5)

Die ooreenkoms behoorlik deur die 8 gevele magtigdes op Saterdag 13 Februarie onderteken te Strydfontein het bepaal dat..." Alle papieren de Heer Potgieter toebehoorende en de

orignele notulen der Raad van den aanleg dezer plaats totdat de Raad uit elkaar is gegaan tegen aanstaande Zaterdag, 20ste aan den Heer Potgieter of behoorlyk daartoe gequallificeerde personen wullen worden afgeleverd ten einde copyen daarvan te nemen.." (6)

-
- (1) Andries Pretorius, bl.141.
(2) Vm.IV, bl.87, Herinneringe van S.W.Burger.
(3) Evr.2, bl.97 en Andries Pretorius, bl.141. (dit was blykbaar nie Phlip Fourie nie, vgl. Andries Pretorius, bl.141 en 147, waar Dr.Preller blykbaar dieselfde fout maak. Dit was Krisjan Klopper (J.C.) Hans Bronkhorst en Hans Grobler.)
(4) Herinneringe van S.W. Burger, (onuitgege.)
(5) V.T.A. bl.262.
(6) Evr. 2, bl.97.

Burger is dadelik vrygestel. Op die 24ste sou daar 'n publieke byeenkoms gehou word en intussen moes almal huis toe gaan en hulle stil en rustig gedra. (1)

Op die 20ste stuur Potgieter vir Frans Pretorius en Louis Van Wyk om die papiere, soos bepaal in die ooreenkoms van die 13de te gaan haal op Ohrigstad. In die teenwoordigheid van 'n paar Volksraadslede en ander het Frans Joubert die papiere in besit geneem en gesê..."dat de Volksraadsleden er

geen recht op hadden. het behoorde aan het volk en niet aan de Raadsleden en zy het dus niet van de Raadsleden vragen.." (2)

Hans Grobler vra hierop aan die afgevaardigdes.."of zy

geen gedoopte en aangenomen mensen zyn en of zy die papieren door henzelven medegemaakt en be-edigt, kunnen verbranden, en of zy den eden die zy voor God gezworen hadden ook kunnen verbranden? ..." (3)

Met hierdie toedrag van sake moes die afgevaardigdes hulle tevrede stel en met 'n brief van die Raad aan Potgieter, dat die publiek die papiere in besit geneem het, (5) moes hulle onverrichter sake teruggaan..G'n wonder dan ook dat van Potgieter se kant gekla is oor die "dubbelsinnige handelwyse van die publiek teen hulle." (6)

Hierna het Potgieter hom klaar gehou vir moontlikhede.. en gesê..."terwyl wy bedrogen zyn in het door u niet afleveren van de publieke papieren...daar, dat indien gyl. geen bedwang had over het publiek in het wederhouden van het geen gyl. plechtig verbonden was te leveren, hy niet weten welke verdere buitensporigheden het publiek van uwe zyde nog had kunnen doen. (6)

en kommandeer Veldkornet Piet Nel op Sondag die 21ste om met sy manskappe gereed te wees om hom te kom help..(7)

(1) Evr. 2, bl.98.

(2) Herinneringe van S.W. Burger, Vm. IV, bl.89.

(3) *ibid.* en vgl.Andries Pretorius, bl.142.

Grobler was nie 'n Potgieter man nie.

(4) V.T.A., bl.262.

(5) *ibid.* bl.263.

(6) *ibid* 262

(7) *ibid* 262 en Vgl.Andries Pretorius, bl.143.

(Dr. Potgieter se teenbewering teen Dr. Preller in sy voetnoot op bl.169 in H. Potgieter, is nie duidelik gestaaf nie. In die onwettig-gekose Raad het Potgieter self ook gesit. Die papiere is nie aan hom gegee nie..Dr. Potgieter beweer so op bl.169. Vgl. in verband hiermee..Voortrekkerargiefstukke bl.265 en S.W. Burger in Vm. IV, bl.90.)

54.

Om gewapande manne bymekaar te bring sonder dat hulle iets te doen het, is om gemoedere gaande te maak en die reeds bestaande spanning nie te laat verslap nie.

Twee dae lank is dit 'n heen-en-weer-skrywery tussen die gevolmagtigdes van die twee partye. Potgieter antwoord op die 24ste dat hy "niets meer te doen had dan de publieke papieren op laats leden Zaterdag by U Edl te laten halen", en aangesien hy as 'n medewerker in die onderhandeling uitgesluit was, kon hy nie die byeenkoms, wat op die dorp saangekom het om ondersoek in te stel in die verdeeldheid, bywoon nie. (1)

Met die ooreenkoms van die 13de op Strydfontein het die Raad vir Potgieter mooi om die tuin gelei. Die papiere is nie soos in die ooreenkoms aangegaan, afgelewer nie "alleen was (dit) geschied om onschuldig bloed voor te komen"; Potgieter se mense laat vir die Raad-aangangers weet dat enige noodlottige gevolge wat daaruit mog spruit op die hoofde van die Volksraadsparty neerkom. (2)

Die party, nie meer tevrede om net die saak in die hande van die Saakgelastigdes te laat nie, laat weer voormanne, vir die doel uit hul samekomste gekies, na die pen gryp en die publiek van Strydfontein skrywe aan die "Vergaderden" te Ohrigstad. (3) Laasgenoemdes, waaronder W.H. Neethling (ook net pas aangekom in Ohrigstad) J. Lotter, J. Prinsloo e.a. vul aan waar hulle reken dat hulle gevolmagtigdes tekort skiet: die papiere behoort aan die Raad; Potgieter en sy 4 man is verantwoordelik vir die "gruwelyke en schandelyke onmenschonlyke beweging"; hulle sou so lank hulle leef hulle aan geen eenhoofdige bestuur onderwerp nie, e.s.m. (4)

Potgieter se mense hou vol dat sy aanstelling uitdruklik vasstel dat iedere kommandant wat van elders inkem aan hom

(1) V.T.A. bl. 260 en 261.

(2) ibid. 262.

(3) ibid. 263.

(4) ibid. 265. en Andries Pretorius, bl.144.

(J. Lotter was een van die eerste intrekkers. Dr. Preler beweer van anders.)

onderworpe is e.s.m.(1)

Die Raad se verteenwoordigers bly daarby dat die grond geokkupeer word by vergunning van die Raad, maar as Potgieter bewyse kon voorlê om die teenoorgestelde te bewys sou hulle geneë wees om dit te diskusseer. (2)

Die Potgieter-party het nou gevind dat die "ander Maatschappij" nie oortuig sou raak nie, en dat hy die papiere nie in hande kon kry nie,.. en (Potgieter) "verlangde met geweld zyn teenparty te onderwerpen en een eenhoofdig bestuur in te stellen.." (3)

Potgieter, met iets onder die honderd man, (4) trek skielik op na Ohrigstad.(5) Die Volksraadsmense gewaar hom en wou verhoed dat hy die skans sou bereik; maar voor hulle dit kon doen glip hy op 200 tree afstand/daarin.^{van hulle af} (6)

Van Rensburg en Joubert stel toe die kanon op die skans en laat vir Potgieter en sy mense weet dat hulle moet wegstaan van die mure af, daar hulle dit wou omskiet. (7) Jan en Nicolaas Grobler wat aan albei kante familie gehad het, verhoed dat daar geskiet word. (8) Van Burger is 'n voorstel gevra waarop toe

(1) V.T.A. bl. 267.

(2) *ibid.* 267.

(Dit blyk tog dat die Volksraad die Potgieter-kommandantskap-aanstelling van Mei geweier het met hul eerste vergadering in Augustus 1845: maar wel die Augustus-aanstelling op 20 Aug. '45 bekragtig het.." verder zyn de Raad overeengekomen dat te bekragtigen...Evr. 2, bl.22.

Vgl. Andries Pretorius bl.145 waarin anders beweer word. Dit skyn dan ook of Potgieter nie gedurende daardie tyd na Mootrivier of Magaliesberg was nie, vgl. Andries Pretorius, bl.144.

(3) Hendrik Potgieter bl.190 en Voortrekerargiefstuke bl.260. Vm.III, bl.55. Herinneringe van H.J.Potgieter.

(4) Andries Pretorius, bl.146.

(5) Dit skyn asof dit die eerste van Maart kon gewees het.

((6)a. Vm. III, bl.55. Herinneringe van H. Potgieter.

b. Vm. III, bl.90, Herinneringe van S.W. Burger (onuitgegees) (Die Volksraadslede het meer na die suide van dorp gewoon en daar bymekaargekom. Hierdie skans was die eintlike Potgieter-skans waarvan nog 'n deel te sien is.

(7)a. Herinneringe van S.W. Burger (onuitgegees)

b. Vm.III, bl.109. Herinneringe van I.J.Breytenbach. (Vgl. Hendrik Potgieter, bl.170 waar Dr. Potgieter ontken dat die partye gewapend teen mekaar was. Burger sê in sy brief aan Smellekamp, 10 April, 1847, "Wy waren zelfs tot twee reizen met de wapenen tegenover elkander."

Dr. Engelbrecht, Bylae II.

(8) Vm.IV, bl.90. Herinneringe van S.W. Burger.

ses man van elke kant gekies is met die opdrag dat albei kante hulle aan die uitspraak van die arbiters moes onderwerp. (1)

Saam is toe 'n ontwerp-ooreenkoms opgestel wat die aand van die eerste Maart voor hulle mense gelê is vir goedkeuring.

(2) Potgieter se verteenwoordigers, bestaande uit P.F. Pretorius, A. Duvenhage, A. Smit, J.G.S. Bronkhorst, C.J. Bezuidenhout en Rabe hamer op Potgieter se aanstelling en dat dit nog van krag was; maar erken tog dat "twee maatschappye in hetzelfde niet kunnen wonen en bestaan." Die Raad se verteenwoordigers, bestaande uit Hans Grobler, Christiaan Klopper, Burger, van Breda, W.F. Joubert en J. van Rensburg hou daarop dat, "...een ieder zyn grond occupeerd door vergunning van de Volksraad, uit macht aan den Raad verleend daartoe door de gezamenlyke publiek en de Hoofd Commandt..." (3)

Dieselfde dag nog kry die 12 man dit reg om die ontwerp-ooreenkoms verder te skeaf en vir goedkeuring aan die publiek van altwee kante voor te lê:

1. Beide kante lê die wapens neer en gaan rustig en stil huistoe;
2. Beide partye wag op die uitspraak van Smellekamp en beloof om daarby te ^{be-}rus.
3. Die Raad en die Hoof-Kommandant sal mekaar se regeringsvorms nie erken nie.
4. Ingeval van 'n kaffer-aanval, sou almal saamstaan.
5. Aan Smellekamp se begeerte sou albei kante voldoen.
6. Waar klagtes ingebring word, belowe hulle oor en weer beskerming. (4)

Daar sou dus twee regerings wees, onafhanklik van mekaar.

(5) Met die Potgieter-gesante moet ons saamstem dat.. "twee maatschappye in hetzelfde niet kunnen w^onen en bestaan."

- (1) Vm., IV bl.90. Herinneringe van S.W. Burger.
- (2) V.T.A. bl. 266.
- (3) ibid 267.
- (4) ibid 267 en Andries Pretorius, bl.147.
- (5) Die Weg na die See, bl.100.

Teenstrydighede vind plaas wat die staatsmasjienerie nie glad laat funksioneer nie. Die Volksraad teken plase aan, en volgens besluite van publieke byeenkomste en 22 en 23 September 1846 teken die klerk van die Hoof-kommandant Rabe, ook plase aan, "zonder dat hy door de Raad daartoe aangesteld is" waarteen die Volksraad heftig protesteer. (1)

Vanuit die nuwe kantoor op Ohrigstad vaardig die Raad met sy groeiende aanhang gereeld soos klokslag regulasies uit en maak wette; terwyl Potgieter op Strydfontein, of in die veld op besoek aan sy ander besittings met sy Sekretaris, sy Veldkornette en "Byeenkomste" sy deel van die gemeen ^{-skap} regeer.

Potgieter bly die patriargale houding bewaar oor die hele land en sy inwoners. Die mense hoef nie bekommer te wees oor "de bescherming van (hulle) landeryjen...omreden (hy) er voor gezorg heef." Hy voel hom verplig om vir die veiligheid en welvaart van die Emigrante te werk. (2)

Vir die orige deel van 1847 en tot met sy vertrek in Maart die volgende jaar, het Potgieter die Raad en sy aktiwiteite heeltemal liks laat lê, en deur getalsterkte dit reggekry om sy gang te gaan.

Terwyl Potgieter besig was om die land verder Noord te gaan bespied of die Suidelike deel daarvan te besoek en landsake van algemene belang te reël, is die Raad besig om sy eie pad skoon te vee, en vir sy voortbestaan te ywer, onverskillig of dit juis tot die meeste voordeel van die bevolking sou strek. Die Raad was gedurig op die uitkyk om beledigers van "het hoogste gezag" te straf en te beboet, en asof bewys van sy eie swakheid, het hy met elke geleentheid uitgebasuin dat hy die volk verteenwoordig. (3) Hulle sou dadelik na die ergste storms van Februarie

-
- (1) Evr. 2, bl. 94.
(2) V.T.A. bl. 275.
(3) ibid. bl. 271.

maand oorgewaaï is, finaal met Josef Macabe afreken. Macabe is daarvan beskuldig dat hy onwettig binne die grense gejag en geweeers aan die kaffers verkoop het. (1) en (2)

Terwyl die Raad wag op "kieslyste" en Volksraadlede^s insweer is Potgieter klaar om te vertrek na die Baai. Die Raad waarsku hom, want dit sou "een algemeene tweedrag verder bewerken.." maar by die tyd was Gert Kruger uit Magaliesberg al daar en hulle is weg Baai-toe-... (3) met die doel om 'n pad soontoe te kry deur st^erike wat sonder vlieë is. Smellekamp was nie daar nie maar Potgieter kry 'n verlof-brief van die Goewerneur " . . . nuwe wege te openen op de kust binnen de Portugesche bezittingen." (4)

Skaars was hy terug van die Baai of hy maak klaar om na die Noorde te gaan. Op 11 Junie, die aand voor sy vertrek, het die Oorigstadters, vreesbevange vir 'n kaffer-inval, hom gevra om tog maar van die voorgenome kommissie af te sien. (5) Op die 13de het hy sy kommando, wat later aangegroei het tot 238, vir 'n paar dae laat oorsaan aan Steelpoort, en vandaar laat hy vir die Oorigstadters weet dat hy . . . vir 'n paar dae daar sou bly. Hulle moes hom haastig laat weet of alles rustig is. Die kommissie staak kon hy nie. . . "omdat ik myn verpligt^{vinden}/voor de vyiligheid en welvaart der Emoegranten te werken. . ." (6) Potgieter sou die agterblywendes nooit onversorgd en onbeskermd agter^{la}at nie. Toe hy niks van die Raad/^{verneem}nie, en nadat hy alle voorsorgmaatreëls vir die agterblywendes geneem het, stel hy vir Frans Pretorius aan om in sy plek te ageer, en vertrek na die Noorde. (1)

-
- (1) Evr. 2, bl. 54 en V.T.A. bl.242. (Ten einde die boetegeld te in laat die Raad die goedere van Macabe gedeeltelik verkoop. Al die kopers was Raadsg^sindes.)
- (2) Evr.2, bl. 136 en V.T.A. bl.292. As blyk van sy erkentlikheid sou die Raad, "namens het algemeen" op een van die publieke erwe 'n huis vir Smellekamp bou en dit vir hom as geskenk gee. Die straat sou ook sy naam dra. En soos gewoonlik word die publiek uitgenooi tot bydrae en vrywillige gifte. As boukommissie van die huis wat 50 by 20 voet moes wees, is benoem J.J.Burger, JøE.van Rensburg, Frans Schutte en C. Potgieter.
- (3) Evr. 2, bl.112 en bl.103.
- (4) Engelbrecht, Bylae III.
- (5) Die Weg na die See, bl.274.
- (6) . . ., Engelbrecht, Bylae III en bl.275 (V.T.A.)

Die Raad probeer nou op enige moontlike manier om vir Potgieter te belet om die ekspedisie te maak. Hy steur hom egter nie aan hulle nie. Toe die Raad vind dat Potgieter geen ag gee op hul besluite en bevindings nie, verkla^{ar} hulle sy offisiersaanstellings onwettig; selfs ook die van Kommandant Gert Kruger, is nie erken nie. (2)

Potgieter het reeds 'n ekspedisie na die Baai gemaak en nou weer een na die Noorde en die Raad wou darem ten minste nie vir hom agterstaan nie. Hulle sou 'n kommissie na die Baai stuur. Vir die doel word J. Steyn en J. de Clercq na Mooirivier en Magaliesberg gestuur om te probeer mense werf vir die tog daarheen. Potgieter was egter weer te gou vir hulle; want al die mans wat enigsins gemis kon word is saam met hom na die Noorde, en die twee here moes onverrigtersake omdraai. (3)

Soos Potgieter verwag het was hy binne twee maande weer terug. Hy sê uitdruklik dat hy gegaan het om 'n beter en veiliger pad, verblyf- en handelsplek te soek en dat alles meegeval het. (4) Hy was nog nie oorgehaal om te verhuis nie. Hy het na Ohrigstad getrek om nie weer verder te trek nie. Hy skrywe aan die mense op Ohrigstad... "Aangelelyks zie ik in u brief dat ik het hier verlaat... Daar het een denkbeeld is die nimmer by myn is opgekomen zulks te doen, dat zoude myn van wynig nut zyn naa myn onvermoeide arbyt alhier een vesting met zoo onverbreekbare kenteke-
nen gemaak te verlaaten." (5)

Dit was eers na hierdie besoek aan Zoutpansberg en die suksesvolle (6) besoek aan Mooirivier en Winburg, dat die gedagte om alles hier te verlaat en Noord te trek,

-
- (1) Dr. Engelbrecht, Bylae IV en III. (vorige bladsy)
 (2) Evr.2, bl.121.
 (3) Vgl. V.T.A. bl.276.
 (4) Dr. Engelbrecht, Bylae IV.
 (5) V.T.A. bl.275: Potgieter aan mense vergader te Ohrigstad.
 (6) Potgieter kry dit reg om die hele suidelike Transvaal agter hom te konsolideer vgl. verslag van Rabe oor die vergadering te Ohrigstad en die naamtekeninge daarna geworf. 23.9.1846.

gekristaliseer het en die volgende moes die daad verhaas het:

- i. "ons dorp zowel als de omliggende gronden, tot op een groote distansie geheel onbestaanbaar is voor vee waarin wy groote verliesen hebben geleden...
- ii....er is geen de minste vooruitzigte om met wagens eene communicatie met Lourenco Marques aan de gang te houden..."(1)
- iii. Die gedurige terugtrek van so baie van sy mense,
- iv. Die ongesondheid van die streek vir mense, en
- v. Die aanleklike vooruitsigte van Soutpansberg.

Die paar heethoofdige Volksraadslede en ongebalanseerde demokrate het deur hul verdwaasde foutvind-politiek saam met die muskiete, die mense uit Ohrigstad verdrywe. Potgieter weer het deur sy hardkoppige ontoegewendheid 'n deel van sy eie aanhangers van hom afvallig gemaak. (2)

Gedurende Februarimaand 1848 bring Potgieter sy mense langs die Steelpoort bymekaar om na Soutpansberg te trek en die Raad moes met lede oë sien dat .."nder de tegenwoordige staat van onveiligheid een groote aantal der ingezetenen alhier hunne woningen verlaten, zelfs sommige hunne bebouwe gronden onder waarde verhandel.."
(3)
sonder dat hulle in staat was om enig iets te doen om dit te verhoed.

Die Raad-gesinde publiek wat blykbaar weer gereed was om na allerlei Kaffer-stories te luister, was oortuig dat Potgieter hom gereed maak om 'n aanval op Sekwati te maak en gelas Piet Scholtz (4) om Sekwati te gaan help as dit die geval is.(5) Angsbevange roep die Raad 'n publieke byeenkoms saam by Krugerspost om.."de verwarring onder de publiek te voorkom". Hierdie publieke samekoms was die eerste vergadering wat nie in Ohrigstad of omgewing gehou is nie. In hierdie omgewing het die meeste Raads-ondersteuners van hierdie tyd gewoon; o.a. I.J. Breytenbach, Pi^e en Jan Kruger, Koos Burger(Jnr.), Bruwer, die Jouberts, Okkert van Niekerk, Versfeld e.a.

Die Raad vind hulle gedwonge om noodwetgewings uit te vaardig. Hulle was nou so min, ongeveer 60 families, dat dit

(1) Dr. Engelbrecht, Bylae IV.

(Potgieter aan Smellekamp op 30 September 1847.)

(2) Vgl. die geval van J. de Clercq, Piet Nel, e.a.

(3) V.T.A. bl.307

(4) Vgl. Dr. Engelbrecht, in *Historiese Studies*, Jaargang i, No.3 bl. 63.

(5) V.T.A. bl.310 en Evr.2, bl.147.

61.

baie nodig word om so naby mekaar te woon dat hulle met een dag se kennisgewings op die dorp bymekaar kon kom; die Raad sou elke 1ste Dinsdag van die maand 'n sitting hou; en almal wat wou help "om dit hier staende te hou" moes op 4 April teenwoordig wees om vir hulle plase te kies. Die woonplaas moes so na aan die dorp as moontlik wees en die tweede plaas kon verder afgelee/wees. (1) Die herindelings, verdeling en registrasie van die entruimde plase het die Raad baie hoofbrekens gegee, en hulle kies 'n kommissie bestaande uit die here Frans Joubert, Gindeon Joubert (Kapyn) en die landdros om enige kwessie in verband met plase te behartig. (2)

Die eerste groot trek uit Ohrigstad was in Maart 1848 'n voldonge feit. (3) Leeuwhuise, beboude erwe en bewerkte landerye wat nie van die hand gesit kon word nie, is net so laat lê, om weer aan ander toegeken te word.

Ohrigstad, wat die eerste jaar na sy stigting oor die 300 huisgesinne getel het, was met die oog op die handel en die onafhanklikheid bedoel om die plek te word waar die Trekker-ideale moes kristaliseer; maar helaas Potgieter se vertrek en die koors-epidemie van die jaar daarop, het hom die nekslag toegedien (4)

Hier eindig die "glorie" van Ohrigstad. Die dorp wat aangeleë was met die hoop dat dit die dorp van die Voortrek sou word, sou van nou af kwyn totdat dit 'n jaar later heeltemal verlaat is.

Hier op die dorp was drie winkels nl. die van Albassini, Cassimir en Antonie Fick. Behalwe die twee skanse was daar die Goewermentskantoor, die half-klaar Kerkgebou, 'n gevangenis

(1) Evr. 2, bl.151 (Al die mense wat voor 1842 die land ingekom het was ekkeregeregig op twee plase. Van toe af tot 1869 kon elke burger vir hom een plaas laat aanteken. Vgl. J. de V. Roos in Die Huisgenoot, 27 Nov. 1936.)

(2) Evr.2, bl.152.

(3) Vgl. "Opvoeding in Schoemansdal" in Historiese Studies, Jaargang 1, No.2, bl. 25 deur J.B.de Waal.

(4) Andries Pretorius, bl.274.

(Op die aangehegte kaartjie is die dorpie geskets soos dit daar min of meer moes uitgesien het in 1848.

en nie minder as 40 woonhuise nie, waaronder die van Smellek-
kamp, F.G. Wolmarsna, Frans Schutte, Cornelis Potgieter, J.H.
Grobler, Gert Bronkhorst, A. Duvanhage, P. Smuts, A. Fick, C.
de Jager, Piet van Staden, Gideon Joubert, Gert Rudolph, J.C.
Steyn...(1)


Potgieter het die Raad hier agtergelaat om hul eie
wette te maak maar homself nog bly beskou as die wettige
besitter van die gebied. (2)

Met die verhuising van Potgieter eindig die inge-
wikkelde parallel-regering van Ohrigstad; daarsonder sou die
"maatschappy" swakker wees as daarmee.

-
- (1) Hierdie maatskappy sou hoewel sonder 'n gereelde polisiemag, tog 'n
gevangenis hê. 'n Sekere Giesing beledig vir Burger en word met Rds.
666.5.2 beboet wat laasgenoemde egter aan die algemene kas skenk om 'n
tronk mee te bou.
- (2) Vgl. korrespondensie tussen Potgieter en H. Smith, V.T.A. bl. 316,
330, 335, 341 en 346.

Ohrigstad. (1845 - 1849)

Dis ongeveer hoe Ohrigstad gelyk het in 1845, met 'n klompie van die vernaamste inwoners. Voor die kantoor klaar was is etlike vergaderings gehou ten huise van Wolmarans en Bronkhorst.



Hoofstuk 7.V

Die Stigting van Lydenburg.

Met Potgieter en 'n groot deel van sy mense saam met hom uit die gebied Ohrigstad, was dit vir die agterblywendes nodig, weens die gerugte van 'n Kaffer-inval, naby mekaar te bly. (1) Dit het as gevolg dat baie mense in die laagliggende dele om Ohrigstad moes gaan woon. Die somer van 1848-1849 was buitengewoon ongesond. Sedert 1846 het die koors die mense hier reeds geteister; maar hierdie somer was dit so erg dat die wat enigsins kon wegkom, teen die bevel van die Raad, na hoër - liggende dele gevlug het. (2)

Die sterfte was op een tyd so erg dat selfs tot drie persone in een graf begrawe is. (3) In ander gevalle was daar weer niemand wat die dooies kon begrawe nie. (4)

..."Wy moeten U met droefheid mededelen dat ^{de}geele koorts met het scheidende somers heeft gewed te Ohrigstad. En er is rykelyk menschen gestorven.." skrywe Genl.A.W. Pretorius aan P.E. Faure. (5)

Kootjie Burger skrywe aan Jacob de Clercq op 19 April 1849 .."het gaat hier in de ronte ellendig met de trekken en sterfgevallen.." Meer mense het uitgetrek na Krugerspost en die hoër-liggende dele. "De menschen heb Ohrigstad opgebroken en zal ze op een hogere plaats vestigen." (7) Die landdroskantoor is na Krugerspost verskuif. Vanaf Augustus 1849

(1) Vgl. bl.58.

(2) a. R.176/49 (Grobler uit Watervalsrivier aan van Staden)
 b. Vm.III, bl.32, - Herinneringe van A.H.Potgieter Jnr.
 c. Vm.IV, bl.72,- Herinneringe van Schalk W. Burger.
 d. Gedenkschriften Paul Kruger, bl.8. ("Koorts, veeziekten en andere ellenden drongen ons terug te gaan")

(3) Deponente, J.M.de Beer, M.J. Oosthuizen en J. Breytenbach.

(4) Deponent J. Breytenbach, (my ouers het op Vlakfontein gewoon, maar nooit hier koors gekry nie. Hulle moes die mense gaan help begrawe op Ohrigstad waar party selfs tot drie dae gelê het." (En dit in die Bosveld in die somer...Vlakfontein grens aan Krugerspost)

(5) R.169/49.

(6) V.T.A., bl.381.

(7) R.169/49 en Kerkbode van 14 Julie 1849. (In die twee kerkhove op Ohrigstad is daar 47 grafte: op Nooitgedacht 12: en op elke plaas in die omgewing is daar 'n half-dozyen of meer Voortrekkergrafte. Die meeste van die wat grafstene het toon aan dat die sterfgevallen plaasgevind het in 1849. Langs die Steelpoort naby waar die Spekboom aansluit is 46 grafte. Dis moeilik om vas te stel of dit almal Voortrekker-grafte is. Oorlewering het dit as die plek waar Potgieter bymekaar getrek het voor sy uittog na die Noorde.

64.

tot einde Februarie 1850 het Krugerspost die onderskeiding te beurt geval om die regeringssetel van die distrik te wees. Willem Versfeld was die enigste landdros van hierdie kantoor. (1)

Die koers het die hele staatsmasjinerie verlam en met die afsterwe van die Volksraad-sekretaris op 9 Mei 1849 was die Raad ontwrig. Vir ses maande was daar nie weer 'n vergadering van die Volksraad gehou nie. Dit was geensins 'n gebrek aan belangstelling by die Volksraad en die publiek nie. Vanaf 30 Julie 1845 tot April 1849, 'n tydperk van 45 maande, is daar 45 Volksraadsvergaderings en publieke byeenkomste gehou. Omstandighede het egter gemaak dat daar nie sprake in hierdie tyd was om of die Volksraad of die publiek vir 'n byeenkoms saam te roep nie. Eers op 20 September 1849 vind daar weer 'n "Raad van Repersententes" vergadering plaas onder voorsitterskap van Jacob de Clercq. Dit was die eerste samekoms van die "Vereenigde Bond" na die stigting daarvan te Derdepoort op 23 Mei 1849.

Die vernaamste werk wat hierdie vergadering gehad het was om "eenen dorp te bepalen". (2) Met die vergadering te Derdepoort was daar reeds sprake dat Ohrigstad deur 'n ander dorp vervang sou word. Die volgende vergadering was toe reeds op Krugerspost bestel, (3) en die besluit is goedgekeur dat .."Ohrigstad of daarna bepaalde dorp het hoofplaats zal bestaan." (4) Die Volksraadslede van die ander distrikte was skrikkerig vir Ohrigstad in die somermaande en het, net soos die Ohrigstadters self, gevoel dat 'n nuwe aanleg gemaak moes word. Die omgewing van Ohrigstad was dan ook reeds by hierdie tyd (September 1849) ontvolk. 'n Jaar later bekragtig 'n voltallige Volksraad te Potchefstroom hierdie Krugerspost-besluit-"alle gelden die overig blyfe na het bestryden der kosten ^{van dien} dorpen.... zullen overgezonde worde na den Hooft plaats Lydenburg." (5)

(1) a. Versfeld/toen ^{het} ter tyd gewoon op Rustplaats. Krugerspost het oorspronklik behoort aan Volksraadslid Piet Ernst Kruger, wat daar op 30 April, 1855, op vier-en-veertigjarige leeftyd op sy lande aan hartverlamming dood is.

b. Vgl.Vm., IV bl.72, - Herinneringe van S.W.Burger.

(2) Evr. 4, bl.7. (19 Sept. 1849.)

(3) Vgl. Evr. 4, bl.2 (23 Mei 1849)

(4) Evr.4, bl.4 en Evr.2, bl.183 en 184.

(5) Evr.4, bl.75, Okt.1850 (Ek onderstreep.)

Op Krugerspost was hierdie deel van die "maatschappy" verteenwoordig deur die lede Jacob de Clercq, J. Lotter, J.J. P. Prinsloo, J.N. Grobler (Kwaaiman) Karel Viljoen, P.E. Kruger, Piet Steenkamp, Ch. Viljoen en Wornelis Potgieter. Maar aangesien die Raad nie voltallig was nie, nl. 24 lede, is die vergadering aangevul uit die teenwoordige publiek deur nog meer Oorigstadters, Frans Joubert, Wessel Swart, Philip Coetzer en Marthinus Schoeman. (1)

As gevolg van die hewige koors in die omgewing van Oorigstad, het die grondwaarde aanmerklik gedaal. En na besluit is om 'n nuwe dorp aan te lê is die waarde van plase in hierdie streek "geheel vernietig"; die plaas Strydfontein, wat sedert die vertrek van Potgieter in 1848 'n Goewermentsplaas was, is nou sonder teespraak aan S. Schoeman gegee.

Die Raad kies na beraadslaging die plaas Boshoeck van Antoon J. Fick en Waterval van Jacob Malan (Jacob Kaffer) vir die nuwe dorp. Die dorp sou eintlik geplaas word op Boshoeck en die plaas van Malan "zal vervallen .. aan den dorp en dat de werkzaamheden op den plaats gedaan getaxeerd zal worde.." Nie daarmee tevrede nie besluit hulle ook dat die plaas Enheldoorn van ou Piet Schoeman .. "anex de plaats van A.J. Fick zal worden ingetrekken.. Aan den eigenaars drie persoon in getal uitmakende zal elk een erf worden toegekend".. Behalwe die erf se u elkeen nog die reg hê om vir hom 'n ander plaas te laat aanteken. (2)

'n Kommissie van drie bestaande uit C. Potgieter, Frans Joubert en Karel Viljoen is gekies om 'n watervoor te laat uithaal en die erwe te verdeel. Die erwe sou wees 450 by 150 voet; die strate 75 vt. breed. In die middel moes 'n blok van 6 erwe vir 'n kerk, kantoor en mark gelaat word. Dis verder bepaal dat alle eienaars hul erwe moes bewoon en niemand sou die reg hê om meer as drie erwe aanmekaar te koop nie. Tobias Smuts onderneem om die dorp op te meet vir 2/6 per erf. (1)

(1) Evr.4, bl.4 (Sept. 1849)

(2) Evr.4, bl.7 en Plaasregister van Lydenburg.

(Die plaas Boshoeck is in 1848 aan Fick toegeken. Waterval het reeds in 1847 in hande van Jacob Malan gekom. Die hoogte op Boshoeck was altyd bekend as Jaap se Hoogte, soggewoon omdat Jacob de Clercq voor sy trek na die dorp Lydenburg, daar gewoon het na Fick verskuive het na die plaas Klipspruit in krokodilrivier.)

Die m^ore van 21 September 1849 het die nuwe dorp die naam . Leidenburg gekry. Met dieselfde sitting egter word die naam, soos dit bedoel was, Lydenburg geskrywe. Dit is so genoem ter herinnering aan die lye in Ohrigstad se omgewing tydens die hewige koors-epidemie die vorige somer, toe omtrent geen huisgesin vrygespring het nie. (2)

Na die vereniging was dit ook nodig om die grense van die distrik vas te stel en die Raad verklaar dat die gebied van die "nuwe benoemde dorp, welke de hoofdpoats uitmaak, zal uitstrekken van hier tot aan de Eilandrivier met een regte lyn tot aan de Strydpoortberg. ..." (3)

Dit lyk egter of die nuwe terrein nooit uitgemeet is nie en of daar nooit enige verbeteringe tot die doel aangebring is nie. Ons kan redelik aanneem dat daar slegs eenkeer en wel met die besoek van Ds. A.Murray in 1850, toe daar kerk gehou, 70 kinders gedoop en 12 jongmense aangenaam is op 7 Januarie, 'n publieke samekoms op hierdie terrein saamgetrek het. (4)

Dit het geblyk dat die nuwe terrein weens gebrek aan water ongeskik was vir 'n dorp. Met die eerste geleentheid sou die Volksraad sy besluit wysig. Die Volksraad bepaal, met die Negedaagse sitting, beginnende op 22 Januarie 1850 te Potchefstroom, onder voorsitterskap van Wessel Swart, ..."dat de plaats van Johannes Koester ingetrokken is genaamd Rietspruit voor een dorp genaamd Lydenburg in de oeverzyde van

(1) Evr. 4, bl.4. (Sien vorige bladsy)

(2)a. Theal, History of S.A., VI, bl.504.

b. Stuart, De Hollandsche Afrikanen, bl.188, .."Ten gevolge van het Lyden dat zy in Ohrigstad ondervolden hadden.." kry die dorp die naam van Lydenburg.

c. Al die deponente daarom gevra, bevestig dit dat die dorp die naam van Lydenburg gekry het, ter herinnering aan die lye te Ohrigstad, (Die kleitrappery oor die naam Lydenburg deur J.H.Malan in Opkoms van 'n Republiek, bl.70, skyn my oorbodig.)

(3) Hier word weer Elandsrivier genoem. Die Elandspruit waarvan gepraat word op bl.233 V.T.A. is hierdie Elandsrivier sy tak van die Olifantsrivier en ou grens van die Ohrigstadse Maatschappy.

Vgl. ook Eerw. Merensky in De Volkstem 21 Okt.1876, Evr. 4, bl. 10 en Agar-Hamilton, Native Policy of the Voortrekkers, bl. 60 en t.a.p.

(4) Die gemeente Lydenburg na 75 jaar, bl.14.

Sterkspruit." (1)

Hier is nie gesloer met die opmeet van die dorp en die oprigting van publieke werke nie. Die dag na die Volksraadbesluit om 'n nuwe dorp aan te lê dien Antoon Fick memorie in "inhoudende om een gebou op te richten op het nieuw dorp om de Godsdienst uit te oefenen." (2) Vir die nuwe dorp is as "kerk Colege" benoem en aangestel Lodewyk Bothma van Blaauwbank, Johan Breytenbach van Vlakfontein as ouderlinge en Hendrik Grobelaar en Cornelis Booysen as diakens. (3) Subskripsielyste vir bydraes is dadelik die land ingestuur. 59 Persone het Rds.525, 8 balke en 1 dosyn 40 vt. planke gegee. In 1851 kon A. Livingston e.a. reeds 'n begin maak met die bou van die kerk. In Maart 1852 met die besoek van Di.Murray en Neethling was die kerkgebou reeds klaar. (4)

Die uithaal van 'n watervoor waarvoor hy Rds.280 ontvang en die bou van 'n skans was die eerste werke wat aangepak is. Veldkornet Jan de Beer kry opdrag van die Raad om hierdie werk te doen. (5) Die eerste skans was van sootie net onderkant waar Bührmann gewoon het op die hoek van Kantoor-

(1) Evr. 4, (22.1.1850.)

(Die eienaar sou twee erwe kry en 'n ander plaas. Verder was die bepalings soos die Krugerspost-vergadering besluit het. Philip Coetser, Volksraadslid en ouer broer van Johannes, was die enigste wat gekant was teen die besluit om Rietspruit van sy broer vir 'n dorp te ont-eien. Johannes het toe die plaas Doornkop aan Komati gekry. Johannes J. Coetser was net soos sy meer bekende broer, Philip, 'n paar Kaffertale magtig. Verskeie keer is hy deur die Volksraad en landdros as tolk gebruik. (Algief Lydenburg Landdros bl.80 en 85) Johannes en Philip het altwee deelgeneem aan die slag van Bloedrivier. Die Coetserbroers met hul stiefvader J.M. de Beer was besonder hooggeag deur die Swasie. (Vg. ook R.117/46 en Vn.IV,bl.36) Hy is op 12 Sept. 1823 in die distrik Cradock gebore en is op 70 jarige leeftyd op sy plaas Goedehoop 466 in die wyk Krokodilrivier, op 3 April 1894 oorlede. Hy was getroud met Johanna Viljoen, dogter van Gideon Viljoen van Mooiplaas, en tweeling broer van die meer bekende diaken-Volksraadslid Carel Viljoen van Rooidraai. Afstammeling van sy twee enigste dogters, ook reeds oorlede, woon nog op die erfgronde in die wyk.)

(2) Evr.4, bl.4.

(3) Evr.4, bl.8.

(4) Kerkbode 21 Januarie, 1854.

(5) Evr. 4, bl.4 en Evr.4, 10 Sept. 1850 en Evr.4 Mei 1850.

(Antoon Fick trek van Natal af saam Ohrigstad-toe, waar hy 'n winkeltjie aanhou. Geskeie van sy vrou en onder sensuur geplaas deur die kerk, is hy later getroud met die weduwee S.J. van Rensburg wat te Ohrigstad oorlede is. Hy het toe gaan woon op Klipspruit, 'n plaas wat aan die Van Rensburg-weeskinders behoort het. Van 'n baie woelige en impulsiewe geaardheid was hy dikwels in die moeilikheid. Hy was een van die lede van die kommissie na die Baai in 1845. 'n Rukkie later trek hy agter Potgieter aan Soutpansberg-toe, waar hy eweens 'n winkeltjie aanhou.

en Buhrmannstraat. 'n Rukkie later is 'n groot klipskans om die kerk gebou. (1) Vir maande aan een het die mense hier in 1852, gedurende die kafferonluste, gewoon, en is menigeen geheel en al geruineer. (2) 'n Tyd daarna is dit weer verskuiwe na die buurt van die teenswoordige tronk.

Gelyktydig met die besluit om die dorp Lydenburg te stig besluit die Raad ook dat die landdros dadelik tenders moet vra vir die bou van 'n kantoor... "12 Voeten breed en 30 voeten lang." Daar was haas by, want die koorstyd was op hande en met die tydelike kantoor op Krugerspost, was dit dringend noodsaaklik om so gou as moontlik 'n gebou op Lydenburg te kry; vandaar dat bepaal is dat... "het een pale huis moeten zyn." (3) Met die eerste Volksraadsitting in die dorp in Mei 1850 is Jacob de Clercq, Jr. wat toe reeds op die dorp gewoon het, aangestel as landdros teen 'n salaris van Rds.900 per jaar.

Onder die eerste inwoners van die dorp was daar Cornelis Potgieter (4) wat reeds sy woning op Ohrigstad verlaat het, en sodra die nuwe dorp aangelê is hom hier gevestig het. Verder was daar Hendrik Buhrmann, wat op die hoek van Kantoor- en Buhrmannstraat sy winkeltjie en agentskantootjie gehad het. Ander meer bekende persone was Hendrik Espag, C. Viljoen, Jacob Malan, A. Livingston, Meester Poen en hoër op langs Sterkspruit op de Beerspos, soos dit genoem is, P.J. Coetser, J.M. de Beer en G.C.Schoeman. (4)

In 1854 Skrywe Ds.vander Hoff, wat nie met die Lydenburgers oor die weg kon kom nie... "Lydenburg dat so fraai

als

-
- (1) Evr.4, 10 Spt. 1850.
 (2) Argief Lydenburg Landdros.
 (3) Evr. 3, bl. 29.
 (4) a. Jacob de Clercq Jnr. seun van ou Jacob op 'n tyd landdros van Winburg was 'n stiefskoonseun van Fick.
 b. Hendrik Espag was besonder streng op sy bediendes en was een keer voor die Hof vir 'n vergryp op een van sy "apparenties." Hy is dood aan kanker.
 c. Jacob Malan, bygenaamd Jacob Kaffer, oorlede in sy negentiger jare, was 'n besonder verstandige man, o.a. Heemraad van Lydenburg.
 d. Livingston was die bekende messelaar van die dorp. doen o.a. die klipwerk van die kerk en die tronk.
 e. Meester Poen kom hier aan van Holland in Desember 1851. Hy het die kinders van die dorp geleer en diens gehou. Hy is getroud met Hendrina Spies.

als hoofd plaats in de brochure van de Amsterdamsche Commissie prykt, is een ellemdig nest (kraayennest) 10 a 12 huizen of liever hutten, ter nauwernood voor de helft bewoond van hier (Potchefstroom) byna ongenaakbaar---enfin een nest, dat even als Ohrigstad schynt opgegeven te zullen worden; men bood my althans een erf aldaar te koop voor een pond, en hier te Mooirivier moet men van 35 tot 70 pond betalen..."(1)

Ds.Frans Lion Cachet, wat inteendeel die Lydenburgers besonder simpatiekgesind was, skrywe 'n paar jaar later...

"Lydenburg is een der oudste en fraaist gelegen dorpen in de geheele Republiek...Door de Koorts van daar (Ohrigstad) verdreven trokken zy 'n weinig zuidelyk en stichten Lydenburg, in de hoop dat er nu aan hun lyden. een einde zoude komen...De kerk is een eenvoudig doch goed stevig gebouw en het Goewernementskantoor is schoon klein, toch doelmatig. De gevangenis zou voor Simson geheel ongeschikt zyn, de school daarentegen onder leiding van den onderwyzer Hendrikse, een Hollander, wordt in een redelyk goed gebouw gehouden..." (2)

Vir baie jare het die dorp gekwyn en was daar nie die vinnige opbloeï wat 'n mens in ander dorpe soos Schoemansdal en Potchefstroom aangetref het nie, en dit was eers jare daarna, na die ontdekking van goud in die omtrek van Pelgrimsrust, dat die dorp vooruitgekom het.

(1) Engelbrecht, Bylae XXXVII en XXXVIII.

(2) F. Lion Cachet, ... Vyftien jaar in Zuid Afrika.(1875), bl.74-76.

70.
HOOFSUK IX.
VERENIGING EN AFSKEIDING.

Na Potgieter se vertrek uit Ohrigstad in Maart 1848 na Soutpansberg, is die eenheid, deur die persoonlike verband met Potgieter, tussen die Suidelike distrikte en Ohrigstad verbreek. Hopende op hulp van Nederland en wagtende op die koms van Smellekamp, het die Volksraad op hul eie die staatsvure brandende gehou, en pogings aangewend om die handel met Holland te reël. Toe verneem is dat Smellekamp in die Baai is, is Burger en Carolus Trichardt daarheen, (1) maar toe dit blyk dat daar meer hoop te wagte was van Inhambane as van Delagoabaai, is daarheen 'n kommissie gestuur bestaande uit J.J.Burger, David Joubert, J. de Clercq, J.N.Grobler, C. Potgieter, Kommandant S.J. van Rensburg en P.E. Kruger. (2)

Weggehoek van die res van die Emigrante, het hierdie 60 families nou meer as ooit die drukkende ekonomiese jyk begin voel. Die skrywe van Burger aan die "Hollandsche Handel- en Redery-Maatschappy te Vlaardingen gee 'n treffende beeld van hul posisie," Alleraangenaamst was het over het algemeen

onder onze Emigranten weder het geluk te mogen genieten van de vernemen, de aankomst van onzen waardigen heer Smellekamp aan de haven van Delagoabaay, in de hoop dat eindelyk onzen wensch vervuld zoude zyn van ZE. onder ons ter woon te hebben...en dat handel en bestaan voor de verarmde reeds 12 jarige zwervende Emigranten, een aanvang zoude nemen.." Verwytend gaan die kommissie verder en meld dat volgens hul Ohrigstad nie meer belangstel nie.."en de zaak geheel opgegeven had, ogschoon wy ons op hunne beloften en stellige verzekeringen hebben onze vrouwen en kinderen, en ons in den 20 weestyn geplaatst hebben, geene opofferings of gevaren te groot rekende, vertrouwende op onze Hollandsche vrienden, die zich ongevraagd en zoo zy verzeerde, alleen uit belangstelling zonder eigenbelang alle opofferings zoude laten getroosten... Smellekamp misleid en wy verregaande bedrogen, reeds drie jaren zonder enig bestaan van handel..." (3)

Smellekamp wat toe in die Baai was sou die brief saamneem.

- (1) Die Weg na die See, bl. 108.
(2) Engelbrecht, Bylae Vii en Evr.2, bl.154.
(3) ibid

71.

Hendrik Theodorus Bührmann, 'n Amsterdamse pakhuis-bediende, (1) stuur Smellekamp saam met Albassini na Ohrigstad as onderwyser. Hy was bestemd om, as plaasvervanger van Smellekamp, 'n aansienlike rol onder die Boere te speel, (2)

Terwyl Potgieter die Soutpansberg-trek in die hande laat van die troue Jan V. Botha, is hy self vir die derde keer na Potchefstroom om sy gesag daar in die Suide te konsolideer. 'n Groot aantal nuwe intrekkers uit Natal en die Vrystaat en die aankoms van Andries Pretorius het verwickelinge laat ontstaan wat Potgieter in die kiem wou probeer smoor. Potgieter was sterk gekant teen die politiek van Pretorius en skrywe van Potchefstroom op 15 Mei 1848 aan Sir Harry Smith, ..."daar

het myn hoogste doel is, allertyden was, het ongenoegen zien voor te komen en vrede te bewerkstelligen..." (3)

n op die skrywe van die Goewerneur Smith dat ..."Gy zyt alle en moet voor altoos blyven, Britsche onderdanen" van 22 Junie, antwoord Potgieter op 13 November van Potchefstroom...

...."het doet my leed eenigen inwoonderen van UEx.Kolonie zoo verre gegaan zyn om de wapenen tegen het Gouvernement van UEx. op te nemen...daar wy allen geen anderen begeerten hebben, dan met Hare Majesteits Gouvernement en onderdanen als goede en rustige naburen in vrede te leven, en nimmer de wapenen willen voeren...(wy) verder zullen trekken tot wy een plekje gronds vinden waar wy vry kunnen blyven..(4)

Ook teencor Southey laat Potgieter dit baie duidelik uitkom dat dit Pretorius is wat met wapengeweld probeer het om die Emigrante se saak te probeer bevorder, maar dat hy dit sterk afkeur. (5)

Potgieter is van Potchefstroom na Soutpansberg en in sy afwesigheid uit Mooirivier het Pretorius in verwickeling met die Britse regering geraak, wat vir 'n tyd daarop uitgeloop het, dat sy gesag gedaal het. (6)

Die Ohrigstadse Volksraad het selfs nou na sy vertrek geen goeie woord vir Potgieter gehad nie. Bührmann was egter vasberade om 'n vereniging te probeer tot stand bring, en met die doel is hy kort na sy aankoms te Ohrigstad na Soutpansberg om

Potgieter

(1) Van Oordt, Paul Kruger en die Opkoms van de Z.A.R. bl.62

(2) Die Weg na die See, bl.109

(3) V.T.A. bl.317. (4) V.T.A. bl.330 en 342. (5) V.T.A. bl.347.

(6) Vgl. Andries Pretorius, bl.370 en t.a.p.

Potgieter te gaan bearbei. Saam met Potgieter is hy van Soutpansberg na Potchefstroom om aangeleentheid met Southey te gaan bespreek. Dit lyk dan ook of Bührmann dit reggekry het om 'n gunstige indruk op Potgieter te maak en hom vir die verenigingsbeweging te win. Wat ook al toen Bührmann later ingebring kan word, een feit staan vas dat hy dit goed gemeen het en ook die vader van die vereniging was. (1)

..."In die Noordooste was die Ohrigstadse Volksraad en hul Natalse aanhangers. In die verre Noorde was die welvarende volksplanting van uitsluitend Potgieter-mense. By Potchefstroom en Magaliesberg het die publiek by openbare vergadering wel die gesag van Potgieter erken, maar daar was ook baie uitgewekene Natallers wat, ten spyte van Boomplaats, ondersteuners van Pretorius was.." (2)

Met die doel om nuer samewerking te probeer verkry met Ohrigstad, stuur Potgieter vir Abraham Duvenhage saam met Bührmann daarheen en skrywe op die koop nog 'n brief ook waarin hy die begeerte uitspreek om op nuut die band van liefde en eendrag met hulle te sluit. Hy hoop dat Potchefstroom geen besware sou hê nie en verlang dat die vergadering aan Olifantsrivier gehou moet word; hulle moes met Duvenhage die dag bepaal. (3)

Aan Kommandant J. Jacobs van Vaalrivier skrywe Bührmann op 12 Februarie 1849 van Hekpoort.."Dat is geheel en al ooreenstemmende met het gevoel en van allen die verbetering verlang en, en niet meer zulk eene twist willen gedoogen, namelyk de verkiezing van een Volksraad...alle met dezelfde eisch en in alles 291 naamtekeningen. Er was een groot publiek en ook deezen koozen allen een Volksraad, de heer A.H.Potgieter ook.. Hy is egter, anders as Potgieter, bereid om teen die Britte te veg.." Vald de Britsch ons aan deeze zyde aan, dan wee diegenen die niet vechten wil, en men heeft stellig besloten dit te doen.." (4)

Aan Ds. de Voogt skrywe Bührmann op 28 Februarie, ook nog van Hekpoort, dat hy gedurende die ses maande wat hy hier is nog aan die rondswerf is.."Dan ben ik aan het eene, dan aan het andere einde des lands...daar verschyden wederwaardigheden onder dit zoo zeer verdrukke volk, het welk door veele misleiding in onenigheid was, het noodig maakte, heb ik dit gedaan, en hoop het blyven doen solang het nog nuttig zal zyn.." (5)

-
- (1) Dit was eers na '49 dat Bührmann, wat blykbaar nie sy sin kon kry nie, die twee Volksleiers teen mekaar afgespeel het.
 - (2) Hendrik Potgieter, bl.213.
 - (3) ibid. bl.214 en Evr.2, bl.162 (Ohrigstad 6 Des.1848)
 - (4) V.T.A. bl. 357.
 - (5) Engelbrecht, Bylae X.

73.

Dit blyk uit die notule van die "Raad der Representanten" vergadering gehou te Ohrigstad op 7 Maart 1849, onder voorsitterskap van J. de Clercq, dat die "inwoners van Andries Ohrigstad" nie so danig begerig was "om op nuut die band van liefde en eendrag" met Potgieter en die res van die Republiek aan te gaan, soos wat Bührmann vir Potgieter te verstaan gegee het nie. (1)

Dit was vir die Ohrigstadters 'n gewigtige saak en die 10 Volksraadslede besluit om "voor deeze saak in te trekken die geweene leden oud en Effektieve Veldcornets om met de bestaande leden een raad uit te maken."

Op hierdie baie belangrike vergadering neem die Raad net een besluit oor die "algemeene zaak" en gaan maar weer aan met hulle alledaagse nietigheidjies.. Besloten eenparig alsmede het

tegenwoordig publiek gevraagd dat ook zonder uitzondering van een goed vond dat wy voor het tegenwoordige ons onmogelyk kan inlaaten om in het geringsten af te stappen van de regel tot hiertoe door ons ons stip aan te houden om de geringste bemoeieng te hebben met het Gouvernt. dat wy verlaten hebben nog met iemand anders maar ons stip te houden aan de stellige waarschuwing van den Heer Smellekamp die ons gezegd heef de Eenigste weg is te worden dat wy wensch te wezen en daervolgens zyn verzekering de tyd aanstaande is dat wy hem verwachten kan willen wy liefst ons volgens dien regel gedragen tot den tyd verschenen zyn zal.."(2)

Hiermee was die saak egter nog nie afgehandel nie. Bührmann was nie daarmee tevrede nie. Hy het sy brief van Hekpoort hierheen gevolg en toe hy hoor van die besluit van die Volksraad, het hy nie gerus nie alee: 'n byeenkoms op 14 Maart gehou is waarin besluit is dat "het aller noodzaakelyk was een publieke algemeene

byeenkomst gehouden zal worden aan de bovenste drift van Steelpoortsrivier onder Magneets hoogte..alwaar verwagt word de laaste lid van den Volksraad...alsmede de laatste man van het publiek, om zo danige besluiten te nemen..een deputasie te zenden de byeenkomst by Olifantsrivier te ontmoeten en te zien om indien eenigsin's mogentlyk een vereniging taweeg te brengen.."(3)

Op 19 Maart is die vergadering aan Steelpoort gehou maar dit lyk nie of dit so suksesvol was as wat voorspel is nie.

Op 22 Maart is die groot vergadering te Krokodilkop aan die Olifantsrivier gehou, waarop 'n 200 mense teenwoordig was, o.a ook Hoof-Kommandant A.H. Potgieter, landros Lombaardt, Kommandant

(1) Hendrik Potgieter, bl. 214.

(2) Evr. 2, bl. 175 (7 Maart 1849 te Ohrigstad.)

(3) Evr.2, bl.183 (Byeenkoms te Ohrigstad op 14 Maart 1849)

Gert Kruger, W.H.Jacobs, Veldkornet J.P. Marè (Jors Voeter) en die Ohrigstadters C. Potgieter en Stoffel Viljoen.(1) Bührmann was natuurlik ook daar. Die vergadering neem die volgende besluite wat ook deur Potgieter onderteken word;

..."dat er eene volksraad als hoogste gezag zal bestaan en dat er nimmer toegelaten zal worden dat er een of meerder Personen boven dezen als hoogst gezag hebben mogen aangestel worden maar zullen allen amptenaren en officieren onder deze volksraad staan en zal er meede geen Hoof commandant meer moogen aangestel worden nadat de heer A.H.Potgieter door ouderdom of ziekte of eenigen anderen oorsaak van deezen post ontslagen is, en is er mede besloten, afgevaardigden naar Ohrigstad te zenden om met deezen en de aldaar bestaende volksraad te vereniging der thans bestaende partyen tot stand te brengen, en later de door ons gekoozen leden by dezen volksraad te doen inzweren en zitting nemen welke inzwering zal plaats hebben aan Derde Poort op de plaats van de Heer Roelof Jansen. Verdor is besloten dat er eene geregsbank opgerigt zal worden om alle ouden twisten en beschuldigingen van personen te onderzoeken en dezelve zulks vereischende tot straf te brengen..."(2)

Op 24 Maart ontvang Burger te Ohrigstad 'n skrywe van die afgevaardigdes van die Olifantsrivier-vergadering, onderteken deur A.F. Spies, L.Lampert, Wm.H.Jacobs, J.P. Marè, Steps.J.Schoeman en L.Bosman waafin hom versoek word om dadelik 'n vergadering van die Volksraad en "het algemeen" te belê. Op 3 April ontmoet die Volksraad onder voorsitterskap van Jacob de Clercq die kommissie bestaende uit Willem Jacobs, Andries Spies, Jacob Marè, S.Schoeman en H.T.Bührmann.(3)

Burger was nie die man om toe te gee vir Bührmann nie. Hy was tenspyte van sy oordrewe demokratiese beginsels so verknog aan Smellekamp en het vir Potgieter so verafsku, dat hy hom eensins wou inlaat met enige vorm van samewerking met laasgenoemde nie; hy was die enigste van die Ohrigstadters wat nie wou kop gee nie. Sy hele gedrag kom duidelik uit in sy skrywe aan Bührmann en Gert Kruger..."wy zyn bevreesd uit dien weg te gaan ons aange-
wezen deur den heer Smellekamp waardoor wy alleen worden kan hetgeen wy wenschen te weezen..zoo lang wy op de komste van den heer Smellekamp blyft wagten, willen wy ieder party voor hun Eigen verantwoording laten werken..."(4)

-
- (1) Andries Pretarius, bl.399.
 - (2) ibid bl.396 en Evr.2, 104: V.R.65/49 en Soutter, 9.
 - (3) ibid bl.396 en V.T.A., bl.375 ("almal het genoeë geneem eksep den lid Burger die de zaak uitstel wilden")
 - (4) Evr. 2, bl. 184 en Soutter, 10.

75.

By die lees van Dr. Preller se Andries Pretorius kom 'n mens onder die indruk dat die siekte van Bührmann die vereniging te Derdepoort 'n stoot vooruit gegee het. Meer waarskynlik is dit dat die dood van J.J.Burger (1) op 9 Mei 1849 alle besware en Smellekamp-komplekse uitgeskakel het. Op 19 April, dus net 'n twee weke voor sy dood, skrywe hy aan Jacob de Clercq en "verder leden en vriende", tenspyte van die bearbeiding van die Olifantsrivier-kommissie, onderstaande brief waarin hy Bührmann lelik oor die kole haal en hom bestempel as 'n Jonas-Wonderboom. (2)

Burger was egter verkeerd want hierdie Wonderboom sou vir jare in die distrik 'n baie belangrike rol speel, (3)

(2)... "terwyl wy hem (Smellekamp) dus binne kort kan te wagten zyn, zullen wy ons liefst tot dien tyd maar zonder enig bemoeiing houden. Ook zyn wy bevreesst ons met hun als een gedeelte in te laten. Zouden wy weten dat alle Emigranten aan deze zyde Vaalrivier vereenig waren, zouden wy er zoo groot niet op zien, want laten wy ons met hun in en een andere gedeelte handelt tegens onze wetten om zich over Vaal rivier te moeyen, dan willen hebben dat wy tegen gaan zullen en des noodts met geweld van wapenen... Wat de Emigranten geleden heef, is my goed bekend, en zal dus alles vermyden dat aanlyding geven kan om hun aan elkander te brengen zich zelve uit te roeyen... omdat ik niet kan als ik wil moet ik hier zitten(a)... en wy als mannen van eer te handelen zyn verpligt ons te houden aan onze belofte zo wel met de Hollandsche Maatschappij als met den Heer Smallekamp... Bührmann zeide hy was een vreemdeling en ieder smeekte hem destyds met traanen in de oogen, toen hy na Soutpansberg reyden zoude, om alles aan te wenden om den vrede te bewerken... Daar gy (Bührmann) ons voor het hoogst. gezag erkende, vond gy egter goed ons te mislyden... Hy zeg my omze limieten niet verder uitgestrekt hebben dan tot Olifantsrivier. Ik zeg hem of 1 of 1,000 dat zeggen, zal dog geen een in staat weezen ons dat te bewyzen, maar alle bekendmakingen, van hier uitgevaardigd, zal aantoonen dat wy aanspraak hebben gemaakt tot aan de lyn van 't Britsche Gezag. Alleen om de zwakke bevolking alhier hebben wy vooreerst onze wetten niet verder uitgestrekt dan tot aan Olifantsrivier... Hy (Bührmann) en Jacobs verzekerde ons als wy dan naderhand met hun vereenigen willen, al komd Smallekamp ook, zy niet zoude doen... de lid Cs. Potgieter zyde, gyliden, Bührmann en Jacobs) u gemakkelyk onthouden kan, want gy veilig zit en wy vereenigen-moet, want wy te weinig zyn onder kaffers... Ik beh toen de publiek hun gevoelen gevraagd. Die stemde toe dat den 22 Mey de eerste zitting aan Derdepoort gehouden zal worden en dan vervolgens alle zittingen hier, dat de Raad altoos bestaan moet uit de $\frac{1}{2}$ leden van Ohriststad... dat de hoofd plaats alhier zyn moet... Ik heb hem (Bührmann) gezege dat hy niets anders als een schoolmeester is.. nu ryst hy rond als een commissaris, brengt alles in beweging en onderste boven, hoord onder de Raad en handelt als of de Raad onder hem staat... maar als ik aan Jonas Wonderboom gedenkt heb ik weder een troos..."

V.T.A., bl.376-381. (a) My moes toe die brief geskrywe is reeds siek gewees het.)

(1) Jacobus Johannes Burger, begrawe op sy plaas Nooitgedacht. Hy is ' gebore op 24 April 1795 en oorlede op 9 Mei 1849.

(3) Engelbrecht, Gesk. Ned. Herv. Kerk, bl.62-63.

76.

Nóg Bührmann, afwesig met Malaria aan die huis van Kommandant Kruger, nóg Jacobus Burger, reeds tot die vadere vergader, onderskeidelik voorstander en teenstander van die vereniging, sou op die vergadering te Derdepoort teenwoordig wees.(1)

23 Mei het aangebreek met ses lede van Ohrigstad en 14 andere "door het publiek gekosen een Verenigde Band van het geheel maatschappy aan deze zyde de Vaalrivier," teenwoordig te Derdepoort. Die volgende besluite is van belang vir Lydenburg:

"Voorgeleg aan de Raad dat er drie zittings plaatzen moeten benoemd worden. Besloten het zal in overweging worden genomen aan Ohrigstad."

Die Drie-em-Dertig Artikels van 9 April aangeneem.

Daar sou drie sittings per jaar wees, om die vier maande, die eerste op Krugerspost.

Potgieter is aangeskrywe om op Krugerspost teenwoordig te wees.

"Een Commissie Raad kan benoemd worden uit 5 leden"(2)

Vir Lydenburg was hierdie laaste klousule van baie belang. Al moes hierdie Kommissieraadsbesluite ter goedkeuring aan die volle Raadsvergadering voorgelê word, het dit tog vir jare 'n soort Uitvoerende gesag gehad. En weens die uitgestrektheid van die gebied en die uiteenlopende belange van Lydenburg vergeleke met die van die res van Transvaal, was die kommissieraad die aangewese liggaam om plaaslike belange, soos van tyd tot tyd nodig was, sonder die hele Raad, te behartig. Die Kommissieraad was dan ook die kern waaromheen die afskeidingsgedagte in Lydenburg kon aanwas.

Na die vergadering is die 6 Ohrigstadters, nl. Jacob de Clercq, J. Lotter, Piet J. Steenkamp, C. Viljoen, J. N. Grobler en J. J. P. Prinsloo huistoe, om daar te gaan help met die "weg-trek uit Ohrigstad."(3)

Omdat Potgieter nie teenwoordig was nie, moes sekere noodsaaklike besluite oorstaan vir die Krugerspost vergadering.

Potgieter het egter na die Olifantsrivier se byeenkoms 'n hekel

(1) Volgens Andries Pretorius, bl. 400 en Bylae 2 hierin vervat, blyk dit dat daar êrens 'n fout by Dr. Priller se berekening moes ingesluip het. Op bl. 402 verwek Dr. Priller die indruk dat Burger nog gelewe het.

(2)a. V.T.A. bl. 388: b. Andries Pretorius bl. 401: c. Die Weg na die See, bl. 114: d. Vgl. Van Oordt, Paul Kruger, bl. 62: en Worstelstryd der Transvalers, bl. 315.

gekry in Bührmann. Op 'n skrywe van Pretorius waarin hy kla dat hy beklad word deur Bührmann, antwoord Potgieter..."Een

zoortgelyke bewys van zyne onvergeevelyke wraakzucht is juist de reden waarom ik myne naamtekening op het besluit aan Olifantsrivier genomen getekend, heb terug getrokken.. want nadat wy verzoend waren, heeft hy weder...gezegd dat hy alles zoude aanwenden my ten onder te brengen.."(1)

Rabe skrywe aan Pretorius.."De oude heer Potgieter heeft

my by ieder geleghendheid dat ik met hem er over sprak, verzekerd dat niemand met meer bereidwilligheid de hand van vriendschap aan zyne overige landgenoten en mede Emigranten zoude bieden als hy, indien hy slechts in zyne vorige betrekkingen gelaten word en eene verzekering kreeg dat hy van verdere belediging van de heer Bührmann zoude beschermd worden...(2)

Die vereniging was daar, maar die kieme van 'n skeuring was reeds met die bymekaarkoms gesaai. Bührmann het, toe hy blykbaar nie sy sin kon kry nie, die twee gevierde leiers teen mekaar afgespeel, en dit ten koste van Lydenburg. Die mantel van Burger het op Bührmann geval. Waar eersgenoemde vir Potgieter van Ohrigstad vervreemd het, doen laasgenoemde dit weer met Pretorius. Met die harmoniese samewerking tussen die twee leiers, soos blyk uit die korrespondensie tussen Soutpansberg en Mooirivier, (3) het hulle die grootste aanhang gehad en was Lydenburg, ten spyte van die Vereniging niks meer as 'n verafgeleë distrik vir die orige deel van die Transvaal nie.(4)

Die Volksraadsvergaderings hier is sleg bygewoon. Die ander kede het blykbaar die moeite ontsien om hierheen te kom om vir Lydenburg te kom wette maak, terwyl hul eie kommissierade ter plaatse voorsiening kon maak wat dit betref. (5) Behalwe nog dat Bührmann die twee Volksleiers, en gevolglik ook hul aanhangers, van Lydenburg vervreem het, het hy 'n handige hand- langer gehad in Willem H. Jacobs, wat om sy eie wispelburigheid met Pretorius gebots het, en hom in Lydenburg kom vestig het.(6)

Reeds met die eerste vergadering op Krugerspost was daar,

(1) V.T.A. bl.399 - Potgieter aan Pretorius.

(2) ibid bl.397 - Rabe aan Pretorius.

(3) Die Weg na die See, bl. 113-114 en Dr. Engelbrecht Gesk. Ned. Herv. Kerk, bl.62.

(4) Dit blyk uit die feit dat Mooirivier baie min gemeens gehad het met Lydenburg.

(5) Op die vergaderings te Lydenburg gehou was nooit meer as 6-7 ander lede teenwoordig nie. (soos blyk uit die Volksraadsnotule)

(6) V.T.A. bl.403 - 413.

78.

in teenstelling met wat 'n mens sou verwag, slegs ses van die 14 ander lede teenwoordig, sodat daar dadelik van die wanwesige publiek, natuurlik almal Ohrigstadters, (1) ingetrek moes word. So is daar op Krugerspost en later te Lydenburg net aangeleent-hede van hierdie geweste bespreek, en insgelyks weer op Potchefstroom, sake waarby Lydenburg min belang gehad het. (2) Op 'n vergadering van die Volksraad gehou te Lydenburg in Mei 1850 is besluit om die lede van "den overzyde van Elandsrivier" te straf vir die laksheid waarmee die vergaderings hier bygewoon word.

Dit was Lydenburg wat aangehou het om 'n handel met Holland te probeer tot stand bring. En toe dit misluk was dit weer Lydenburg wat keer op keer 'n verbindingsweg met die ^{nie-}Britse hawe Delagoabaai probeer vind het en vir die doel verskeie kommissies, nou nog na die vereniging, op eie inisiatief, uitgestuur het, eindelik probeer het om 'n handelsoreenkoms met die Portugese te sluit en tot 'n vaste verstandhouding met hulle te geraak. (3)

Persoonlikhede het 'n geweldige rol gespeel in die verhouding van Lydenburg tot die res van Transvaal. Bührmann en Jacobs het altwee oorhoop gelê met Pretorius en vir die doel het hulle op elke moontlike manier probeer om hom te dwarsboom, met die hulp van die Lydenburgse Volksraad, wat hulle gewet het tot die doel te beïnvloed. (4)

Toe Lydenburg hom bevind in die Wurggreep van Sekwati en Mapog en hulp van elders ingeroep moes word, was dit Jacobs en Bührmann wat gekrywe het.. "Hoewel wy verplicht zouden zyn

volgens besluit en de aanstelling der Kommandant Generaal..om den WE.Heer A.W.J.Pretorius aan te skryven om dezen zaak te behartigen en uit te voeren, zien wy ons op dit oogenblik, door vele oorzaken verplicht, om dit na te laten totdat den Heer Pretorius zich verantwoord hebben" (5)

Teen die einde van November 1851 word Bührmann aangestel

(1) Evr.4, bl.4.(19 Spet.1849.)

(2) Vgl. Evr.4, bl. 35, 69, 79, 98, 110, 143 ens.

(3) Die Weg na die See, bl.117 en t.a.p. asook Evr.4, bl.73, 76, 125-134, 160 ens.

(4) Evr.4, bl.41, 42, 106, 154, 136, 170, 192, ens.

(5) V.R. 186/51.

as landdroos van Lydenburg. Hy skrywe egter 'n brief aan sy Jacob Maré (Jors Voeter) waarin hy daarop sinspeel om Pretorius van die gras af te maak. Die brief deur Pretorius onderskep en die saak op 'n Volksraadsvergadering ter sprake gebring met die gevolg dat Bührmann afgesit en onder bergtog losgelaat is. (1) Hiervoor het die Lydenburgers, soos later sal blyk, nie lekker gevoel nie, en veral nie Jacobs wat wrok teen Pretorius gehad het nie.

Op 'n vergadering van die Volksraad gehou te Elandsrivier op 15 Januarie 1851 is die Krygsraad gekra om 'n oplossing te vind in verband met die aanstelling van 'n Generaal. Met hul medewerking is toe besluit om vier "Generale Commandante" aan te stel, "die ten alle tyden als generaale zal ageeren in hunne distrikte.." Dis toe dat Willem Francois Joubert van die plaas Doornkop aangestel word as Kommandant-generaal van Lydenburg. Met die magte aan die Kommandant-generaal toevertrou soos Lydenburg nie agter staan by die ander distrikte nie, waar die hoogste gesag gelykstaande was met die wat aan Joubert gegee is. (2)

Lydenburg begin sake in sy eie hande neem toe hy gewaar dat daar nie juis iets van Potchefstroom se kant teen ingebring word nie. Op 13 Junie 1853 kom 'n Kommissieraad te Lydenburg byeen. Maar op die tweede dag van die sitting word dit omgetower in 'n "Voltallig Raad." 'n Memorie, waarvan daar 'n legio was, word ingehandig met die verlange "de Raad voltallig te zien omreden er zaken te behandelen zyn die het publiek vermeent

niet door de Commissieraad kan worden uitgewezen.."

...."De geheele raad nu zitting genomen hebbende volgens het verlangen van het publiek van Lydenburg, (en daar was Willem Jacobs en Bührmann die kop van) heeft dit besluit genomen, dat alle zaken welke alleen het distrikt van Lydenburg betreffen zullen worden gerekent door een volle raad gedaan te zyn maar alle andere zaken welke niet uitsluitend het distrikt van Lydenburg betreffen zullen worden gerekent als door een Commissieraad gedaan te zyn.." (3)

Dit was 'n praktiese stap, maar heeltemal uit orde. Dit gee Lydenburg al dadelik die kans om, as 'n saak hom nie aanstaan nie, kop uit te trek en sy eie gang te gaan en

verbrokkeling in die hand te werk. Wat dan ook werklik

(1) Lydenburg Landdroos-papiere, en

(2) Evr.4, bl.80 en Bylae 1. (3) Evr. 4, bl.253.

gebeur het is dat Bührmann sy "onhoubare" posisie so op die brood van die Lydenburgse Volksraadslede gesmeer het dat hulle nog met dieselfde sitting, nou dat hulle 'n "voltallig Raad" is en Lydenburg^{se} aangeleenthede finaal kon afhandel, besluit.. "het te

zwaar voor den heer H.T. Bührmann is om langer onder de blaam te blyven.. en dat van heden af den Hr. H.T. Bührmann word en zal worden beschouwd als een Burger van dit land en in allen zodanige rechten zal delen, als een Burger toekomt en zal genoemde Heer beschouwd worden hersteld te zyn in zyne Eer even als zyn Ed. vroeger bekendstond.. tot tyd of in der tyd het tegendeel door den Heer Pretorius zal bewezen worden.." (1)

Vir die tweede keer word die besluite van die Verenigde Volksraad, die enigste gesag, volgens die ooreenkoms van Mei 1849, deur die twaalf Lydenburgers verkrag. (2)

Dit was egter nie al nie, die eintlike onaangenaamhede sou nog kom. In Februarie 1854 hou Ds. van der Hoff vir die eerste keer nagmaal in Lydenburg. Smellekamp, wat kort van te vore ook hier aangekom en nagmaal van die dominee ontvang het, kry dit reg om die Maandagmôre daarna ook op die Kerkraadsvergadering teenwoordig te wees. (3) Hier vind toe 'n woordewisseling plaas tussen Smellekamp en Ds. van der Hoff. Eersgenoemde wou 'n Algemene Kerkvergadering dieselfde jaar nog hê, terwyl die Kerkraad die Ds. steun dat dit nie ken gebeur nie. Met behulp van Bührmann kry hy dit egter reg om die Volksraadslede wat in die dorp vir nagmaal was bymekaar te roep as 'n Kommissieraad, wat maar te gereed was om hom tegemoet te kom en 'n buitengewone Algemene Kerkvergadering, saam met die Volksraadsitting in Junie te Rustenburg te belê. (4)

Wat sake nog meer verwar het was die feit dat nie alleen die Kommissierade nie maar ook die Krygsraad te veel gesag gehad het, en dat altwee die Volksraad kon kritiseer. (5)

(1) Evr. 4, bl. 263

(2) Evr. 4, bl. 275. (C. Potgieter, Voorsitter: G.C. Schoeman; J.J. Burger; P. Nel; L.J. Nel; P.J. Coetzer, S.J. Schoeman, J.J. Scheepers, P.J. Steenkamp, P.E. Kruger, J.P. Marre, Swaer van Bührmann, J.v. Dyk en J.C. Middel, Fung, Secretaris.)

(3) Prof. Dr. Engelbrecht, Gesk. Ned. Herv. Kerk, bl. 99 en Evr. 4, 27 Febr. 1854)

(4) ibid (Daar is besluit in Nov. 1853 om nie weer voor 1855 te vergader nie.)

(5) Vgl. Evr. 4, bl. 80, 98, 233 en t.a.p.

Die Volksraadsvergadering en die Algemene Kerkvergadering is te Rustenburg op 5 Junie gehou. Smellekamp het intussen genoeg tyd gehad om die mense te bearbei en van sy standpunt te oortuig. Die gevolg was dat met die samekoms te Rustenburg dadelik 'n krisis bereik sou word. Die Volksraad besluit dat die raad uit slegs 12 persone sou bestaan, sodat twee van die Lydenburgers, tot verbittering van almal, die vergadering moes verlaat. (1)

Met die volgende dag se sitting word die kerklike moeilik-hede behandel. Ds. van der Hoff en die Kerkraad dien 'n klag-skrif in teen Smellekamp dat hy allerlei gerugte omtrent die dominee sou versprei het wat egter deur Smellokamp ontken word. Die landros^d ondersoek die saak en dit blyk dat Smellekamp werklik die dominee en die kerkraad belaster het deur sekere onbe-taamlike uitlatings. Die Volksraad, op versoek en aandrang van die Krygsraad om die kerk te beskerm, vind hom skuldig en beboet hom met 500 Rds. Hy word verder gewaarsku om hom stil en rustig te gedra of hy sou die land uitgesit word. (2)

Smellekamp, gebelgd oor die behandeling in Rustenburg, gaan na Potchefstroom en skrywe 'n brief aan Pretorius, waarin hy allerlei beskuldigings teen Ds. van der Hoff maak en hom skerp uitlaat teen Pretorius. Die brief is in die landros-^dkantoor voor die krygsoffisiere^{teervoordige} en/publiek gelees, met die gevolg dat die landros hom gelas om "zonder verzuim of tegen-spraak" binne 8 dae die dorp te verlaat. (3)

Die Lydenburgers was baie verbitter oor die vonnis van Smellekamp en kwaad vir Ds. van der Hoff vir sy aandeel daarin. Hulle begin toe glo dat dit nodig was om hoër kerklike gesag te hê wat die tug kon handhaaf. (4)

Die naam Smellekamp was 'n wonderlike bekoring vir die Lydenburgers, die man het beslis baie gedoen, of liewer probeer doen, vir die Emigrante en maar te dikwels met die mooi-kant van sake vir hulle geskilder."terwyl ik gerugsteund door onze

Hollandsche

(1) T.A. du Plessis - Die Republiek Lydenburg, (onuitgegee) bl.29 en Evr.4,

(2) Engelbrecht, Gesk.Ned.Herv.Kerk, bl.102: Evr.4, (5 Junie 1854.)
bl.377 en Die Republiek Lydenburg, bl. 29.

(3) Engelbrecht, Gesk.Ned.Herv. Kerk. bl.104.

(4) Die Republiek Lydenburg, bl.29.

vrienden, aldan alle die ondersteuning en uitbreiding aan uwe handel en nyverheid zal kunnen geven dewelke slegts behoeft, terwyl Hollandsche predikanten en Schoolmeesters aldan aan Ued. opgezonden zullen worden, zoo veel als er benodig zyn... Eene grootte vreugden dag zal het voor my zyn my weder en by UEd. te mogen bevinden, en alles in het werk zal stellen wat mogelyk is, omdat oogenblik te verhaasten..."(1) skrywe hy aan die Ohrigstaders vanuit Lissabon in September 1846. Toe die mense hulle in 'n wêreld wêreld bevind het, afgesny van enige handel, was dit hierdie man wat belang in hulle gestel het. G'n wonder dat Lydenburg so baie van hom gedink het nie. Die vonnis van Smellekamp was dan ook die laaste strooi wat Lydenburg van die Suid-Afrikaanse Republiek laat afskei het.

Na wat gebeur het, het die Lydenburgse Kerkraad nie kans gesien om langer met Ds. van der Hoff saam te werk nie. Op 31 Aug. 1854 hou hulle 'n Kerkraadsvergadering en besluit om die Kommissieraad te versoek.. "de vryheid en medewerking te mogen verkrygen om op nieuw onder het geestelyke toeverzicht van de HEd. Synode der Kaap Kolonie te komen, mede kennis gevende dat zy de Heer D. van der Hoff om zyn wanstallig levensgedrag toeverzicht over dezen gemeente ontzegd hebben..(2)

In Okt. 1854 hou die Lydenburgse Volksraadslede 'n Kommissie -raadsvergadering en gee hul toestemming aan die Kerkraad om 'n predikant te beroep, buite die offisiële kerklike organisasie om.(3) 'n Maand later op 6 November hou agt Lydenburgers, W.H. Jacobs, C. Potgieter, L.J. Nel, A.T. Spies, J.H. Breytenbach, G.C. Schoeman, J.J. Scheepers, J.N. Grobler met Bührmann as Sekretaris weer 'n kommissieraadsvergadering en.. "heeft den Ew. Kerkraad dit verzoek ten vollen toegestaan en goedgekeurd, en den Ew. Kerkraad den vollen vryheid verleend, om op eene gepaste en behoorlyke wyze op nieuw met den HEw. Synode in onderhandeling en vereeniging te treden, .. opdat een hernieuwde vereeniging op een vasten en goeden wyze tot stand moge gebragt worden.."(4)

Op die Volksraddvergadering in Junie 1855 te Rustenburg word die notule van die Kommissieraad gelees en was daar, soos te wagte is, dadelik moeilikheid. Die vier Lydenburgers C. Potgieter J.N. Grobler, J.J. Burger, J.H. Breytenbach, het met die meerderheid gestem om die notule en die besluite so goed te keur.(5)

(1) Die Republiek Lydenburg, Bylaag B. Smellekamp aan Volksraad.

(2) Evr. 4. (4 Junie 1854)

(3) Engelbrecht, Gesk. Ned. Herv. Kerk, bl. 107.

(4) Evr. 4. (4 Junie 1854.) (Hierdie besluite was in stryd met die besluite van die Algemene Kerkvergaderings van Augustus en November 1853, - sien

(5) Evr. 4 Junie 1855.

[Gardener, Boustowwe, bl. 207-214.

Dit was egter nie die end van die saak nie. Die Lydenburgers en die lede van Mooirivier het sterk teenoor mekaar gestaan met hierdie sitting. Met die verdere bespreking van die werksaamhede word gevind dat C. Potgieter, as voorsitter van die Kommissieraad, toegelaat het dat die besluite op die Oktober- en November Kommissieraadsvergaderings geneem is te Lydenburg. Hy is met 5 Rds. beboet, maar word toegelaat om as Voorsitter aan te bly.

(1) Die September- Volksraadsvergadering 1855 te Elandsrivier ten huise van Høltzhuizen, waar drie Lydenburgers J.J. Burger, J.H. Breytenbach en G.C. Schoeman teenwoordig was, kom die eintelike keerpunt. Eersgenoemde weier om sitting te neem en die ander twee word die vergadering uitgesit. Die dag daarna bepaal die Raad dat die landdros van Lydenburg... "genoemd vonnis zal moeten exucuteeren de boete invorderen en daarvan verslag

doen op de eerstvolgende Volksraadszitting. Het vonnis tegen de heeren uitgesproken nl.: W.H. Jacobs, C. Potgieter, L.J. Nel, A.J. Spies, J.H. Breytenbach, G.C. Schoeman, J.J. Scheepers, J. Grobler, luidt als volgt. "Schuldig verklaart aan overtreding en schending der grondwet en alge. bepalingen en wetten en diensvolgens veroordeeld tot het betalen van een boete van 150 Rds. door elke veroordeelde ten behoeve van 'n lands kas, en zyn verder verklaard onwaardig om eenige betrekking, binnen deze landpalen te bekleeden.." (2)

'n Jaar na die oortreding, nadat die Voorsitter, met die vorige sitting in Junie, vir dieselfde oortreding beboet is, en as Voorsitter van die Volksraad opgetree het, en nadat die Kommissieraad van Lydenburg deur die Volksraad gelas is om 'n gevolmagtigde kommissie uit hulle lede gekies, na die Baai te stuur, word hulle eers verklaar as "onwaardig om enige betrekking te bekleeden".

Sonder enige verteenwoordiging dus van Lydenburg se kant word die vergadering op Pienaarsrivier afgehandel. Landdros de Clercq kry kennis dat hy ander lede moet laat kies, maar laat weet dat hy hulle nie daar in tyd sou kon kry nie. Met die volgende sitting te Potchefstroom in November 5⁵ was daar nie 'n enkel lid van Lydenburg teenwoordig nie en moes die Raad aangevul word deur lede uit die publiek te kies. (3)

Ds. van der Hoff, moeg vir die regeringloosheid van die land, bedank as predikant. Die bedanking verwek 'n hele konstert-
 (1) Evr. 4 Junie, 1855. (2) Evr. 4, 18 September 1855: art. 54 (Pienaarsrivier)
 (3) Evr. 4, 6 November, 1855, - Potchefstroom.

konsternasie en die dominee word skuldig bevind en beboet. Dit blyk nou dat Ds. van der Hoff wel geraadpleeg is met hierdie sitting en dat die gedagte om 'n president gekies van hom uitgegaan het; want op die 15de word M.W. Pretorius met 85 stemme tot Staatspresident en W.F. Joubert met 47 stemme tot Vise-president gekies, 'n beginsel wat na die verkiesing van Piet Retief as Goewerneur van die Trekkers (1) nie ingang gevind het in die onmiddellike jare daarna nie. Paul Kruger en A. van der Walt sou in die distrikte, Lydenburg ingesluit, rondgaan en dié wette verduidelik. (2) Die Volksraad bepaal die volgende sitting in Maart 1856 te Rustenburg.

En hoewel die landdros van Lydenburg kennis gekry het om vyf lede te laat kies om met die volgende sitting die ampseed af te lê, was die koeël deur die kerk. Die gevonniste Volksraadslede word sitting ontsê en drie ander gekies, nl. H.T. Bührmann, L.J. Erasmus en W.F. Versfeld. C. Potgieter, wat self ook teenwoordig was, maak allerlei besware teen die vonnis. Hy bring 'n beskuldiging in teen sekere ander lede van die Raad, wat weer op hul beurt ontslaan word. Met Bührmann as Voorsitter besluit die Raad dat die volgende sitting in Lydenburg sou plaasvind op die derde Maandag in Oktober. Om 'n einde aan al die onaangenaamheid, rogeringloosheid en verwarring te bring, en aangesien soveel Raadslede om een of ander rede beskuldig is, dring die drie Kommandant-Generaals daarop aan dat vir al die distrikte ses lede gekies moet word, om "eene kommissie Volksraad uit te maken." Hierdie "nieuw Algemeene Kiezing is nodig deordien het onmoogelyk is om den Regering geheel in den tegenwoordigen toestand te laten, en dat nood wet breekt.." (3)

Dit was die laaste sitting waarop Lydenburg verteenwoordigers gestuur het. Hoe dit ook al mag wees, die Lydenburgers was bedroef.

"Die vereniging van '49 vir algemene vrede en vooruitgang het nie sy doel bereik nie. Van dat oogenblik zyn voordurende botsingen voor vallen en hield de Volksraad als hoogst gezag met de grootste moeite haar gezagstaande en was dit nimmer mogelyk om eene voordurende zamewerking of vrede te bewerken tussen de ingezetenen van de andere distrikte." (4)

(1) Vm.1, bl.197 en 199. (2) Evr.4, Potchefstroom November 1855.

(3) Evr.4, Potchefstroom November 1855. (4) Die Republiek Lydenburg, Bylae B.

By die opening van die Volksraadsvergadering te Lydenburg, op 21 Oktober 1856 was net drie van die lede van Lydenburg teenwoordig. Op hierdie vergadering word al die voorbereidingswerk gedoen om Lydenburg van die orige distrikte van die Suid-Afrikaanse Republiek af te skei. Deur die gewone weg te volg word uit die aanwesige publiek genoeg lede gekies om die getal (12) vol te maak. Op die 23ste besluit die Raad dat hulle nie meer kans sien om te werk tot welsyn van die Republiek nie aangesien:

- a. "Potchefstroom, Rustenburg en Soutpansberg nie volgens Volksraadsbesluit van Maart 1856 gehandel het nie, nl. dat die eersvolgende sitting van die Volksraad op Lydenburg sou plaasvind.
- b. Die betrokke Volksraadslede hulle nie aan die grondwet gehou het nie maar as Kommissie Raad hulle besig gehou het met die oprig en daarstel van 'n nuwe regeringsvorm en dit aan die goedkeuring van die publiek voorgedring het. So 'n werk moes deur 'n voltallige Raad gedoen en goedgekeur gewees het. Verder het hulle op eie gesag 'n Volksraadsvergadering bepaal, terwyl daar reeds een op Lydenburg bepaal was.
- c. Op die Volksraadsvergadering persone gesit het, wat hulleself as onwaardig verklaar het, volgens besluite van Maart, 1856.
- d. Die Kom.Raad van Pretoria (29 Mei 1856) het aan die Landdros van Lydenburg geskrywe waaruit duidelik blyk, "dat zy hier geen ander gezag erkennen als de Landdrost onder hun eigen gezag staande daar zy hem met straf bedreigen als hy hunnen order niet stipt ten uitvoer brengt...En het daardoor blykt dat zy de Kom.V.Raad alhier niet erkennen als hoogste gezag, onder welke gezag de Landdrost alhier als ander amptenaren behoort..."
- e. Kommandant-generaals Pretorius en Schoeman op eie houdjie 'n Volksraadsvergadering, teenstrydig met die besluite van Maart 1856, belê het en selfs voorgeskrywe het hoe hulle moes werk.."Uit welke handelingen het duidelyk blykt dat de WE.Heeren Kom.Genls. zichzelve meer gezag toekennen als de Volksraad.."
- f. Die Volksraad alhier nie deur die ander distrikte gereken word nie.."om deze en veelen anderen oorzaken zien den Volksraad zich verplicht openlyk te verklaren zy geen mogenlykheid zien om onder zulk een stand van zaken en openlyke verdeeldheid voort te werken tot welzyn van deze Republiek volgens de grondwet of hunne instructie.."

(1)

Die Raad besluit verder dat die Veldkornette in hul wyke vergadering^s moes belê om die saak met die publiek te bespreek. Al die geskifte, wat enigszins betrekking het op die "verdeeldheid of verwarring" moes voorgelê word. Verder moes gesorg word dat elke

(1) Notule Republiek Lydenburg, Dl.1, bl.29 en Die Republiek Lydenburg, bl.16. (lede van die Raad, C. Viljoen, Wm. Steenkamp, P.J. Coetser, O. van Niekerk en Bührmann. Die volgende 7 lede van die publiek is "bygetrek", J.J. Malan, P. Nel, J. van Dyk, L. Steyn, C. Fourie en M. Steyn. C. Potgieter was ontslaan uit alle staatsbetrekkings. Die Kommissieraad kon die Raadsbesluit dan nie wysig nie, volgens 'n Kommissieraadsbesluit van 19 Mei '56 bl.20 Notule Rep. Lydenburg.

dat elke persoon die vergaderings bywoon. Tussen 28^okt. en 30 Nov. moes al die vergaderings afgehandel word. Die Kommandant-generaal W.F. Joubert sou die meeste vandie vergaderings toespreek Tegelykertyd met die Volksraadsvergadering wat gehou sou word op die plaas Houtenbek by W. Steenkamp op Steenkampsberg sou ook 'n publieke byeenkoms gehou word.

Dis van uiters belang om te weet hoe hierdie vergadering saamgeroep is. Namens die publiek van Lydenburg skrywe landdros de Clercq C. Potgieter, J.N.H.Grobler, G.C.Schoeman, J.J.Burger, en J.J.Scheepers aan om 'n Raadsitting by te woon. Al die lede behalwe Burger maak beswaar teen die "eisch" van die landdros dat hulle tesame met die ander lede geskors is (1) en "om welken

redenen HEd. weigerachtig zyn om aan den order van den Landdrost voornoemd te voldoen, en eischen zy te vernemen van ZEd., met welk recht en op welken grond ZEd.hun als leden der WEd.Volksraad kan aanschryven.."

Hierop antwoord die landdros dat daar twee memories ingekom het van die publiek waarin hulle nie die vonnis as wettig erken nie en eis dat die genoemde here as lede vir die distrik moes bly tot tyd en wyl "hun blykt dat zy waarlyk schuldig zyn". In die tweede memorie word verklaar dat as sou die genoemde here deur "de Erkenning der HEdw. Synode d^er Kaap Fnz. en door het /eener brief aan den Heer J.A. Smellekamp..over aangelegenheden dezer staat betreffende, waarlyk en wettig landverraders zyn dat zy hun dan volgens dat genoemde vonnis, ook als landverraders moeten beschouwen.." (3) En verklaard ZEd. verder dat hy met oorleg der Heeren Ambtenaren beslooten heeft om de genoemde Heeren alhier aanwesig op te roepen om reden des lands omstandigheden zulks noodzakelyk maakt.." (4)

Veel is op hierdie vergadering nie uitgerig nie, behalwe dat C. Potgieter en P.W. Nel gekies is om Lydenburg op die Volksraadsvergadering te Rustenburg op 5 Desember te verteenwoordig en aan die ander distrikte kennis te gee dat Lydenburg hom hou aan die ooreenkoms getref aan Olifantsrivier en Krugerspost 1849 "en zich beschouwd vereenigd te blyven met allen die zich daaraan houden.." (5)

(1) Vgl. Raadsbesluite van Piensaarsrivier en Potchefstroom 1855.

(2) Evr. 3, bl.. 521, 27 Nov. 1855.

(3) ibid.

(4) Die amptenare was W.F. Joubert, Kom.Genl., P.W. Nel, Kommandant H.J. de Clercq, Veldkornet, W.F. Versfeld, P. Veldt., J. de Clercq, landdros en H.T. Bührmann, Sekretaris.

(5) Evr. 3, bl.524. (Die styl en trant van die memories getuig dat Bührmann daar baie mee te doen gehad het.)

Op 16 Desember 1856 kom die Volksraad van Lydenburg weer bymekaar. Landdros de Clercq en Komdt.Genl.Joubert sê in hul verslag oor die byeenkomste wat gehou is, dat met uitsondering van 'n klein minderheid, die inwoners van die distrik ten gunste daarvan is, dat hierdie distrik voortaan geheel onafhanklik sal wees, met die Volksraad as hoogste gesag. Verder dring die publiek daarop aan dat die Volksraad pogings sal aanwend om die bestaande onenighede uit die weg te ruim en die bestaande wette te handhaaf. (1)

Die Volksraad, bewus van die wens van die publiek, kom op die 17de weer bymekaar en is "na langdurige overleg er toe overgegaan om eenparig het volgende besluit te neem" :

a. Dat dit geheel onmoontlik is om die vrede en welvaart van die distrik, van weë die onenigheid in die Republiek, geheel verlore te laat gaan of in gevaar te stel en dat die Volksraad sal voortgaan met sy besigheid in hierdie vergadering, as geheel onafhanklik van die ander distrikte en vir die belange en sake van hierdie distrik sal bly voortwerk. Omdat hulle uit en deur die distrik "beroepen" is en hulle op geen medewerking van die ander distrikte meer kon reken nie.

b. Dat hulle hulle om al die genoemde oorsake, soos vervat in Art.13-16 Volksraadsbesluite van Oktober, nie langer kon beskou as verenig met die ander distrikte van die Republiek nie en daardeur "gedrongen worden om het distrikt Lydenburg van heden af te verklaren tot een afsonderlyk staat." Dewelke door de afscheiding der andere distrikten en de door hun gedane vernietiging van het Volksraadsgezag en het ontbinden of vernietiging van hare vergaderingen genoodzaakt is geworden om zichzelven te besturen en daardoor hunne regeringsvorm staande te houden."(2)

Vir Lydenburg was die skeuring 'n pynlike saak. Dit blyk nie alleen uit die gemelde Volksraadsbesluit en Volksbyeenkomste nie, maar ook uit die begeleidende briewe aan die landdroste van Soutpansberg, Rustenburg en Potchefstroom, wat die afskrifte van

(1) Volksraadsnotule Republiek Lydenburg, bl.39 en Die Republiek Lydenburg, bl.17.

(2) ibid. (Ons onderstreep) Die lede van die Volksraad was J.J. Malan, J.J.Burger, L.Erasmus, P.J.Steenkamp, A. Joubert, J. A. Jacobsz, J. Minnaar, L.H.P.Steyn, J.R.J. van Rensburg, S. Botha.

van die besluite vergesel het, waarin die ander distrikte versoek word om 'n kommissie te stuur na die volgende Volksraad-sitting van Lydenburg in Maart 1857, om 'n middel aan te wys om die eensgesindheid en vrede te herstel. (1) Vir Lydenburg was sy optrede hier nie 'n daad van afskeiding nie, maar liever 'n offisiële bekendmaking van sy voorneme om die bestaande bestuur en wette te handhaaf. (2) Vir Lydenburg was die feit dat, hoewel die ander distrikte kennis gegee was van die vergadering van Oktober 1856, soos ook bepael op die vergadering te Rustenburg in Maart 1856, nie 'n enkel lid opgedaag het nie, genoeg bewys dat hulle nie meer met Lydenburg wou saamwerk nie en hulle afskei van Lydenburg af. (3) Dit was nie Lydenburg wat afgeskei het van die ander distrikte nie, maar die ander distrikte wat van Lydenburg afgeskei het, deurdat hulle sonder om daarvan kennis te gee, opgehou het om saam te werk. (4)

Op 10 Maart vergader die Volksraad van Lydenburg op die plaas Blinkwater aan die Steelpoortrivier. Die eerste was om die grondgebied van die nuwe Republiek vas te stel en te omskrywe. (5) Aangesien die ander distrikte geer verteenwoordigers gestuur of besware aangeteken het teen die besluite van Desember maand nie, "zoo word deze onafhanklikheidsverklaring voor vastgestel en erkend verklaard en word by deze besloten dat deze staat van heden af de naam zal dragen en voeren van "De Republiek Lydenburg in Zuid Afrika."

 (1) Die Republiek Lydenburg, bl.18.

(2) *ibid.*

(3) Notule van die Volksraad Lydenburg, Dl.1, bl.29.

(4) Die publiek Lydenburg, bl.19 - "die beweegredes tot die vorming van 'n selfstandige bestuur wat deur Lydenburg in Okt. en Des. 1856 opgegee word, moet egter nie beskou word as werklike oorsake van die skeuring nie. Dit dien veel meer net as 'n uiteensetting van Lydenburg se kant, waarom dit vir hierdie distrik onder die bestaande omstandighede onmoonlik geword het om langer te bly voortbestaan as deel van die Suid-Afrikaanse Republiek. Hierdie omstandighede was maar net die vrug van 'n verdeeldheid, wat veel vroeër ontstaan en in die loop van tyd ontwikkel het. Hierdie verdeeldheid was by die orige deel van die Suid-Afrikaanse Republiek algemeen bekend. Vandaar dat Lydenburg dit nie nodig geag het, om by die bekendstelling van sy afskeiding aan die orige distrikte, weer breedvoerig daarop in te gaan nie.."

(5) Dit was soos vir Ohrigstad, sien bl.45.

(6) Notule Volksraad Lydenburg bl.96.

Die finale besluit is geneem op die 12de. Van 'n kommissie is opgedra om offisieel kennis te gee aan: Die Britse Goewerment, deur middel van die Goewerneur van die Kaap Kolonie; Die Parlement van die Kaapkolonie; Die President van die O.V.S.; Die Luit.Goew. van Natal; Die Geestelike Kommissie van Amsterdam en die hele publiek, sowel binne- as buitelands.

Aan die hand van die kennisgewings aan die vreemde state kry ons 'n baie duidelike oorsig van die ontwikkelende oorsake soos Lydenburg dit ondervind het. "Die feit egter, dat byna al die besware van Lydenburg by die hereniging in April 1860 in die voordeel van hierdie distrik uit die weg geruim is, is o.i. bewys genoeg dat hierdie besware deur die ander distrikte as gegrond aanvaar is.."(1)

In sy uiteensetting aan die genoemde regerings op 12 Maart 1857 word die volgende redes vir afskeiding aangevoer:

a. Die vonnis gevel oor J.A.Smellekamp in Junie en Julie 1854 en die tevergeefse pogings om volgens wet die vonnis opgehef te kry. Hierin word dan ook gewys daarop dat Smellekamp vir jare die gevolmagtigde van Lydenburg in Europa was om hul Geestelike en handelsaangeleenthede te bevorder en dat sy verbanning alles vernietig of in die war stuur.

b. Die vereniging met die Kaapse Sinode in Nov.1854 aangegaan word deur die "voorste" distrikte teëgewerk en as onwettig en nadelig vir die land of Republiek verklaar omdat vereniging met die Kaapse Sinode hulle weer onder die Britse Regering sou bring.

c. Die onwettige vonnis oor die agt Volksraadslede gevel in September 1855 omdat hulle toestemming gegee het tot aansluiting by die Kaapse Sinode.

d. Die tevergeefse poging van Lydenburg om hierdie vonnis opgehef te kry.

e. Die besture en inwoners van die voorste distrikte het hulle heeltemal onttrek aan die algemene Volksraadsvergaderings wat deur hulle saam bepaal was. Sonder om Lydenburg daarin te ken het die orige distrikte daartoe oorgegaan om in stryd met die wet

(1) Die Republiek Lydenburg, bl.20.

wette van die land "een geheel nieuw bestuur en wetten op te rigten", en, soos blyk uit hul kennisgewing, selfs aanspraak gemaak op Lydenburgse grondgebied. (1) Hierdie blykbare verontsaming van die Volksraad en die "bestaande bestuur" deur die ander distrikte het die Lydenburgers in die harnas geja en hulle genoodsaak om ter wille van hul vryheid en regte hulle van die orige deel van die Zuid Afrikaanse Republiek af te skei. (2)

Gelyktydig met die afskeiding word, anders as 'n mens sou verwag, 'n beroepsbrief om 'n predikant gestuur nie aan die Kaapse Sinode nie maar aan die Geestelike Kommissie in Amsterdam. Hieruit blyk dat die versoek om aansluiting by die Kaapse Sinode gebore is nie soseer uit die wens om deur daardie liggaam geregeer te word nie, maar om los te kom van Ds. van der Hoff met wie hulle nie oor die weg kon kom nie, en wat weer op sy beurt oorhoop geraak het met Smellekamp vir die die Lydenburgers reeds van die stigting van Ohrigstad af as 'n leier en beslisser van hul geskille beskou het.

"..Gedurig waren er, op de vergaderingen van den Volksraad, onaangenaamheden voorgevallen, vooral ook over het recht dat Lydenburg zich bleef voorbehouden, tegenover alles, wat naar alleenheersing zweemde. Ook was Lydenburg zeer beslist gekant tegen elke poging om den Vrystaat te dwingen, onder een Regering te staan met Transvaal, waartoe Pretorius besloten scheen... Toen nu eindelyk het gerucht tot zekerheid werd, dat M.W. Pretorius 'n nieuwe "Constitutie" zou invaeren en dat hy zelf als President van den staat zou moeten worden erkend, besloten de Lydenburgers zich van de Zuid-Afrikaansche Republiek af te scheiden.." (3)

Daar het geen teenwerping van die ander vroeër verenigde distrikte ingekom nie en die Lydenburgse Volksraad het met dieselfde Maart-sitting besluit dat "zoo word deze onafhanklikheidsverklaring voor vasgesteld en erkend verklaard.." (4)

Die Volksraad van die Zuid-Afrikaanse Republiek gee dan ook die indruk asof hulle nie die besluite van die Lydenburgers as baie ernstig beskou het in die begin nie. Na hierdie verklaring van

-
- (1) Bylae B, Die Republiek Lydenburg.
 - (2) Vgl. Republiek Lydenburg, bl. 16 en t.a.p.
 - (3) Die Worstelstryd der Transvalers bl. 326.
 - (4) Die Republiek Lydenburg, bl. 19.

91.

verklaring van die Lydenburgers kry hulle eger eers 'n besef vandie erns van die saak en besluit hulle om Lydenburg uit te nooi om te probeer 'n oplossing vind vir die griewe.(1)

Twee idees, die eintlike oorsaak van die afskeiding, het vanaf die vereniging in 1849 stadig, deur sekere individue getraetel, in Lydenburg pos gevat en hul sapuitsuiende wortels in al die vertakkinge van die staat en die gemeenskap se aktiwiteite ingedring:

- a. Die landwette word nie na gekom nie en persone word onwettig veroordeel.
- b. Die ge^sag van die Volksraad word verontagsaam en deur die nuwe konstitusie selfs in gevaar gebring.

Lydenburg het dus oortuig geraak dat as hy wou hê dat die ou gevestigde opvatting van die gesag van die Volksraad en die landwette, waarom hulle reeds seveel moes op^soffer en stry, gehandhaaf moes word, dit dringend noodsaaklik geword het, om van die orige deel van Die Suid-Afrikaanse Republiek af te skei.

So is op 17 Desember 1856 'n nuwe Republiek gebore, wat op 11 Maart 1857 officieel verklaar is tot

"De Republiek Lydenburg in Zuid Afrika."(2)

(1) Evr. 4 Maart, 1857.

(2) Die Republiek Lydenburg, bl. 33-34.

III

Lys van Geraadpleegde Bronne en Werke.

A. Ongepubliseerde Bronne.

Volksraadsnotule van die S.A.Republiek. (Evr. 2, 3 of 4.)

Landdrospapiere van Lydenburg.

Uitgawes en Inkomstes van Lydenburg.

Plaasregistrasie-stukke.

Soutter-Kolleksie.

Lauts-Kolleksie

Verklarings van sekere persone, soos beskrywe, spesiaal genader, van wie die herinnerings hierin opgeneem is.

B. Gepubliseerde Bronne.

Bird, J., The Annals of Natal. 1495 - 1845, (2 Vols) Pietermaritzburg 1888. (aangedui as Bird.)

Engelbrecht, Dr.S.P., Geskiedenis van de Ned. Herv. Kerk van Afrika, Deel I en Bylae; Amsterdam 1920.

Engelbrecht, Dr. S.P., Paul Kruger's Amptelike Briewe 1851-1877, De Volkstem 1925.

Eybers, G.W., Select Constitutional Documents illustrating S.A. History. London 1918.

Gereformeerde Kerkbode in Zuid Afrika, dele I (1849) tot 9 (1857)

Fuller, Claude., Louis Trichardt's Trek across the Drakensberg 1837-1838. Edited by Leo. Fouche. Cape Town 1932.

Preller, G.S., Dagboek van Louis Trichardt, 1836-1838, Tweede verbeterde Uitgaaf, Nas. Pers. 1928

Ibid. Voortrekker Wetgewing, Notule van die Natalse Volksraad, 1839-1845. Pretoria 1924.

Ibid. Voortrekker ~~base~~, (6 dele) Kaapstad, 1920, 1922, 1925 en 1938.

Voortrekker- Argiefstukke. 1829 - 1849. Staatsargief Pretoria.

C. Ander Werke.

Agar-Hamilton, J.A.I., The Native Policy of the Voortrekkers. 1836-1857. Kaapstad. 1928.

Badenhorst, Wessel J., Die Geskiedenis van Potchefstroom. Afrikaanse Pers. 1938.

Cachet, F.Lion., De Worstelstryd der Transvalers aan het Volk van Nederland herhaald. Amsterdam 1882. (Derde Druk)

Ibid. Vyftien Jaar in Zuid Afrika. 1875.

IV.

Geraadpleegde werke vervolg.

- Cory, Goe. E., The Rise of South Africa. Dl.IV. London 1926.
- Cloete, The Late Henry., The History of the Great Trek, and the origin of the S.A.Republics. Edited by his Grandson W. Broderick-Cloete. London 1899.
- De Kiewiet, Dr. C.W., The British Colonial Policy and the S.A. Republics. 1843-1872. London 1929.
- Dreyer, Eerw. A., Die Voortrekkers en hul Kerk., Sketse uit die Kerklike Gesk. van die Groottrek. 1936.
- Ibid. Beufeest-album van die Ned. Geref. Kerk in Z.A. 1824 - 1924.
- Ibid. Die Kaapse Kerk en die Groot Trek. Kaapstad, 1929.
- Du Plessis, T.A. Die Republiek Lydenburg. (onuitgegeef).
- Engelbrecht, Dr. S.P., Gesk. van die Ned. Herv. Kerk van Afrika Treede Hersiene en vermeerderde Uitgawe. Pretoria en Kaapstad 1936.
- Ibid. Almanak van die Ned. Herv. Kerk van Afrika.
- Ibid. Die Herv. Gemeente van Heidelberg.
- Gerdener, G.B.A., Ons Kerk in die Transgariep. Geskiedenis van die Ned. Geref.Kerke in Natal, Ovs. en Tvl. Kaapstad. 1934.
- Ibid. Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Transgariep. Kaapstad, 1930.(Dit is versamelde bronne en eintlik tuis onder B.)
- Hunt, D.R., An Account of the Bapedi. Bantu Studies.Vol.V.,No.4. December 1938. Johannesburg.
- Historiese Studies van die Universiteit van Pretoria. Hoofredakteur Prof. I.D.Bosman. Jaergang. I, Nos. 1-3.
- Jansen, E.G. Die Voortrekkers in Natal, Opstelle. Mas. Pers.1938
- Jenkins, Geoffrey., A Century of History. The History of Potchefstroom, 1939. Potchefstroom.
- Jeppe's Transvaal Book Almanac and Directory 1881.
- Kruger, Dr. D.W., Die Weg na die See., in die Argief Jaarboek vir S.A.Geskiedenis, Dl. I. 1938.
- Leyds, Dr. W.J., De Eerste Annexatie van de Transvaal. Amsterdam 1906.
- Lugtenburg, Dr. A.H. Gesk. van die Onderwys in die Z.A.Republiek 1836-1900. Pretoria 1925.
- Malan, J.H., Die Opkoms van 'n Republiek, of die Geskiedenis van die O.V.S. Mas Pers. 1929.
- Malherbe, Dr. E.G., Education in S.Africa. 1652-1922. Juta 1925.
- Munnik, Senator, G.G., Kronieke van Noordelike Transvaal. Pretoria. S.A.Boekwinkel.

V.

Geraadpleegde Bronne vervolg.

- Moorrees, A. Die N^ederduitse Geref. Kerk in Suid-Afrika. 1652-1873. Kaapstad 1937.
- Nathan, Manfred., The Voort^erkkers of South Africa. C.N.A.1937.
- Native Affairs Dept., History of the Native Tribes of the Transvaal. Pretoria. 1905.
- Preller. G.S., Piet Retief. Lewensgeskiedenis van d^ee grote Voortrekker. 10e Druk. Nas.Pers. 1920.
- Ibid. Historiese Opstelle. Pretoria. 1925.
- Preller, Dr. G.S., Andries Pretorius, levensbeskrywing van die Voortrekker Kommandant-generaal. Afr. Pers.1937.
- Lauts, U.G., De Kaapse Landverhuizers. Leyden. 1847.
- Potgieter, Dr. Carel en N.H.Theunissen, Hendrik Potgieter, Kommandant-generaal. Afrikaanse Pers. 1938.
- Rompel, Frederik., Gedenkschriften van Paul Kruger, Amsterdam 1902.
- Stuart, J., De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid Afrika. Amsterdam. 1854.
- Stow, George, W., The Native Races of South Africa.
- Statham, F.Reginald, Paul Kruger en zyn Tyd. s'Gravenhage,1898.
- Smit, Dr. Roorda, Het Goed Recht der Transvaalsche Boeren, Utrecht, 1881.
- Theal, Dr. G.McCall., History of South Africa. Dele V-VII London 1926.
- Van der Merwe, Dr. P.J., Die Noordwaartse Beweging van die Boere voor die Groot-Trek 1770-1877.Den Haag, 1937.
- Van der Walt, A.J., Vastrappers. Potchefstroom. 1920.
- Van Oordt, J.F., Paul Kruger en de Opkomst der Z.A.Republiek. Kaapstad, 1898.
- Voortrekkergedenkboek van Universiteit van Pretoria, onder Red. van Proff. I.D.Bosman, Coertze, H.G.Viljoen en Mnr. Coetzee. Pretoria 1933.
- Walker, Prof. E.A., The Great Trek, Tweede Uitgawe, London,1938.
- Worst, Ds. G.D., Die Gemeente Lydenburg na Vyf-en-seventig Jaar. (1850-1925).
- Koerant-en Tydskrifartikels: De Volkstem, Die Brandwag, Die Huisgenoot, Die Volksblad, Die Vaderland, The Outspan Die Suiderstem, e.a.

Bylae I.

VI.

Portrette.

No. I.




Willem Francois Joubert.

Kommandant-generaal van Lydenburg. Woon op die plaas Doornkop, naby Lagersdrif; was een van die ondertekenaars van die Sandrivier-konvensie. Hy is gebore in September 1801 in die distrik Swellendam. Hy was twee keer getroud. Sy eerste vrou was Dorothea Regina van Eeden, en die tweede die weduwe Catharina Elizabeth M. Scheepers. Hy is oorlede op sy plaas Onverwacht dist. Ermelo op 18 Julie 1891. Sy een dogter Dorothea Regina is getroud met Schalk Burger en Cornelia is getroud met Koos Burger, vader van Genl. Schalk Burger, altwee seuns van J. J. Burger, Sekretaris van die Volksraad te Ohrigstad. W. F. Joubert was 'n getroue ondersteuner van Burger en speel 'n belangrike rol met die twiste te Ohrigstad.

-----000000-----

No. 2.



Hendrik Theodorus Bührmann.

Gebore te Amsterdam, Holland, op 22 Maart 1822. Kom te Ohrigstad aan, as onderwyser in 1848. Maar hou nie skool nie. Hy woon 'n tydjie te Ohrigstad, trek daarna na Lydenburg (1850) en weer later na Tafelkop, Ermelo. Sy eerste vrou was Magdalena Marè. (geb. 7 Des. 1830 oorl. 2 Aug. 1855) dogter van G. S. Marè, (sien Bylae II.) en suster van Jacob P. Marè, -Jacob Voeter. -Na haar dood is hy weer getroud met die weduwe Johanna Joubert, dogter van W. H. Neethling, wat dood en begrawe is op Treurrivier op die plaas Ledouphine, wat behoort het aan Jacob de Villiers en wat ook daar begrawe is. Neethling is toe met die weduwe de Villiers getroud.

-----000000-----

No. 3.



Cornelis Potgieter.

Hy is gebore op 7 April 1816 en oorlede te Utrecht op 3 November 1869. Hy was getroud met Rachel Espag, (Tant Katootjie) (geb. 12 Okt. 1816 en oorl. 11 Julie 1881) Hy was die eerste landdros van Ohrigstad en na Jacob de Clerc in 1858 afgetree het, landdros van Lydenburg tot sy dood.

-----0000000-----



No. 4.

Tobias Johannes Kruger.

Hy is gebore op 20 Jan. 1814 in dist. Tulbagh. Die Familie trek later na Graaf-Reinett waar hy getroud is met Maria Badenhorst en sy meer bekende ouer broer Piet, met 'n suster, Gertruida Badenhorst. Sy vader Pieter Ernst is daar dood en trek die weduwe moeder saam met haar vier seuns tot in Ohrigstad. Hulle woon 'n tydjie langs Grootrivier. Hy is in die wandel bekend as Kort Jan. Hy en sy broer Piet raai Metief aan om nie na Dingaan te gaan nie. Hy was vir jare bestuurder van Lydenburg en dikwels waarnemende landdros. Hy het gewoon op die plaas Potloodspruit. Hy kon besonder goed sing en 'n goeie skoot skiet.

-----0000000-----

No. 5.



Jacob de Clerc (Snr).

Gebore in die distrik Beaufort op 18 Desember 1791, was hy 'n tydgenoot van A.H. Potgieter en Andries Pretorius. Hy is op 28 Maart 1813 te Graaff-Reinet met Anna Susanna van den Berg getroud. Hy was o.a. landdros van Winburg; woon 'n tydjie aan Schoonspruit (Klerksdorp) en beweer die familie dat die dorp na hom vernoem is. Hy was besonder op-ruind van geaardheid. Vir jare het hy gewoon op sy plaas Lagersdrif, maar trek later na Welgevonden waar hy dood en begrawe is. In Lydenburg het hy dikwels die voorsitterstoel op die Volksraadsvergaderings ingeneem en as sulks en as lid van die Volksraad 'n belangrike rol gespeel in die ontwikkeling van die distrik.

-----0000000-----

No. 6.



Jacob de Clerc (Jnr.);

Vyfde kind maar eudste seun van Jacob de Clerc, snr., is gebore op 10 Februarie 1824. Hy was die eerste landdros van Lydenburg, in 1850; en het behalwe kort tussenpose dit gebly tot 1858 toe hy weens swak gesondheid verplig is om af te tree. Hy was getroud met 'n dogter van S.J. van Rensburg, stiefdogter van A. Fick. Sy ou woning op Lydenburg, en een van die oudste huise op Lydenburg, word nog bewoon, -Op die hoek van Bührmann- en Langstraat.

Begrafnislyst.

Van den overledene, Gabriel Stephanus de Marre, de oude overleden op den 25 Maart 1852 des morgens te 3^{1/2} ure, in den ouderdom van 62 jaren, 2 maanden en 28 dagen en ter aarde besteld den 26 Maart 1852 des namiddags te 5 uren.

Als Draggers verzocht:

Jan Izaak Minnaar,	Johannes Hendrik Schoeman,
Johannes Jacobus Koetzer,	Jan Kruger,
Philippus Jerinias Koetzer,	Stephanus Johannes Schoeman,
K.C. Viljoen, G. zn.	Loius Hermanus Petrus Steyn.

De Lykgangers als volgt:

Jakobus Philippus Marre, (Voeter)	Andries Jacobus Kruger,
Gabriel Stephanus Marre,	Petrus Albertus Schoeman,
Philippus Petrus Marre,	Hendrik Joh. Gerardus Korf,
Petrus Ignatius Marre,	Oker Andries Olivier,
Frederik Jakobus Marre, ✕	Willem Poen,
Frans Marthinus Labuschagne.	Carel Johannes Viljoen,
Willem Jakobus Grobler,	Oker Tobias van Niekerk,
Hendrik Teodor Buhman,	Jacob de Clercq,
Johan Bennie,	Christiaan Fourie,
Jeremie Frederik Ziervogel,	Gideon Johannes Joubert,
Philippus Petrus du Plessie	Karel Johannes Step. Viljoen,
Frans Jakobus Beetge,	Gerrit Cornelis Olivier,
Andres Murray, (Junior.)	Gerrit Johannes Beetge,
J. Neethling.	Frans Petrus Groewé,
Johannes Bekker,	Jan Harmse Steenkamp,
Jan Hendrik Venter,	Paulus Petrus Grobler,
Jan Matthys de Beer,	Lodwyk Bothma,
Gideon Petrus Viljoen,	Marthinus Stefanus Bekker,
Jan Willem Spruyt,	Gerardus Johannes Korf,
Floris Petrus Steenkamp,	Gerardus Petrus Pretorius,
Teunis Gerardus Nik. Steenkamp,	Johannes Hendrik Breytenbach,
Johannes Coetzé,	Gideon Jacobus Joubert.
Willem Joubert,	

Aantekeninge:

- a. Hierdie oorspronklike stuk is in besit van Mnr. Frikie Maré van Vlakfontein, Belfast; seun van ✕. Ons dank hom vir die afskrif.
- b. Die stuk moes geskrywe gewees het deur Poen of Spruyt.
- c. Gabriel Maré is gebore op 26 Des. 1790 te Franshoek.
- d. Sy oudste seun Jacobus Petrus is gebore op 26 Jan 1824, hy het die bynaam van Jors Voeter gehad. Hy was getroud met 'n mooi Strydom.
- e. Sy seuns was Philippus gebore 1833; Petrus 1835; en Frederik die enigste wat op Ohrigstad gebore is op 29 Sept. 1845.
- f. Gabriel S. Maré was getroud met 'n mooi du Plessis wat hom te Ohrigstad deur die dood ontval is.
- g. Twee van sy dogters Annie en Sarie was met de Klerks getroud wat saam met Retief vermoor is. Sarie is later weer getroud met Frans Labuschagne.
- h. Opmerklik dat die twee predikante Murray en Neethling, asook die twee onderwysers Poen en Spruyt teenwoordig was met die eerste begrafnis op Lydenburg. Op sy grafsteen staan: Dit is die eerste graf in die kerkhof op Lydenburg.
- i. Ouderling Bothma en meer ander van Selonsrivier was op die dorp byeen vir nagmaal.
- j. Die mense het hierdie jaat op die dorp, in 'n skans gebly vanweë die moeilikhede met die kaffers. Die moontlikheid is dat Maré wat toentertyd op Rietfontein, in die ryk van Krokodilrivier gewoon het, ook vir die doel in die dorp was, of of vir nagmaal ingekom het en skielik oorled is.

IX.

Bylae III.Herinneringe van Andries Ngoanemusoa. (verkort)

Ek is 'n gebore Knopneus. My ouers is nie ver van Delagoabaai deur Mannikoos vernoor en hy het 'n hele klomp van ons kleingood saam met hom geneem. Toe die witnense in Ohrigstad kom het hulle 'n kommissie, bestaande uit Haná en Jacob Breytenbach, Gabriél en Adrian Stoltz, ou Jaap de Clercq, Spies en Hans Grobler, gestuur na Mannikoos. Die Kommissie vra aan Mannikoos of hy soos Dingaan en Moselekatse vir oorlog was. Hy sê toe dat hy 'n man was vir vrede, en as teken dat hy vir vrede was gee hy my en 'n klomp van die ander kleingood saam met die Boere. Ek weet nie hoe oud ek was nie. Ek het bokke opgepas. Ek het toe gaan woon by Ou Baas Koos Burger, (J.J.Burger, Sekretaris van die Volksraad) tot sy dood. (9 Mei 1849) Die Oubaas was 'n geleerde man. Ek het sy beeste opgepas. Hy was toe al oud en het nie meer gewerk nie. Hy is begrawe op sy plaas onderkant Ohrigstad. Ek ken die kinders goed. Koos was na die Oubaas se dood my baas. Dan was daar nog Dora, Schalk en Willem. Baas Koos was 'n goeie baas, maar baas Schalk was 'n bietjie kwaai.

Die Oubaas was baie ryk. Hy het baie bokke, skape en beeste gehad, en nie somaar beeste nie, mowwe, Afrikaanders en Soelas. Die skape was gewone Vetsterte. Daardie mense het nog goeie perde gehad. My Oubaas het nie baie baard gehad nie. Hy het ook partymaal vir die mense diensgehou.

Na my Oubaas se dood trek my baas Koos na Krokodilrivier toe. Sy swaer Servaas van Breda was saam. Dit geval hulle nie daar nie en hulle trek terug Krugerspos toe. Van Breda was getroud met Anna Burger. Later is hy terug Natal toe. Van die ou volk wat by Oubaas Koos gebly het was daar Flink, Augus, Regina, Joëlie en Karools.... maar die was ek self.

Baas Koos was getroud met Cornelia Joubert, 'n dogter van Ou Frans Joubert. Sy was 'n bietjie warm. Ou Frans het destyds op Rustplaats gewoon waar sy vrou dood is. Hy is later getroud met 'n weduwee Scheepers en getrek na Roos-Senekal. Daar

X.

het die ou se seun, die Kommandant van later nog by sy pa gewoone.

Die mense het 'n groot skans op Ohrigstad gebou omdat hulle bang was vir Mannikoos en Sekwati. Die kerk daar het nie klaar gekom nie. My baas het gewoon op Bruwelskloof. Ou Pieter Villiers het ook soontoe gekom. Ons het koring gesaai, Rooikoring, Dubbelaar, en Kleinkoring. Ons het ook lemoenbome geplant. Ek het nie eintlik met die boerdery gehelp nie. Ek was meesal in die werkwinkel waar ek die baas gehelp het met die houtsaery. Die baas was 'n skrynwerker. Ons het vaatjies en balies gemaak. My baas het ook waens gemaak, waens wat tot 30 sakke gedra het. Die baas het die houtwerk gedoen en dit dan na Ou Jan Muller, wat anderkant Karel Trichardt (Rosekrans) gewoon het, geneem om die die ysterwerk te doen.

Hier op Krugerspos, die plaas van Piet Kruger, (so genoem omdat die Krugers hier gewoon het) het ons ook 'n skans gebou. Ek het gehelp, as meneer sê die een wat toulei help ook. Ons het 'n rolwa van Piet Kruger gebruik. (wiele sonder speke en baie laag op die grond). Destyds was Sekwati opstandig. Op Lydenburg het die mense ook 'n skans gebou. Dit was naby die huis van Ou Bührmann, 'n Hollander wat 'n winkeltjie gehad het. Hier het ons ook 'n kerk gebou. Ek het baas Koos gehelp met die houtwerk. Die vensters, kosyne en deure van die kerk het hy gemaak. Poen en en Jacob Middell was nog twee Hollanders wat op Lydenburg gewoon het. Koos Burger en Piet Kruger was mense wat meulens gehad het. As die water sterk was het dit 4-5 sakke op 'n dag gemaak.

Die mense was baie plesierig in daardie dae. Hulle het baie gedans. Die Korander Andries en die baster Hendrik van Cornelis Potgieter, asook die basters Vaaltyn en Adam, was die musikante. Die mense het van Ohrigstad weggetrek om die groot siekte hulle daar so baie dood gemaak het. Ek kan nie reg onthou nie maar ek meen die Oubaas is ook aan die siekte dood. Ek en Brander van Piet Kruger het weggeloop na Sekwati se land. Baas Koos was op Lydenburg met 'n kerkgeleentheid. Hy moes daar

XI.

wees want hy was in die kerkdien. Sekwati se ma Ijoerinitjane, het my kos gegee. Ek het daar beste opgepas. Toe ek later terug is na my baas het die Ounooi Anna, baas Koos se ma, nog gelewe. Daardie dag het ek van die tafel af kos gekry. Cornelia is daar dood. Die baas is toe weer getroud met 'n weduwee, maar die mense was daarop teë. Die baas is dood op Ermelo. Abel Erasmus het later in sy huis gewoon. Wild was volop, Leeus, tiers, buffels, koedoes en baie ander. Die leeus het sonaar in die dag vee gevang. Eendag omtrent tienuur het die leeu 'n os van Piet Kruger met die naam van Kielhouer gevang. Die bure Willen en Koot Prens is geroep en die leeu is doodgeskiet.

Ons het baie kos gekry. Ons eet kaboe-nielies, melk en vleis. Vleis was volop en die melk kon ons nie haasraak nie. Daar was baie mense in die buurt van Krugerspos. Daar was Piet Kruger (dood in 1855) Jan Kruger, (sien Blylae) Daniel en Gys Meyer, Hans Swart, Hans en Jacob Breytenbach, Karel Trichardt, en ander. Die Burger-mense was nie mense wat met die wild omgegaan het nie. Hulle was nie woolige mense nie. Die Meyers, Jouberts en die Breytenbachts was die mense wat van die jag gehou het.

Buys was die kwaadstoker en die oorsaak van die moeilikhede met Sekwati en Potgieter. Met die oorlog tussen die Boere en Melietie het Sekwati vir die Boeree gehelp. Doers Buys was 'n dik baster. Hy het gewoon by David Joubert aan Treurrivier. Hy het 'n hele klomp vrouens gehad. Sy broers was Michal en Tom Buys. Hy was kwaad vir Sekwati omdat die nie sy dogter vir hom vir 'n vrou wou gee nie. Sekwati was 'n groot kaffer en baie gewild by sy mense. Doers Buys, David Joubert en Jacob de Villiers lê begrawe aan Treurrivier. Schalk en Willem Noethling was twee broers. Hulle vader lê begrawe aan Blyderivier. Silkaat het die Mapogers lelik uitgeroei. Mannikoos het die Bapedi aangeval tot aan die Steelpoort. Sekwati het toe pad gegee na Blouberg se kant toe. Toe die witmense by Ohrigstad uitkom was daar nie kaffers nie.

XII.

Bylae IV.

Geraadpleegde Deponente.

(Hierdie verkorte onderhoude is sover moontlik getoets)

1. Matthinus Jacobus Oosthuizen. (gebore 19 Des. 1843)

....." gebore op Wagendrif, nou Escourt en was ontrent 8 jaar oud toe my mense Ohrigstad-toe getrek het. Ouma Johanna Magd. Rudolph, gebore Meyer, is daar in 1848 dood aan die koors. Sarel Viljoen het die mense begrawe. Oupa Gerhardus Rudolph was een van die lede van die Natal se Kommissie na Delagoabaai in 1843. Van Ohrigstad af trek hy weer terug Natal-toe. Bührmann het ek goed geken; hy het vir homself gewerk en sy sakke gevul...."

2. Lukas Salomon Potgieter. (gebore in 1855, jongste seun van Cornelis Potgieter, in lewe landdros van Lydenburg.)

....." Ek gaan skool by Meester Hendrikse. die was getroud met Cornelia Burger, 'n dogter van Koos Burger. Die ou Kerkie op Lydenburg wat vandag nog daar staan, was die ou skool. C.Potgieter woon oorkant die Toegela aan Onderbroekspruit. Hy trek saam met die Krugers na Ohrigstad. Hy het vry slawe, Permit, Sesar en drie meide, Alida, Roos, en Eva gehad. Die Stoltze was groot jagters. Gideon Joubert, (Boute) en Chris Fourie het die pad oor Carolina na Natal aangelê. C.Potgieter het deelgeneem aan die slag van Bloedrivier. Hy was baie van die huis af, eenkeer tot ses maande... Bührmann was 'n rusiemaker en prokureur. Hy leen geld aan die mense en kry grond. ..Ek het hom baie min in die kerk gesien....."

3. David Johannes Kruger. (Gebore 17 Mei 1850 te Colesberg)

... "Ek is 'n seun van Kort Jan Kruger, jare lank Heemraad van Lydenburg... My ouers was Kaapkolonie-toe en met die geleentheid is ek daar gebore. Hulle ry Jaap se Hoogte (Boshhoek) uit, oor Potspruit, Steenkampsberg en Lagersdrif. Ouma Badenhorst was nog in die Kolonie. Ons het ses maande weggebly. My ouers het gewoon op Potloodspruit, in 'n paalhuis. Ons was twaalf kinders. Joubert se mense op Ohrigstad het 'n kanon gehad..."

XIII.

4. Johanna Elizabeth Potgieter, (gebore Dreyer, op 25 Julie 1844)
..." Ek was getroud met Johannes Potgieter, 'n seun van Cornelis Potgieter van Lydenburg. Ek is 'n dogter van Johannes Philippus Dreyer. Die nense het met drie waen gery tot op Lebomboberg toe hulle Jacob Middell en die drie skoolmeesters gaan haal het. Baai-toe en terug tot op die berg moes hulle die goed laat dra deur die kaffers. Oupa Dreyer het agter Potgieter aan getrek. Hy is dood op Elandspruit. Ouma trek^{met} 3 skoonseuns en seuns verder. My vader was ook op Kommando toe Dreyer in 1848 doodgeskiet is. My vader is in 1840 te Uitenhage getroud...In 1861 is ons na Soutpansberg. Ons is die Olifantrivier deur by Malipsdrif..."

5. J.J.Breytenbach. (gebore 22 Februarie 1864)

..." My vader was J.H.Breytenbach. My oudste broer was Izak. (Sien Voortrekkermense dl. III, bl. 86) Jacob Middell se eerste vrou lê begrawe op Rustplaats, waar hy 'n erf gehad het van vier morge. Hans Swart ruil 8 morge van Vlakfontein van my pa vir die helfte van Rooikrans, omdat hy nie die belasting van 2/6 wou betaal nie. My oudste broer Izak was ook onder die wapen op Ohrigstad. Hy was aan Burger se kant. Hulle skiet om mekaar bang te maak. My ouers woon 30 jaar op Vlakfontein, (naby Krugerspos) sonder ooit koors te kry. Hulle help die mense op Ohrigstad begrawe Vlakfontein is in 1847 vir Rds 1000 gekoop en in 1882 vir £1,000 verkoop...."

6. Piet Burger. Agter-kleinkind van J.J.Burger.)

..." Van Breda was 'n swaer van Oupa. Hy en Prinsloo was kwaad-doenerig in Durban en is volvry verklaar. Die Volkeraad weier toestemming vir Potgieter om Soutpansberg-toe te trek. Tydens die moeilikhede het W.F.Joubert op Rustplaats gewoon. ..Potgieter vertoef 'n ruk lank op Derdegelid aan Steelpoort. Burger het vier kinders gehad, Schalk, Koos en twee dogters, een getroud met Breda en een met Coetzee... Burger se broer Schalk is na Holland en van daar na Jawa waar hy gesneuwel het...."

XIV.

7. Jacob J. Kruger. (broer van No. 3. gebore op 30 Nov. 1854.)

...." Oom Piet Kruger was baie handig om gereers reg te maak. My vader help bakens opstel tussen Boere en Umswaas. Hy het effens Boesman-taal gepraat. In 1861 stuur Umswaas vir hom 'n klein kaffertjie... Die Swasies het baie van hom gedink..Jan de Beer, Jacob Malan en my vader is gestuur na Umswaas. Toe die beste geruil is, het my vader vir Umswaas 'n bul gestuur...."

8. Johanna Mutinkoloe(Grootboom) Clercqsvlei. 14/10/'39.

...." Ek is 'n Mambaaier; my ouers is in die nabyheid, waar Sabie vandag is, deur die Kaalkaffers vermoor. Ek was omtrent sewe jaar oud toe die kaffers my na die witnense gebring het. Jacob de Clercq van Lydenburg het my ingeboek vir homself. Jacob de Clercq van Klerksdorp, my baas se pa, het toe op Lagersdrif gewoon. Du Plooy, van Waterval, 'n swaer van Ou Jacob het gereeld boekegevat; hy het my geleen om kinders op te pas. Die de Clercq was opgeruimde mense. My baas was getroud met 'n dogter van Stephanus van Rensburg. Die van Rensburgs was mooi mense. My baas het Meester Hendrikse gaan haal in Natal. My baas was baie sieklik, hy het gely aan borskwaal...."

9. Ander persone gesprek.

- a. David Joubert, kleinseun van W.F. Joubert, nog op die ou plaas Doornkop, naby Belfast. Die murasie van Ou W.F. se woning is nog te sien.
- b. Jan de Beer, kleinkind van Veldkornet J.M.de Beer van Lydenburg.
- c. 'n Dogter van Sekwati. (Sekwati het 40 vrouens gehad)
- d. Meneer en mevrou Cornelis Potgieter van Machadodorp, kleinkinders van Cornelis Potgieter. Van hulle die portrette gekry van Bührmann en C.Potgieter.
- e. Mevrou N.Smit van Carolina, kleindogter van Jacob de Clercq.

